2008:2

# MATIE LAND



# OUR PARALYMPIC CHAMPIONS

READ *MATIELAND* IN ENGLISH AT WWW.MATIESALUMNI.NET

contents

# inhoud













**OP DIE VOORBLAD:**

Maties se Paralimpiese helde.
Lees meer op bl 10.

Maties' Paralympic heroes. Read the article on pg 10. An English translation is available at www.matiesalumni.net

Foto/Photo: Anton Jordaan, SSFD

*"Stellenbosch is, en bly 'n buitengewone universiteit."*

*Dr Frederik van Zyl Slabbert, Kanselier*


**REDAKSIONEEL**EDITORIAL 2

**BRIEWE**LETTERS 3

**BROKKIES**SNIPPETS 6

**ARTIKELS**ARTICLES

Maties behaal Paralimpiese sukses 10
US-Koor beleef droomjaar 12
SU acknowledges excellence in Community Interaction 14
Passie vir landbou dryfkrag van nuwe Dekaan van AgriWetenskappe 16
US se nuwe kanselier word ingehuldig 17
Prof Piet tree uit 18
Mediese biochemikus is nuwe Senior Direkteur: Navorsing en Innovering 18
Navorsingsbrokkies 19
Is Stellenbosch een van die Top 500 universiteite in die wêreld? 20
International Office celebrates 15 years of service 22
Universiteit Stellenbosch: 90 jaar. Wanneer vier mens fees? 23
WAT koester Afrikaans 24
Saldanha students in Service of South Africa 25

**FAKULTEITE**FACULTIES

International honours for SU researcher 26
Urologists first among peers 26
Unieke diens vir dieetkundiges bekendgestel 26
Groundbreaking HIV/vaccine development 27
Polymer pioneer retires (almost) 28
Kurper nou SA se eie biowaarskuwer 29
First meeting in Africa for vegetation scientists 29
Postgraduate course boosts biomaths 29
Ma, ek wil Bosbou swot 30
Prof Wally word lid van Amerikaanse Akademie vir Wetenskap 31
Departement Joernalistiek vier 30 jaar 32
Taalsentrum dien gemeenskap met slypskole 33
USB and USB-Ed rated highly both locally and abroad 34
Gesogte SAIBW-erelidmaatskap aan Matie-professor toegeken 35

**ALLERLEI**MISCELLANEOUS

Facebook anonymous 36
Lank leef Victoria! 37

**KONVOKASIE**CONVOCATION 38

**MATIES**ALUMNI 39

**SPORT** 45

**IN MEMORIAM** 46

**AGTERBLAD** 48



# **redakteurs**brief

## LOS OUMA SE HANDSAK UIT!

My oudste seuntjie kon skaars loop toe ek hom vang waar hy in sy ouma (my ma) se handsak sit en krap. Ek wou nog raas maar toe keer ouma my en meen dis nie stout nie, hy is eintlik net baie ondersoekend. Verbeel jou! Laat ek dit nou gewaag het om as klein seuntjie in haar handsak te sit en grawe! Dis mos nou hoe oupas en oumas is: hulle kleinkinders is die slimste en soetste kleinkinders wat nog ooit die aarde bewandel het.




Soos 'n ouma oor 'n kleinkind, so voel ek oor *Matieland*! By die jaarlikse MACE (voorheen bekend as Unitech) Excellence Awards het *Matieland* in die kategorie vir Eksterne Publikasies met die eerste plek weggestap – en dit voor die neuse van verskeie ander universiteite!

MACE (Marketing, Advancement and Communication in Education) is 'n sambreel-organisasie vir bemarking-, kommunikasie-, fondswerwing-, studentewerwing- en alumni-praktisyns in hoër en verdere onderwys en opleiding in Suider-Afrika.

Jou *alma mater* het ook vier ander eerste plekke behaal – die meeste deur enige universiteit. Dit sluit in die *2007 Jaarverslag* in die Jaarverslag-kategorie (me Susan van der Merwe van die Afdeling Kommunikasie en Skakeling en me Willemien Klinger van die Taalsentrum), die *Voorgraadse Prospektus* in die kategorie vir Eksterne Publikasies - Brosjures en Bemarkingsmateriaal (me Mattie van der Merwe van die Afdeling Kommunikasie en Skakeling) en die *Boschtelegram* – in die kategorie vir Elektroniese Kommunikasie - Elektroniese Nuusbriewe (me Lize Esterhuizen, me Liezl Scholtz en me Alida Louw-Joubert). Die Maties Opedag het 'n eerste plek in die kategorie Veldtogte: Spesiale Geleenthede gewen – me Lorna Bartlett van die Sentrum vir Voornemende Studente het die projek ingeskryf.

Die toekennings is in Oktober tydens die jaarlikse MACE-konferensie, wat hierdie jaar deur Boland Kollege georganiseer was, by 'n gala-dinee in Stellenbosch oorhandig.

### Jou terugvoer

*Matieland* se sukses hang egter baie van sy lesers af. Jou terugvoer is *Matieland* se suurstof! So laat weet ons wat krap, wat werk en wat liefs maar gelos moet word. Ja, die idee van Soen in die Laan was nie almal se idee van studentepret nie. Hoe dit ook al sy, as MatiesAlumni praat, dan luister ons graag.



### *Matieland* via e-pos?

In die vorige uitgawe het ons genoem dat ons tans ernstig besin oor *Matieland* se kostes. Die tydskrif word gestuur aan oor die 90 000 adresse en kos 'n raps oor 'n miljoen Rand per uitgawe! Daar is reeds universiteite wat 'n inskrywingsfooi vra vir hul alumni-blaaie. Sou jy, argumentsonthalwe R50 per jaar betaal vir *Matieland*? Of wat daarvan as jy *Matieland* via e-pos ontvang? Hieroor het ons jóú mening nodig.

Lekker lees!

Martin Viljoen

**Iets op die hart? Skryf aan my by Matieland-tydskrif, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602. Briewe kan ook gefaks word na (021) 808 3800 of per e-pos gestuur word na media@sun.ac.za**

Die Universiteit se oudstudente en donateurs ontvang *Matieland* gratis.

**REDAKTEUR**
Martin Viljoen

**REDAKSIEKANTOOR**
Kommunikasie en Skakeling
Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak XI
Matieland 7602
Tel (021) 808 4921
Faks (021) 808 3800,
E-pos: media@sun.ac.za

**SIRKULASIE**
Malena Fourie
Stellenbosch Stigting
Privaat Sak XI
Matieland 7602
Tel. (021) 808 4843
Faks (021) 808 3026
E-pos: alumni@sun.ac.za

Gepubliseer sedert 1957
Jaargang 51 02:2008
ISSN 0025 5947

**ONTWERP EN UITLEG**
Lizanne Murison
Out of the Blue Creative
Communication Solutions
Tel. (021) 947 3508
www.outoftheblue.co.za

**DRUK**
Paarl Print

*Matieland* is mailed free of charge to the University's alumni and donors.

**EDITOR**
Martin Viljoen

**EDITORIAL OFFICE**
Communication and Liaison
Private Bag XI
Stellenbosch University
Matieland 7602
Tel (021) 808 4921
Fax (021) 808 3800
E-mail: media@sun.ac.za

**CIRCULATION**
Malena Fourie
Stellenbosch Foundation
Private Bag XI
Matieland 7602
Tel (021) 808-4843
Fax (021) 808-3026
E-mail: alumni@sun.ac.za

Published since 1957
Year 51 02:2008
ISSN 0025 5947

**DESIGN AND LAYOUT**
Lizanne Murison
Out of the Blue Creative
Communication Solutions
Tel. (021) 947 3508
www.outoftheblue.co.za

**PRINTING**
Paarl Print

Menings uitgespreek in *Matieland* is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.

Viewpoints expressed in *Matieland* are not necessarily that of the editor or Stellenbosch University.



## *MATIELAND* BIED ROER- EN ONTHOU-DINGE

**Marzith Moolman, Faerie Glen**


Met my *Matieland* vars uit die posbus, sak ek in die Pretoria winterson op my bank neer. Ek blaai-lees en binne minute is ek op die Bos! (stuur 'n 'mamma-verlang-nou-Stellenbosch-toe' sms aan ons twee studentekinders).

Ek kyk die Laan-foto middeldeur. (Bravo SR met 'n uitstekende projek!). Ek geniet die foto van Helshoogte se wenvlot. (Ons seun se HK-projek). Ek sien die mooie Victoriastraat met sy blare tapyt. Ek herken 'n vriendin se dogter op 'n foto! Ek lees van die Helshoogte-reünie (waarheen ons gaan). Ek voel trots as ek lees wat alles op Matieland gebeur!

En toe lees ek die redakteursbrief, ek's dadelik benoud/onrustig/ontevrede/bekommerd. Nee, asseblief nie! Ons wil ons *Matieland* hê! (Ek sal 'n 'tantrum' van 'n tweejarige gooi as dit moet). Dis kosbaar, onontbeerlik, baie spesiaal - dis hartskos!

Ons wil uit jul omgee-penne die Matie-stories hoor, nie deur ongevoelige koerantjoernaliste nie. *Matieland* laat ons onthou, hou ons lojaal en in voeling met ons geliefde Alma Mater. Hier lees ons raak-dinge, roer-dinge, onthou-dinge!

"Agterblad" was tonekrullekker!



## HOU AAN *MATIELAND* STUUR!

**Horatius Wilhemij, Busselton, Australië.**

In verband met die versoek om bevestiging van aanhou van aanstuur van die *Matieland* tydskrif vra ek dat jul tog maar moet aanhou met stuur. Dit is beslis insiggewend en aangenaam om op hoogte te bly hoe die Stellenbosch Universiteit so goed gehandhaaf word.

## BAIE GELUK AAN DIE JUDOKLUB!

**Roline Wassenaar, Kuilsrivier**

Ek was lid van die eerste damesspan ooit wat aan intervarsity en ook later aan die inter-universitêre toernooi deelgeneem het. Sal ek ooit die berig in die destydse Landstem vergeet! Dit het gelui: "Wolwe pasop vir die asters! Staal bruis in hulle are!" Dit was erg om daarna by die klomp ingenieurstudente verby te loop op pad klas toe en hulle aanmerkings te hoor - sit hulle deesdae nog daar voor die gebou tussen klasse?

Ek onthou dat ons in 'n hotel in Kaapstad tuisgegaan het tydens die toernooi, en na 'n aandkompetisie wou ons darem sien hoe 'n nagklub van binne lyk. Hulle wou egter nie die mans sonder baadjies toelaat nie, en op ons beurt het ons nie kans gesien dat enigiemand met 'n Matiebaadjie by 'n nagklub ingaan nie, met die gevolg dat ons mooi onskuldige studente gebly het!

Ons het die Ikeys sommer lekker geklop en die beste van alles is dat ons nie 'n afrigter gehad het nie. Senior judokas (Piet Erasmus, Paul Roos, Nico de Koker, Kallie Kirsten) het ons gehelp - die boek het op die bankie gelê en daar is kort-kort daarin gekyk en dan raad gegee. Ons moes een aand 'n selfverdedigingsvertoning by Coetzenburg gee. Kallie Kirsten sou my aanval (met 'n rubbermes, het hy my verseker!) en dan moes ek hom natuurlik teenstaan. Toe ons die aand daar opdaag, het my hart amper gaan staan toe ek die regte mes in die lig sien blink! Nietemin, alles het goed afgeloop, seker maar oor Kallie se ernstige samewerking want my senuwees was nie so goed met daardie mes in gedagte nie.

Alle voorspoed aan die judoklub.

## MAN VAN STAAL LAAT MENS TERUGDINK

**Andries Philander, Eersterivier**

Vreeslik dankie vir *Matieland*. As oud-student voel ek bevoorreg om op die wyse kontak te behou met die Universiteit. Ek is 'n leser van formaat en geniet elke artikel.

Ontwikkelings en vordering dui op totale verandering in ons samelewing en sy kaleidoskoop van omwenteling vir 'n beter môre.

Die "man van staal" berig laat 'n mens terug dink aan jou fiere jeug en die nostalgie van lewe. Dit bring die denke tot beweging met Spiderman, Superman, Man van Intersek en Zorro. Kinderpartytjie staaltjies roep kindwees tot sy reg met pa en al.

In die grootmens wêreld soos prof Nico Koopman sal sê (met nostalgie en dikstem): "Oom Dries nou raak ons groot manne, hoor?"

## Skryf en wen!

Marzith Moolman van Faerie Glen het hierdie keer se wenbrief geskryf. Hou die pos dop vir 'n Matie-kombersie en 'n pragboek. Die Matie-kombersie is met die komplimente van die Matiewinkel (Sien www.matie-e-winkel vir meer inligting of skakel 021 886 8853 of stuur e-pos na matiewinkel@adept.co.za.)




*Tweede Refleksie - 'n Keur uit die denke van Johan Degenaar*, bied 'n keur uit die werk van Johan Degenaar, 'n uitsonderlike mens en denker, wat tereg erkenning geniet as een van die invloedrykste Suid-Afrikaanse filosowe van sy generasie. Dit word geskenk met die komplimente van AFRICAN SUN MeDIA, geïntegreerde inhoudsbestuurder en spesialis-verskaffer van uitgewers- en drukdienste vir hoër onderwys en die privaatsektor. (Kontak Justa Niemand by tel 021 808 2401, of per e-pos by africansunmedia@sun.ac.za of sien www.africansunmedia.co.za en die webwinkel by www.sun-e-shop.co.za).

Illustrasie: Robert Schultheiss (Out of the Blue)

## DIS HOEKOM EK *MATIELAND* SO GENIET!

**René Basson van Greenside, Johannesburg**

Ek geniet die *Matieland* baie om verskeie redes. Eerstens is ek self 'n lektor, maar het besluit om 'n "sabbatical" te vat om eers my kinders tot skoolgaande ouderdom groot te maak. Dus voel ek ver verwyderd van die akademie, maar die artikels in die *Matieland* hou my in pas met wat tans aangaan in die akademie. Tweedens bly ek nou al 'n geruime tyd in die Noorde, eers die Vrystaat, toe Noordwes en nou Gauteng. Die gevoel van die *Matieland* is nog eg Kaaps en bied altyd 'n welkome ontvlugting.

## Soenery is goedkoop!

**Mev Adele Steun, Bloemfontein**

Toe ek na die massa-soenery op TV kyk was my eerste gedagte: Hoe goedkoop kan mense nog word – en dit by my *alma mater!*

Wie hierdie afstootlike gedagte uitgedink het weet ek nie – maar dat so iets liefde en vrede kan bewerkstellig is belaglik. Omgee vir mekaar en deernis teenoor alle groepe het niks met 'n fisiese klouery te doen nie.

Ek was hartseer om in *Matieland* te sien dat die gedagte is dat dit elke jaar gaan plaasvind.

## FOTO'S UIT JARE GELEDE!

**Mev Nicoline Roux (gebore van Schalkwyk), Stellenbosch**

Vir die eerste maal nadat ek universiteit en Stellenbosch in 1950 verlaat het, kon ek weer die jool vanjaar bywoon. Dit was vir my nogal 'n aangename belewenis met nostalgiese herinneringe aan ons Lentejool van 1948 (foto 1). Dit het daardie tyd saamgeval met lentetyd in September - vandaar die bytjies en blommetjies. Ek sal myself as een van die "perform"-bye liewer nie identifiseer nie.

Ons het ook gaan joolblaaie verkoop in Grabouw en Hermanus - nooit gedink dat ek nog eendag as eggenote en moeder van vier vir 52 jaar in Grabouw sou woon nie!

Foto 2 is bo-op Sir Lowry's pas geneem. Op dié foto is ek regs -voor en mev Anna Brink (gebore du Plooy) links-agter. Dit sal interessant wees om te hoor wie was die ander studente.



1



2



3

Die foto van die twee jong dames gekleed in die "New Look" met die Matie baadjies aan (foto 3) is regs mev Magda J. van Rensburg (gebore Jackson) en ekself. Dit is in Adderleystraat, Kaapstad geneem. Daardie jare was ons nie toegelaat om ons Matie baadjies op die kampus te dra nie; slegs met spesiale sportgeleenthede!

Ja, en was dit 'n kuns om daardie "New LOOK" rokke uit die speke van die fiets se wiele te hou wanneer die Stellenbosch reën uitsak; om van die stywe onderrokke (wanneer ons dit ook soms aangetrek het) nie te praat nie!

Maar! Toe ek die damesstudente se kortbroekies as klasdrag in die somer vanjaar so sien - toe is ek maar dankbaar vir ons elegante ongemaklike "New Look".

*(Mev Nicoloine Roux vra dat as daar mense is wat hul hulself herken op die foto's hulle asb moet kontak maak met die Alumni-kantoor. Brief verkort. Red).*



## DIS 'N EEG EN NIE 'N EKG!

**Elsbert Meyer, Oudtshoorn**

Ek skryf na aanleiding van Maureen du Plooy se brief in die vorige uitgawe: "Toe vat die Prof aan my hand". Ek is self 'n oud-student ('n mansstudent en kan dus nie saampraat nie) van wyle prof AB van der Merwe, hoewel 'n paar jaar me Du Plooy se senior. Ek wil net op een glipsie wys. Die handvattery het haar duidelik ontstel. Die apparaat wat hy gedemonstreer het, was waarskynlik 'n EEG (Elektro Enkefalogram) masjien wat die breingolwe meet. 'n Elektro Kardiogram (EKG) soos sy dit noem, meet die hartritme. Miskien was haar hart ook in die saak betrokke!

Dat dr AB, soos ons hom genoem het, 'n aantreklike man was, is seker. Ons het geglo dat al die eerstejaarsmeisies 'n foto van hom in hulle sakke gedra het. Meegaande foto, uit 'n derdejaar damestudent van die tyd se sak, wys hom in aksie voor 'n derdejaarsklas in 1961.

## 1953 SE TOER NA DIE ZIMBABWE RUÏNES

**Dr Victor Dercksen, Graaff-Reinet**

Op 30 Junie 1953 vertrek ons groep van ongeveer 30 Matie studente onder aanvoering van ons Volkekunde professore JP Bruwer en G Schüler per trein vanaf Stellenbosch. Die mikpunt was die Zimbabwe Ruïnes in die destydse Rhodesië. Sover ek kan onthou was enkele toerlede Barry de Vos, Janette Visser, Piet Marais, Annatjie van der Merwe, Maat Bekker, Frikkie van Zyl, Nicol van der Merwe, Babs van Heerden, Andre Müller, Pieter Conradie, Eva Giessler, Nicolaas de Bois en June Wessels. Op Potchefstroom het Petro Olivier afgeklim.

Ons was in vervoering en betowerd by die aanskouing van die ongeveer 1 000 jare oue Zimbabwe Ruïnes.

Professor Bruwer, kenner van die Ruïnes, het ons groep op 'n maanverligte aand ingewy in die geheimenisse en magiese versluierdheid van die herkoms van die bouers. Sy besonderse vertelstyl het ons erg benoud laat voel in die donder gange.

'n Paar van ons het vroeër besluit om onder wit lakens in die gange weg te kruip en dan op kritieke stadium van die vertelling amok te maak. Die professor was nie geamuseerd nie en het ons betig as ons sou die geeste versteur het!

Ons jonges het terdeë ons eerste kennismaking met die buiteland geniet. *(Brief verkort. Red.)*

## MATIELAND SE KOSTES

**Me CEJ Visser, Calvinia**

Geluk met die beriggewing van baie en (veral goeie) nuus uit Matieland in *Matieland*! Dankie vir deurgaans hoë standaard en goeie taalversorging (en ook sommer dank dat die streng akademiese inligting ons as boere-mense gespaar word!)

Rakende julle probleem met toenemende kostes aan die blad: Ek stel voor dat jul maar eers die durabele glanstipe papier laat gaan en te midde daarvan steeds die inhoud tops hou. (Heelwat tydskrifte gebruik 'n heelwat dunner tipe glansblad wat ek glo die eerste koste-inkorting sal kan meebring).

Tog wil ek u verseker dat al sou Matieland-nuus mettertyd op koerantpapier hier aankom, ek glo dit steeds die spogblad van my *alma mater* sal bly – die vertoonvenster en nostalgie-opwekker wat dit vir alumni is!

## PLAASJAPIE SE *sikspenswonderwerk*

**Roelf Lombard, Wingatepark**

Ek het in 1949 as 'n regte plaasjapie met min sakgeld op Stellenbosch gekom. Ek was 'n alleenmens, het nie maklik vriende gemaak nie en min uitgegaan. Een Saterdag het ek 'n dame van die onderwyskollege gevra om die middag saam met my na die inter-universitêre atletiek te gaan kyk.

Ek het sewe sjielings en ses pennies (75 sent) besit. Die toegang by Coetzenburg was drie sjielings vir ons twee. By die ingang van die pawiljoen het ek met 'n skok verneem dat ek daar nog vyf sjielings moes betaal. Ek was in 'n groot verleentheid en te skaam om vir die dame te sê dat ek nie genoeg geld het nie.

Toe dit amper my beurt was om te betaal, het ek moedeloos my hande in my baadjiesakke gesteek. In een sak het ek 'n muntstuk gevoel. Dit was 'n sikspens! Dit het my uit my verknorsing gered, maar ek het nie geld gehad om vir die dame 'n koeldrank te koop nie en was te skaam om dit vir haar te sê.

Omdat my sakgeld min was, het ek van elke pennie geweet. Daardie sikspens was beslis nie tevore in my sak nie. Die enigste verklaring wat ek het, is dat die Here 'n engel gestuur het om dit daar te sit. Ek gee aan Hom al die eer. Dit was sy sikspenswonderwerk!

## *MATIELAND* SE BAADJIE

**Suzon Fourie, Parys**

Ek is so verras met die nuwe baadjie van *Matieland* en sal dit graag nog in die toekoms wil ontvang.

## *Matieland bring goeie herinneringe*

**Dr Gerrit Viljoen, Zeerust**

Baie dankie vir *Matieland*. Dit was weereens lekker om dit te lees en om ou herinneringe op te roep.

Geluk ook met die voorblad en artikel van Fiona van Kerwel. Dit was goed om te lees hoe sy ten spyte van moeilike kinderjare tog opgestaan het en spesifiek hoe sy haar aan die US kon bekwaam en haar opleiding gebruik in die Woordfees Open Wêrelde.

Die artikel oor die Landbou Fakulteit het my ook weereens laat trots voel dat ek ook daar studeer het en hoe ons landbouers hul plek in die boerdery kon volstaan. Op 'n stadium was dit hoofsaaklik Oud-Maties wat in die vernaamste poste van die Departement Landbou gedien het.

My gedagte gaan ook terug na oom Pietie le Roux se Boereorkes waarin ek vir 16 jaar die trekklavier gespeel het. Dit was 'n groot orkes en elke keer wanneer iemand benodig was het ons van heinde en verre gekom om te gaan saam speel. Ek dink op 'n stadium was ons 12 trekklaviere om nie eens van die kitare en ander instrumente te praat nie. Dit was nie 'n dansorkes nie, maar het ons geld ingesamel vir die Reddingsdaadbond. Hierdie geld is later oorgeplaas na 'n ander fonds en kon my kleindogter wat tans tweede jaar medies is, ook uit daardie fonds geholpe raak by wyse van 'n lening.

Laastens was ek ook vir 'n paar jaar die begeleier by die Volkspele Laer waar wyle ds Lukas Theron die leier was. Dit was elke Vrydagaand 'n heerlike samekoms in die ou Joklsaal. Ek wonder of die Laer nog bestaan en ons Afrikaanse volkssang nog gehoor word.

## DANKIE VIR 'N WONDERLIKE SONOP REÜNIE

**Me Engela Coetzee, Pretoria**

Dit was 'n heerlike sonskyndag toe Sonop Dameskoshuis se feesnaweek van 12 tot 14 September 2008 uiteindelik aangebreek het. Groot opgewondenheid het die atmosfeer rondom die gerestoureerde oude dame gevul en uitroepe van blye weersiens het deur die rustige omgewing geklief. Sonop het met 'n pragtige nuwe baadjie of is dit nou rok, gedartel in die koel lentebriesie.

Dit is nie aldag dat daar 'n sewentigste verjaarsdag gevier word nie! Voor die koshuis het die nuutaangeplante populierbome met hul eerste fyn blaartjies gespog en die splinternuwe houtbankies in die tuin het uitnodigend gewink. Die interessante nuwe hortjies voor die koshuis se vensters het vriendelik geknipoog en menige jong dame sou onmoontlik die nuwe aansig van hierdie tradisieryke ou koshuis kon weerstaan.

Die Vrydagaand-geselligheid sou binnekort begin. Die voorportaal was lieflik met blomme getooi en binne het "Die Keteltjie" se tafels onder heerlike eetgoed gekreun. Interessante onthullings is deur die verskillende primarii onder groot gelag verklap! Wat 'n fees was dit nie!

Saterdagoggend het ongeveer tweehonderd dames in die ruim eetsaal laer getrek en weereens het die pragtig versierde tafels en verdere vertellings van weleer die siel verryk. Die eetgoed was smaaklik en spoggerig.

Ek was skielik weer jonk en het stemme uit die verre verlede hoor opklink. Dit was die sestigerjare en die eerstejaars moes nog telefoondiens doen. Ons mag ook nie langbroeke gedra het nie en ek onthou hoe koud ons by die Bainskloofkampe gekry het! Die volk moes rokkies dra, koud of te not.

En die Sangfeeste! Dit was onmisbaar lekker. Daar was so baie om te onthou. So baie besluite wat geneem moes word. Ons het soveel wysheid kortgekom!

Wat 'n wonderlike voorreg was dit nie om 'n tydperk van jou lewe op Stellenbosch te kon deurbring!

Geniet die jare as Matiestudent en ek hoop my kleindogters sal ook die voorreg hê om 'n Matie te word en om in ons vriendin Sonop tuis te gaan! *(Sien artikel op bl 43.)*

## My verbintenis met Stellenbosch

**Me Leta Morkel, Greenhills**

Ek wil vertel van my hegte en unieke verbintenis met die US, my *alma mater*. Ek is Aletta Roux Morkel gebore van Rhyn (noemnaam Leta) en was 'n student vanaf 1944 tot einde 1946 (BA 1945 (Afrikaanse en Duits).

My suster, Mariechen Naudé (gebore van Rhyn) was 'n student van 1937 tot einde 1940 (BA, HOD).

My seun, Cyril Albertus, was in Wilgenhof in 1970 en slaag buitemuurs B.Juris.

My vader, Albertus Johannes Roux van Rhyn (BA 1912 en MA 1913) het later sy doktorsgraad in Skeikunde in Frankfurt, Duitsland verwerf. Hy was later skoolprinsipaal in Calvinia; koerant hoofredakteur (*Die Volksblad*); parlementslid en kabinetsminister en ook Hoë-Kommissaris in Londen, 1959 - 1961. Hy het by die ou Victoria College studeer.

My moeder, Helene van Rhyn (gebore de Villiers) was ook 'n student op Victoria College (BA 1912). Ek het 'n portret waarop my ouers langs mekaar met hul togas en kopstukke sit soos nou nog op plegtighede gedra word.

My moeder het twee boeke geskryf. *Hugenote Bloed* is voorgeskryf vir Std 8 Laergraad tale. Terloops daar was in daardie jaar net 14 studente wat BA grade verwerf het - en net twee dames. BA het destyds het BSc ook ingesluit.

My eggenoot, wyle Pieter Morkel, was 'n student vanaf 1943 tot middel 1947. Hy behaal ook sy BA en later sy MA en doktorsgraad in Industriële Sielkunde aan die US. Sy tesis was gemonitor deur die destydse prof PA Theron. Die graad het hy in Desember 1963 in die Stellenbosch Stadsaal ontvang - 'n trotse oomblik vir my.

Verskoon my handskrif, ek word in September 82. Ek onthou nog soos gister my drie jaar in Huis de Villiers. Dit was van die gelukkigste jare van my lewe in die pragtige Eikestad.





# Studente **brou** bierprys los

Vyf ontluikende Matie-bierbrouers het uitstekend gevaar in die eerste interuniversitêre bierbroukompetisie ter wêreld wat in Augustus in Durban en Pietermaritzburg gehou is. Ses universiteite het mekaar die stryd aangesê met die Tukkies wat as algehele wenners aangewys is.

Die Maties was naaswenners in die lagerkategorie met hul Acorn Black Lager. Hulle het ook die prys vir die beste aanbieding ontvang.

Die inisiatief vir hul deelname kom van Eben Uys, 'n MScIng-student en spanleier van die Maties. Hy het 'n mini-bierbrouery as deel van sy finalejaarprojek in 2006 ontwerp en dit met die finansiering van die Suid-Afrikaanse Brouery (SAB) gebou. Die bierbrou-gogga het nou behoorlik gebyt en daar word beplan om die Acorn Brewery Society op die been te bring. Die doel van dié genootskap is om 'n bierbrou-kultuur te vestig en lede die kuns van biermaak onder die voorsitterskap van dr Eugene van Rensburg, 'n nadoktorale genoot by Prosesingenieurswese, te leer. Die vereniging sal ook met ander universiteite saamwerk.

Die kompetisie is geborg deur die SAB, die Instituut vir Brouery en Distillering en die FoodBev Seta. Beoordeling is gedoen deur meester-brouers en bierproekenners.

*Op die foto onder: Die Matie-bierbrouspan, wat uitstekend gevaar het in die interuniversitêre mini-bierbroukompetisie, is van links Dewald Terblanche, 'n finalejaarstudent in Prosesingenieurswese; Herbert Kleynhans, 'n tegniese assistent by Prosesingenieurswese; dr Eugene van Rensburg, 'n nadoktorale genoot by Prosesingenieurswese; Lourens de Wet, 'n navorser by die US-proefplaas en Eben Uys, spanleier en MScIng-student.*









# *Groot* musiekprys vir jong pianis

Esthea Kruger (22), 'n student in die Departement Musiek, is in September as die algehele wenner van 'n nasionale klassiekemusiekkompetisie, ATKV-Muziq, aangewys.

ATKV-Muziq is een van Suider-Afrika se grootste en mees toonaangewende klassiekemusiek-kompetisies. Dit is vir jong volwasse musici in die ouderdomsgroep 16 tot 27 jaar en vir sangers tot en met 30 jaar. Prysgeld van altesaam R75 000 is uitgeloof.

As algehele wenner het Esthea prysgeld van R28 000 ontvang en is sy ook aangewys as die klavierkategorie-wenner, waarvoor sy nóg R4 500 ontvang het.

Esthea is 'n student van Nina Schumann en Luis Magalhães, die wêreldbekende pianistepaar verbonde aan die Universiteit Stellenbosch se Departement Musiek.




(Foto: Hennie Rudman, SSFD)



# Maties *soen* in Die Laan

Meer as 7 000 Maties het in Augustus deelgeneem aan die Studenteraad se eerste Soen in die Laan-geleentheid, ten spyte van triestige weer. Om iemand in Die Laan te soen word tradisioneel beskou as 'n voorvereiste om 'n ware Matie te wees. Te danke aan Matieborg Steinhoff is sambrele aan almal uitgedeel, terwyl Stimorol die asems vars gehou het met gratis kougom.

Meneer Snorgustus is ook by die geleentheid aangewys nadat manstudente aangemoedig is om hul snorre te laat groei. Hanro Roos, 'n inwoner van Dagbreek, is aangewys as die man met die mooiste en volledigste snor. Volgens Roos, wat van Welkom af kom, het sy snor veroorsaak dat middeljarige vroue en selfs niggies hom deesdae aantreklik vind!





# Matie engineer receives Eskom Chairman's Award

Linsen Loots, an MScEng student, received the Eskom Chairman's Award in the category Best Engineering University Student in the country earlier this year. Linsen is one of a select group of students (around 5 in 20 years) to complete the full BEng degree with distinctions in each and every subject. His study record is one of the best in the Engineering Faculty and he also won the 2007 Engineering Council of South Africa award for the top final-year Matie engineering student, the highest award offered by the Faculty.

In addition to his academic life, Linsen, a resident of Eendrag, serves as mentor for first-year students, as member of his house committee and as editor of the *2009 Matie Dagboek*.



*Foto: Die wenners van die SEW-EURODRIVE en Festo PneuDrive-kompetisie is van links Pieter van Deventer, Pieka Grobbelaar, Billy de Lange en Willie van Schalkwyk.*

# *Ingenieurs wen* met robot wat pyltjies gooi

Vier vindingryke studente van die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese het vroeër vanjaar 'n landwye interuniversitêre ontwerpkompetisie, die SEW-EURODRIVE en Festo PneuDrive-uitdaging, gewen en toerusting van R100 000 vir hul departement losgeslaan.

Pieter van Deventer, Pieka Grobbelaar, Billy de Lange en Willie van Schalkwyk se projek A~DOT- An Automated Dart Throwing Robot, het die eerste prys voor die neuse van studente van ses ander universiteite weggeraap.

Die doel van die kompetisie is om innovasie in ontwerp te demonstreer deur SEW-EURODRIVE- en Festo-produkte te gebruik. Die span studente moes self besluit wat hulle gaan ontwerp. Aangesien die wenontwerp op handelskoue by SEW en Festo se uitstallings gebruik gaan word, het die span iets gesoek wat aandag sal trek. En so is die robot geskep wat veerpyltjies gooi.

Die robot sal deur 'n PLC ('n industriële rekenaar) beheer word. 'n Persoon sal op die rekenaar stel in watter rigting (op-af en links-regs) die robot moet mik, asook hoe hard die veerpyltjie gegooi moet word. Die rekenaar sal dan die SEW-elektriese motors en Festo-pneumatiese silinders beheer om die gekose aksie uit te voer.

Die robot is nog nie gebou nie, want die kompetisie is op grond van 'n "papier"-voorlegging beoordeel. Die konsep gaan egter nou gebou word om in die toekoms op handelskoue gebruik te word.

# VOEDSELAAND-PRYS VIR BOTSWANA

Matiestudente van Botswana het in Augustus weggestap met die prys vir die beste kostafel vir hul samp ('n mieliegereg) en ook 'n vleisgereg met 'n neutsmaak tydens die Internasionale Kantoor se Voedselaand wat deur die Internasionale Studente-organisasie Stellenbosch (ISOS) aangebied word.

Die Internasionale Voedselaand word twee maal per jaar gehou en is 'n geleentheid vir interaksie tussen internasionale studente en studente aan die Universiteit Stellenbosch.

Die tafels het gekreun onder die kos van die 15 lande wat in die Studentesentrum verteenwoordig is. Buiten Botswana was daar ook kostafels wat onder meer Libië, Nigerië, Suid-Afrika, Zimbabwe, Swede, Pole, Australië, die VSA, Peru, Duitsland, België, Meksiko, Italië en Indië verteenwoordig het.

Volgens mnr Robert Zehmke, koördineerder van die projek, word die geld wat by die geleentheid ingesamel word vir 'n goeie doel gebruik.

"Behalwe vir die geleentheid wat aan internasionale en plaaslike studente gebied word om mekaar beter te leer ken, word die geld aan die Internasionale Kantoor se ISOS Kayamandi-projek geskenk. Dié projek is al 'n paar jaar aan die gang en word veral goed deur internasionale studente ondersteun. Aktiwiteite sluit in Engelse klasse aan leerders en 'n naskoolse program," het hy gesê.



# Nuwe studenteleiers reg vir die uitdaging



*Retief Swart en Anke Stoman (Foto: SSFD)*

Die nuwe Studenteraad (SR) van die Universiteit vir 2008/2009 is in Augustus vanjaar tydens die jaarlikse SR-bal aangekondig. Die nuwe Voorsitter en Ondervoorsitter is kort daarna verkies.

Retief Swart (23), 'n Dagbreker, 'n boorling van Ladismith en 'n honneurs-student in Internasionale Studies, is as die nuwe Voorsitter aangewys.

"Ek sien ongelooflik uit na 'n jaar wat verseker vol uitdagings gaan wees. Die SR van 2009 is 'n sterk span en ek is opgewonde om saam met hulle te werk," het hy kort ná die aankondiging van sy voorsitterskap gesê.

Hy sal deur die nuwe SR-ondervoorsitter, Anke Stoman (22) van Kaapstad, bygestaan word. Anke is 'n BComm (met regsvakke)-student.

Die nuwe Studenteraad se termyn het op 1 September begin.



# brokkies snippets



*Wingerdplant! Hier is prof Hendrik Geyer, Direkteur van STIAS, prof Bernard Lategan, voormalige Direkteur van STIAS, me Myra Linders wat die Munisipaliteit by die geleentheid verteenwoordig het, mnr Schalk Opperman van die Afdeling Fasiliteitsbestuur (US) en mnr Albert Strever, dosent in die Departement Wingerd- en Wynkunde en projekbestuurder van die wingerd. (Foto: Anton Jordaan, SSFD)*

## Stellenbosch kry 'dorpswingerd'

'n Unieke dorpswingerd is in Oktober op Mostertsdrift, tuiste van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Studie (STIAS), aangeplant.


Verteenwoordigers van die Universiteit Stellenbosch (US), wingerd- en wynkundestudente, die Munisipaliteit Stellenbosch, die wynbedryf en mense in die betrokke buurt het nagenoeg duisend wingerdstokkies op dié geskiedkundige landgoed in die hartjie van Stellenbosch geplant.

'n Hoogtepunt by die geleentheid was 'n kort toespraak deur prof Roland Perold, seun van prof Isak Perold, een van die baanbrekers van die Suid-Afrikaanse wynbedryf.

Die wingerd, op die hoek van Maraisstraat en Jonkershoekweg, herinner daaraan dat Mostertsdrift oorspronklik 'n wynplaas was, maar dui ook op nuwe denke en innovering. Die idee is om die wingerd aan die naam van prof Perold te koppel.

Prof Bernard Lategan, voormalige Direkteur van STIAS, het gesê die wingerd is 'n jare lange droom wat nou bewaarheid is. "Die aanplant van die wingerd verteenwoordig 'n volgende fase in die ontwikkeling van die geskiedkundige Mostertsdrift. Dit het begin met die restourasie en herinrigting van die ou plaasopstal en die wynkelder as kantore vir onderskeidelik STIAS en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA). Dit is gevolg deur die bou van die Wallenberg Navorsingsentrum aan die Maraisstraatkant van Mostertsdrift," verduidelik prof Lategan.

Die wingerd behoort sy eerste oes oor sowat drie jaar te pars en sal na verwagting sowat 5 000 liter wyn lewer.





*Dr James Coomer from Sun Microsystem (UK) and Prof Gerhard Venter in front of the Stellenbosch University Linux Cluster*

## High-performance computing for SU

Researchers with an interest in high-performance computing (HPC) has something to smile about. The most powerful computer to date at Stellenbosch University went into service in August.

HPC uses supercomputers or computer clusters to solve advanced computing problems and is usually associated with computing in scientific research.

According to Prof Gerhard Venter, Head of the Mechanics Division at the Department of Mechanical and Mechatronic Engineering, the project was initiated by the Department and is the result of a joint funding effort with the University's e-Campus Initiative.

"The new computer – a Linux Cluster – is, in fact, a series of computers that work in parallel to solve advanced computing problems. This centrally managed facility, housed in Information Technology's data centre, will give new momentum to HPC research at the University. There are a number of smaller Linux Clusters in various departments but the new computer is at least 10 times more powerful than any of the clusters currently at the University."

The computer is one of the most powerful in the country.

## SU and India embark on an exciting partnership

Stellenbosch University (SU) recently embarked on an exciting international partnership with India that will culminate in a number of exchange opportunities and research collaborations for academics at the institution.

The Rector, Prof Russel Botman, played host to representatives of the Indian government and leading entrepreneurs of the Indian continent to an Indian evening held at the Wallenberg Research Centre at STIAS in September.

The event was attended by the High Commissioner of India, Mr Ravij Kumar Bhatia, and the Minister and Head of the Indian Office in Cape Town, Mrs Ruchira Kamboj. Also present were representatives of TATA Africa. Mr Raman Dhawan, Managing Director of TATA Africa, awarded 10 TATA Africa Scholarships worth R50 000 each to postgraduate students from the University at this event. The scholarships will cover the students' tuition fees, subsistence (stipend), books and accommodation for a year of study.

A donation of about 325 books was also made to the University's library at the event.

Earlier this year Mrs Kamboj and the Rector discussed possible joint ventures between SU and the Indian government. The funding of a semester chair at the University by the Indian government was one of the initiatives proposed during this meeting.

The University has also been asked to nominate academics from the institution who would be able to participate in an Indian Fellowship Programme for a period of research and/or teaching of between three and 12 months in India.



*Dancers of the Vadhini Indian Arts Academy entertained guests at the function*



Hoofgebou van die Hugenote Kollege op Wellington

# US word akademiese tuiste vir Hugenote Kollege

"Hugenote Kollege is landwyd bekend, en het 'n besondere geskiedenis wat oor meer as 'n eeu strek. Met hulle programme in Gemeenskapsontwikkeling en Maatskaplike Werk lewer die Kollege gegradueerdes op 'n gebied wat van uiterste belang vir ons land is. Deur ons beoogde samewerking met die Kollege, wil die Universiteit Stellenbosch ook ons eie aktiwiteite op hierdie terreine verder uitbou en versterk."

Só het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), vroeër vanjaar op die nuus gereageer dat die Raad van Hugenote Kollege (HK) in Wellington die US se aanbod om 'n akademiese tuiste vir die Kollege te bied, aanvaar het.

Prof Botman het ook gesê dat die US die toekomstige samewerking met HK as 'n saak van strategiese belang beskou "in die lig van die herposisioneringsproses waarmee die US tans besig is, en waarin ons onder meer groot klem op die rol en teenwoordigheid van die US in ons streek, wat die plattelandse omgewing en gemeenskappe insluit, lê".

Volgens prof Johan Viljoen, Rektor van die Kollege, hou die US-aanbod verreikende moontlikhede vir die Kollege se visie en missie in. "Die Kollege beskou die toekomstige samewerking as 'n vennootskapsverhouding waardeur ons selfs beter in die land se diensleweringsbehoeftes in die maatskaplike-diensberoepe kan voorsien. In die lig van die besondere statuur en plasing van die US, sowel nasionaal as internasionaal, sien HK met groot verwagting daarna uit om uit ons eie besondere konteks 'n eiesoortige bydrae te lewer."

Die twee instellings het reeds met gesamentlike akademiese beplanning begin met die oog daarop om vanaf 2010 US-programme en -kwalifikasies by HK aan te bied.

- ***Matieland*** **berig in 'n volgende uitgawe verder oor die samewerking tussen HK en die US.**

# SU adopts gender declaration



*Speakers who attended a workshop themed Women in Higher Education: Power and Privilege were Dr Jerome van Wyk, Director: Employment Equity and the Promotion of Diversity, Prof Magda Fourie, Vice-Rector: Teaching; Prof Gertrude Fester: Professor Extraordinary - Women's and Gender Studies, UWC; Ms Ellen Tise, Senior Director: Library and Information Services and Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel.*

Stellenbosch University has recently become one of a number of South African institutions of higher education to accept a Gender Declaration which seeks to address the challenges women face in respect of gender equity in higher education.

The declaration came into being at a national conference held in March jointly organised by the Department of Education, HERS-SA and the Cape Higher Education Consortium (CHEC) and was adopted by the University as an institutional document in September.

Dr Jerome van Wyk, Director for Employment Equity and Diversity at Stellenbosch University, said that the conference reflected on the significant absence of women, especially in leadership positions. Women more often than not occupy junior positions and usually struggle at both a personal and professional level to deal with the subtle and not so subtle patriarchal structures and practices prevalent in all universities.

He added that the Declaration will hopefully assist in developing institutional support and sector-wide initiatives towards the attainment of gender targets set for the representation of women in senior positions in higher education. "This will be a significant material and moral investment in the training and development of all women at the University."

## Die Vlakte en Lückhoff



*Dr Fred Beckman, voormalige skoolhoof van Lückhoff, en 'n spreker by die geleentheid, het 'n geraamde weergawe van een van die foto's in die uitstalling gekry. Hier oorhandig mnr Jerome Slamat, Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie, die foto aan hom. (Foto: Hennie Rudman, SSFD)*

### Mense en geskiedenis met foto-uitstalling verewig

'n Permanente foto-uitstalling in die ou Lückhoff-skool in Banhoekweg, Stellenbosch, wat die lewe van die ontwortelde mense van die gebied tussen Victoria-, Bird-, Banhoek- en Joubertstraat, beter bekend as Die Vlakte, en die ryke geskiedenis van die Lückhoff-skool uitbeeld, het in Oktober geopen. Die Lückhoff-skool is deesdae die tuiste van onder meer Matie Gemeenskapsdiens.

Die tema van die openingsgeleentheid was "Laat ek jou van Lückhoff vertel".

Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), het by dié geleentheid gesê die mense van die gebied moes weens gedwonge hervestiging na die buitewyke van die samelewing, plekke soos Idasvallei, Cloetesville en elders, verskuif.

"Weens apartheid het hulle tipiese randfigure geword. Ál wat hulle kon saamneem, was die herinneringe, die stories en die foto's van 'n eens salige bestaan waar daar nie op grond van ras, kleur en godsdiens tussen mense onderskei is nie," het hy gesê.

Dit is die derde agtereenvolgende jaar dat die US sy Erfenisdagvieringe om die gemeenskap van Die Vlakte en die Lückhoff-skool bou.

Verskeie sprekers, onder wie voormalige Lückhoff-skoolhoofde en -leerders, het hulle skoolervaringe met die gehoor gedeel.

As jy hom vandag die keuse sou gee om weer sy been te kan terugkry, sal hy twee keer oor die saak dink. Die 23-jarige Matie Arnu Fourie praat met die wysheid van iemand wat al letterlik deur die lewe se meule gemaal is. Die pad van verbittering wat hy begin stap het toe hy as talentvolle rugbyspeler en matrikulant sy been in 'n bootongeluk verloor het, is nou 'n verligte pad van sukses en oorwinning.

deur Marli van Wyngaard

Arnu is een van die Matie-atlete wat vanjaar by die Paralimpiese Spele in Beijing bygedra het tot die vertoning wat die hele Suid-Afrika geïnspireer het. Die wete dat hy ten spyte van sy been-amputasie van só 'n kragtige tentoonstelling van vermoëns kon deel wees, is genoeg om hom in dankbaarheid sy lot te laat aanvaar.

Met hul 13 goue medaljes, 2 silwer en 1 brons het die lede van die Maties-Helderberg Sportklub vir Persone met Gestremdhede 'n leeue-aandeel gehad in Suid-Afrika se sesde plek op die medaljetabel.

"Sonder die Maties se medaljes sou Suid-Afrika sestiende geëindig het," verduidelik prof Liz Bressan, 'n navorser in die Departement Sportwetenskap.

Arnu Fourie, Ilse Hayes, Fanie van der Merwe, Hilton Langenhoven (atletiek), Roxy Burns, Riaan Nel, Janos Plekker (fietsry), Ernst van Dyk (handfietsry), Achmat Hassiem en Natalie du Toit (swem) en Suzanne Ferreira, 'n afrigter van die Universiteit Stellenbosch Sport Prestasie-instituut (Suspi) is lede van die Maties-Helderberg Sportklub vir Persone met Gestremdhede wat aan die Paralimpiese Spele deelgeneem het.



# Maties behaal Paralimpiese sukses

## Paralimpiese helde op wenpad geplaas

Sedert Suspi, en kort daarna die Maties-Helderberg Sportklub vir Persone met Gestremdhede in 2006 gestig is, is die Paralimpiese atlete by dié instansies op die wenpad.

Me Corné Rossouw, ook van die Departement Sportwetenskap en wat al sedert die 1980's in die afrigting van persone met gestremdhede spesialiseer, bestuur die klub as voorsitter. Sy word bygestaan deur onder andere prof Bressan, een van die wêreld se top-navorsers oor sport vir gestremdes ('n Amerikaner wat Stellenbosch sedert die vroeë 1990's haar tuiste gemaak het en haar hart in die ontwikkeling van sportlui met gestremdhede stort), en Suzanne Ferreira wat as een van die beste afrigters op dié gebied gereken word.

Hulle skryf die atlete se sukses toe aan 'n spanpoging tussen almal by die klub, Suspi en die Departement Sportwetenskap.

"Soos Paralimpiese sport in Suid-Afrika gegroei het, het die regering ook meer geld vir navorsing begin gee. Ek het die geleentheid gekry om my navorsing met Corné en Suzanne te deel, wat dit op hul beurt prakties kon toepas," vertel prof Bressan.

Danksy die wêreldklas-afrigting en wetenskaplike kundigheid wat hier aangebied word, kan die US nou sportmanne en -vroue van die volle pakket voorsien.

"Ons doel is om een van die voorste oefenbestemmings vir Paralimpiese spanne van oor die hele wêreld te word," het prof Bressan, wat self in die Internasionale Paralimpiese Komitee se werkgroep vir sportwetenskaplikes dien, gesê.

## Internasionale netwerke

Die US is ook genooi om een van die stigterslede van die International Network for Applied Sports Science te word. Saam met Australië, Brasilië, Swede en België pak hulle projekte aan om Paralimpiese sport te bevorder.

"Ons deel ons kennis met mekaar en wil veral ook die ander lande in Afrika bystaan om hul Paralimpiese sport te ontwikkel," verduidelik prof Bressan.

Die atlete is dit eens dat hulle die bestuur van hul klub, Suspi, die Departement Sportwetenskap, en veral hul afrigter Suzanne Ferreira, nie genoeg kan loof vir hul ondersteuning, motivering en hulp nie.

Hulle skroom ook nie om te sê waar hulle glo hul krag vandaan kom nie.

"Tydens die Paralimpiese Spele het ons groep daagliks saam godsdiens gehou en gebid," vertel die honneurs-sportwetenskapstudent, Ilse Hayes, wat visueel gestremd is. "Ek glo ek is tot alles in staat deur Hom wat my die krag gee, en dit help my om gemotiveer en positief te bly," het sy gesê.

Die derdejaar-sportwetenskapstudent Fanie van der Merwe (22), 'n serebraal gestremde atleet, vertel hoe hy amper sy balans verloor het op pad na die goue medalje in die 200 m, toe dit vir hom voel asof God hom "optel".

"Dit was teen die einde van die Spele, so ek was al redelik tam. Ek het hard weggespring en baie druk op my been gesit. Toe ek om die draai gaan, het dit 'n spastiese uitwerking op my been gehad en ek het gedink ek gaan val. Ek het gekyk waar die ander atlete is en skielik kon ek weer my been opkry – dit het gevoel soos die Here se krag," het Fanie vertel.

## Uitdagings

Volgens hul spanmaat en drie keer goue medaljewenner, Hilton Langenhoven, is dit wonderlik om te hoor dat hul vertoning in Beijing iets vir mense in Suid-Afrika beteken het. "Ons moet nou net daarop fokus om ons standaard te hou en vir 2012 daarop voort te bou," het Hilton, wat saam met Ilse gekies is as die US se Sportman en Sportvrou van die Jaar, gesê.

Hy het gesê een van die grootste uitdagings in Paralimpiese Sport is om sonder borgskappe professionele atlete te wees. "Die regering bewillig darem geld, maar ons benodig eintlik borgskappe van maatskappye of instellings om voltyds te kan oefen en ons volle potensiaal te kan bereik."

Corné Rossouw het gesê die Maties-Helderberg Sportklub vir Gestremdes stoei ook met 'n gebrek aan hulpmiddels. "Ons benodig byvoorbeeld dringend 'n voertuig waarin ons rolstoel-atlete saam met hul rolstoele kan vervoer. Enige borgskappe om dié suksesvolle klub te help om selfs nóg beter atlete op te lewer, sal baie waardeer word," het Corné afgesluit. m

- **Kontak Corné Rossouw by 021 808 4733.**

**Members of the Maties-Helderberg Sports Club for Athletes with Disabilities have achieved success at the Paralympic Games held in Beijing. Read the full article at www.matiesalumni.net.**





***Foto bo:*** *Fanie van der Merwe (Foto: Gallo Images)*
***Foto onder:*** *Ilse Hayes (Foto: Gallo Images)*
***Hooffoto:*** *Heel voor staan Ilse Hayes, in die tweede ry is Fanie van der Merwe, Roxy Burns, Suzanne Ferreira en Hilton angenhoven. Heel agter is Ernst van Dyk, Janos Plekker en Arnu Fourie.*
*(Foto: Anton Jordaan, SSFD)*

## Maties-Helderberg Sportklub presteer in Beijing

Tien atlete van die Maties-Helderberg Sportklub vir Persone met Gestremdhede het van 6 tot 17 September aan die 2008 Paralimpiese Spele in Beijing deelgeneem.

Hier is die klub se top-presteerders:

- **Hilton Langenhoven** (visueel gestrem) het goue medaljes in ál drie sy items, vyfkamp, verspring en 200 m, gewen. Hy het ook die wêreldrekord in die vyfkamp verbeter, asook die Paralimpiese rekord in die verspring.
- **Fanie van der Merwe** (serebraal gestrem) het ook twee uit twee behaal deur die 100 m sowel as die 200 m te wen. In die 100 m het hy 'n Paralimpiese rekord opgestel en in die 200 m 'n wêreldrekord.
- **Ilse Hayes** (visueel gestrem) het goud in die verspring gewen, silwer in die 100 m en vyfde in die 200 m geëindig.
- **Arnu Fourie** (been-amputasie), Maties se ander baanatleet, het in sy eerste Paralimpiese Spele sy persoonlike beste tyd van dié seisoen verbeter deur vierde in die 100 m te kom. In die 200 m-finaal was hy sesde.
- **Natalie du Toit** (been-amputasie) het vyf goue medaljes in die swembad ingeoes. Dit sluit drie wêreldrekords en twee Paralimpiese rekords in. Sy het ook met haar Whang Youn Dai Prestasietoekenning die hoogste moontlike eer ontvang.
- **Ernst van Dyk** (rolstoel) het sy reputasie as sportlegende gestand gedoen deur goud in die handfietswedren en brons in die marathon te wen.
- Die Matie-fietsryers **Riaan Nel, Roxy Burns en Janos Plekker** het ook goed presteer. Riaan het silwer gewen in die gemengde individuele padresies, terwyl Roxy en Janos albei hul persoonlike beste tye verbeter het.

Die Universiteitskoor onder leiding van dirigent André van der Merwe het 'n droomjaar beleef. Nie net is die Koor genooi om in Julie aan die vyfde Wêreld Koorspele – die grootste internasionale koorkompetisie – in Graz, Oostenryk, deel te neem nie, maar is hulle ook tydens die kompetisie bekroon as kampioene in die Musica Sacra-kategorie en naaswenners in die Gospel- en Spiritual-kategorie. Om alles te kroon is die Koor deur Musica Mundi as die wêreld se Topkoor in die afdeling Musica Sacra (geestelike musiek) aangewys en beklee hulle 'n vierde plek op die wêreldranglys van die Top 1 000 internasionale kore. Die koor se bestuurder, Lydia Meier, vertel meer.

# US-Koor beleef droomjaar



Foto: INTERKULTUR

Die US-koor het reeds in 2007 'n uitnodiging aanvaar om aan die vyfde Wêreld Koorspele in Graz te gaan deelneem en daar is met die reuse-beplanning begin om 79 koorlede oorkant die waters te kry. Die groot struikelblok was geld en elke koorlid moes sy of haar eie toergeld insamel en betaal. Danksy die ruim geldelike steun en skenkings van ouers, die Universiteit en ander instellings kon die hele koor op die ou einde saamgaan.

Meer as 440 kore van 93 lande wêreldwyd het aan hierdie unieke fees van verskillende kulture deelgeneem. Vaardighede is voor panele bestaande uit 75 internasionale beoordelaars in meer as 600 optredes in 28 kategorieë gedemonstreer. Hierbenewens is meer as duisend konserte in en om Graz aangebied.

Verskeie kore het Suid-Afrika verteenwoordig – net nog 'n bewys van die land se krag in internasionale koormusiek. André van der Merwe het 'n verdere eer te beurt geval toe hy genooi is om in 'n tweede deel van die kompetisie as beoordelaar op te tree. Die US-koor is ook nie die enigste koor wat hy gelei het na deelname aan die Koorspele nie. André rig ook die Stellenberg Meisieskoor, wat ook 'n eerste plek by die kompetisie ingepalm het, af.

André het die US-koor in drie verskillende kategorieë ingeskryf. In 'n internasionale kompetisie van hierdie formaat moet koorstukke met 'n hoë moeilikheidsgraad gekies word. Om enigsins vir 'n goue medalje in aanmerking te kom, moes die koor se tegniek, intonasie en interpretasie uitstaande wees.

André het die programme noukeurig saamgestel om alle fasette van die koor ten toon te stel en koorlede moes reeds in die Desember 2007-vakansie hul musiek tuis aanleer – iets wat elke koorlid se selfdissipline tot die uiterste beproef het. Baie ekstra ure is aan repetisies spandeer en teen einde Mei was die US-koor slaggereed vir die kompetisie. Buiten die week lange kompetisie is die Koor ook genooi om in twee konserte op te tree.

Vir baie koorlede was dit hul eerste oorsese reis en selfs hul eerste vliegtuigrit! Ná amper 24 uur se reis, het die koor by hul bestemming aangekom. Hulle het in 'n jeugherberg (vir die Stellenbossers meer soos 'n luukse hotel) in 'n klein dorp buite Graz, genaamd Deutschlandsberg, gebly. Dié rustige dorpie is in die berge naby die grens van Slowenië.

Vir ontbyt het die koorlede 'n paar borde kos geëet en skaamteloos nog 'n toebroodjie vir middagete gemaak! Waar hulle dit alles gebêre het, bly 'n studentegeheim. Aandete was in die messehalle in Graz, waar al die kore saans saam geëet het. Ete is aan byna 20 000 koorlede binne drie uur bedien.

Die verskillende kategorieë is in katedrale en ander lokale aangebied. Die gewyde atmosfeer van die katedrale het tot die sukses van elke optrede bygedra. Vir die Suid-Afrikaners was die mense se liefde vir kultuur 'n ongewone ervaring.

In 'n emosionele oomblik tydens die pryswennerfunksie is die US-koor as kampioene in die Musica Sacra-kategorie én as naaswenners in die Gospel- en Spiritual-kategorie bekroon. Boonop het die Koor in al drie kategorieë waarvoor hulle ingeskryf was, 'n goue medalje gewen. Hiermee is baie maande se harde werk bekroon met die hoogste lof waarvan enige koor en koorleier net kan droom. Soos 'n ewe oorstelpte André van der Merwe dit gestel het: "Hierdie medalje is julle s'n. Loop trots en nederig hiermee, want om dit met 'n gemengde koor van Afrika te bereik ... ek dink, dit sê alles. Dit is die US-koor se grootste prestasie, nog groter as Bremen". (Die Koor se vorige deelname aan die Wêreldkoorspele was in Bremen in 2004.)


*Die US-koor by die Pryswennerskonsert in Graz*

> "Dit is die US-koor se grootste prestasie, nog groter as Bremen"

Daar was darem nie net heeldag kompetisie-optredes nie. Gedurende die koor se rustye kon hulle Graz verken. In 'n oogwink het die studente geleer hoe om trems en busse te gebruik, en padkaarte te lees. Die grootste ontdekking was egter die someruitverkopings in die winkels.

Ná die kompetisie het die koor twee dae in Wene oorgebly. Dit was ongelooflik om te sien hoe koorlede, wat nog nooit oorsee was nie, binne 'n middag hul pad stad toe en terug na hul hotel kon kry, en terselfdertyd Strauss se standbeeld en 'n paar kunsmuseums in Wene opspoor!

Tydens 'n uitstappie na die groot St Stephans Katedraal in die middestad van Wene, het die koor die voorreg gehad om voor die middagmis twee gewyde liedere in die kerk te sing. Koorlede, toeriste en kerkgangers was ontroer deur hierdie oomblik.

Van Wene het die koor tot in Istanbul, Turkye, met sy nou, vuil strate en massas toeriste in die middestad gevlieg. Wat 'n kulturele ervaring! Die tempels is amper te groot en oud om te beskryf. Daar is ook die Grand Bazaar – die grootste en oudste basaar in die wêreld waar 'n mens enigiets kan koop. Binne minute het al die koorlede die woord inderim, wat halfprys beteken, geken en gebruik.


Die Turkse bad is iets wat elkeen moet ervaar. Dit is 'n openbare bad (gelukkig is mans en vroue geskei) waar 'n mens ingeseep, gewas en met emmers water afgespoel word. Die woord skoongeskrop kry hier 'n nuwe betekenis. Dan is daar ook die bootvaart op die Bosphoruskanaal. Die kanaal skei twee groot vastelande van mekaar, naamlik Asië en Europa, en verbind die See van Marmara met die Swartsee.

## US-koor is wêreld se beste

Ná die koor se terugkeer het hul suksesstorie 'n opvolg gehad. Na aanleiding van die uitstekende vertoning tydens die kompetisie en op grond van vroeëre optredes, is die Koor deur Musica Mundi as die wêreld se Topkoor in die afdeling Musica Sacra (geestelike musiek) bekroon en is die koor vierde op die wêreldranglys van die Top 1 000 internasionale kore geplaas. Dit is voorwaar 'n ongelooflike prestasie.

Die vraag kom noodwendig by 'n mens op of die studente by hierdie internasionale koorkompetisie en ook die toer gebaat het. Dit is beslis een van die grootste geskenke wat enige student kan ontvang. Hierdie toer was vir die groep US-koorlede van onskatbare waarde: die voorbereiding vir 'n internasionale kompetisie; die selfdissipline, opofferings ter wille van 'n gemeenskaplike doel; die ervaring van nuwe kulture en gelowe; die verbreding van hul denke en visie; en bowenal die ongelooflike gevoel van oorwinning danksy toegewyde samewerking, sal elke koorlid bybly. Dit is lewenslesse wat hulle altyddeur sal gebruik. As bonus het daar 'n hegte eenheid en lewenslange vriendskappe in die koor gevorm.

The University Choir was crowned champion in the Musica Sacra category and runner-up in the Gospel and Spiritual category at the recent World Choir Championships held in Graz, Austria. Furthermore, the choir was judged by Musica Mundi to be the world's top in sacred music. The Choir is ranked fourth in the world on Musica Mundi's Top 1000 international choirs.



Lucky the Hero production by the Africa Centre for HIV/Aids.

*Ask MatiesAlumni of a decade or four ago how they were of service to the surrounding communities of Stellenbosch – and the law students will remember their time at the Legal Aid Clinic, dispensing free legal advice, while other students will tell you about the adult-education courses or the primary-health programmes that they were involved in as part of Matie Community Services (MCS).*



TRAC Training Laboratory



Ukwanda staff and students on a house visit in Avian Park

# SU acknowledges excellence in Community Interaction

In the past decade, many other exciting initiatives have also become part of the Stellenbosch University (SU) Community Interaction (CI) portfolio – from fish farming and medical-care projects to a literary festival.

MCS's predecessors – USKOR and GOUS – had been very active on the Tygerberg and Stellenbosch campuses from the 1960s and 1970s, respectively. The MCS's current programmes focus on skills development. Teaching assistance for matriculants, adult-education and training opportunities, primary-health care, entrepreneurship and business skills for adults and high-school learners, and a one-stop support service to student community projects are now offered.

The Legal Aid Clinic has been providing a free legal service to the neediest sectors of the community since 1988. It also provides valuable training for final-year LLB students of the Faculty of Law, as 32 student consultants are prepared for legal practice through the Practical Legal Training course. Consultations, as well as the realisation of the necessary legal steps in the interests of clients, are undertaken under the supervision of staff members of the Clinic, who are qualified attorneys.

## The CI Flagship projects

These two stalwart projects, along with eight other new initiatives, were recently selected as flagship projects by the University's Community Interaction

Committee of the Senate.

Some of the projects will be funded through central University funds. "We want to acknowledge the institutional importance of these CI initiatives, reward excellence and promote the sustainability and stability of the initiatives," says Prof. Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel.

According to Mr Jerome Slamat, Senior Director: Community Interaction, the initiatives were selected according to a set of criteria by the Community Interaction Committee of the Senate. The criteria include: innovation; exceptional results; impact; monitoring, evaluation, reporting and quality-assurance measures; focus on Vision 2012, the SU Strategic Framework and SU Community Interaction Policy; ethics; and the promotion of the University's image.

## From health . . .

Programmes such as Ukwanda, the TB-free Kids project and the Africa Centre for HIV/AIDS Management have significantly extended the University's health-related CI initiatives over the past decade.

The Ukwanda Centre for Rural Health was launched in 2002 as a rural platform for undergraduate training and has since evolved to include research initiatives on rural health issues. It forms part of the aim of the SU Faculty of Health Sciences (FHS) to conduct at least 50% of all clinical training in community-oriented facilities and, of this, at least 10% in rural areas. At the same time, the policy objectives of SU endorse a new paradigm where teaching, research and CI are better integrated, emphasising the importance of multidisciplinary approaches to addressing the problems of local communities.

"Ukwanda exposes our students to the real health needs within communities," says Ms Lindsay-Michelle Meyer. "It develops their ability to think critically and empowers them to serve the needs of these communities practically."

The TB-free Kids project, a multi-pronged intervention, also an initiative of the FHS, aims to make decrease community transmission of TB in poverty-stricken urban communities that are part of the Desmond Tutu TB Centre's existing research studies. The project puts the Centre's research results into practice by influencing and changing policy and through its multi-sectorial approach creating a model of sustainably improving community health care resulting in improved quality of life. This approach ensures strong partnerships with various Departments of Health, other governmental departments, NGOs and community stakeholders.

About the Africa Centre for HIV/AIDS Management, Prof Jan du Toit says, "It's our mission not only to understand the complexities of HIV/AIDS but also to develop effective ways to ensure that all students and staff of the University, as well as the communities that we reach, are prepared on a personal and professional level to deal with this pandemic effectively."

The Centre's CI leg uses educational theatre to reach the Afrikaans-speaking coloured communities on the farms and outlying areas of the Western Cape. In the last two years 182 farms have been covered, exposing 96 000 workers to education and 76% of workers knowing their HIV status today.

## . . . to education and culture . . .

Other flagship CI projects with a strong focus on education include SciMathUS, TRAC and WOW, the empowerment project of the Woordfees.

SciMathUS, which was established in 2001, aims to address South Africa's serious shortage of black professionals in mathematics, the physical sciences, accounting and related fields. It is often called the "second chance" programme because it prepares recent matriculants to rewrite the senior-certificate examination of the Department of Education and to up their marks to stand a chance of gaining entry to degree programmes in the natural sciences, the applied natural sciences and the economic or management sciences.

TRAC is a unique science, mathematics and technology-intervention programme. Since 1994, it has grown into a programme with nationwide facilities and strong links with financial partners and various educational role-players.

"We were recently recognised at national-government level as part of the solution to address the skills shortage of engineers in general, as well as technicians, scientists and artisans," says Ms Debbey Cromhout about this award-winning programme.

Over the past eight years, the University's institutional festival, the Woordfees, has evolved into a very well-attended and respected fixture on the local festival calendar. More than 100 presentations are on offer each year, which provides endless creative possibilities and work for both established and emerging artists, organisers, coordinators and student assistants.

The Woordfees and its comprehensive empowerment project, WOW, address SU's goal of greater cooperation between "Town and Gown", that is between the local community and the University.

WOW has a strong educational focus geared towards learners, students and teachers as well as the general public. By providing information and skills, it aims to create a dynamic around literature and art to promote Afrikaans in a multilingual context, in line with the SU's strategic plan and vision.

## . . . to agriculture . . .

On the agricultural front, 35 trout-production systems have already been established in irrigation dams in the Western Cape as part of the Trout Small-scale Farming Project. This initiative, by the Division for Aquaculture in the Faculty of AgriSciences, is supported by the national Department of Science and Technology.

Farm workers – especially women and youth – are trained in aquaculture and business practices with the aim of improving living standards, alleviating poverty, transferring knowledge and skills and uplifting previously-disadvantaged communities.

The University acts as the implementer, manager and mentor of the "Hands-on Fish Farmers Co-op", which became active in 2004. Within two years, the co-op had already delivered 130 tons of fresh trout to the local market.

Individual projects, most of which are situated in the Boland, are registered as legal entities, such as trusts or close corporations, and are members of this cooperative.

## . . . and religion

The Faculty of Theology has been home to the Unit for Religion and Development Research since 2002. This flagship project is a self-sufficient entity within the discipline of Practical Theology and Missiology. It conducts research related to the development profile and needs of local communities, formulates relevant theory on development, provides a training facility and research space for postgraduate students and provides a professional research and training service to communities. The Unit's research results are regularly communicated through scientific and popular publications.

## Closing words

Vice-Rector Prof Smith hopes that the flagship initiatives will serve as inspiration to other programmes: "We're impressed with the quality of these projects and hope that others will strive to be awarded flagship status as well." ■

## More information

- **Africa Centre for HIV/AIDS Management:** Prof Jan du Toit, jbdt@sun.ac.za, 021 808 3004
- **Legal Aid Clinic:** Mr Kruger van der Walt, kvdwalt@sun.ac.za, 021 808 3599
- **Matie Community Service:** Mrs Lydia Burger, llb@sun.ac.za, 021 808 3641
- **SciMathUS:** Mrs Nokwanda Siyengo, noksiy@sun.ac.za, 021 808 2904
- **TB-free Kids:** Prof Nulda Beyers, nb@sun.ac.za, 021 938 9114
- **TRAC South Africa:** Ms Debbey Cromhout, debbey@sun.ac.za, 021 808 4647
- **Trout Small-scale Farming:** Mr Henk Stander, hbs@sun.ac.za, 021 808 2544
- **Ukwanda:** Ms Lindsay-Michelle Meyer, lindsaym@sun.ac.za, 021 938 9108
- **Unit for Religion and Development Research:** Dr Johannes Erasmus, egdn@sun.ac.za, 021 808 3257
- **Woordfees**: Prof Dorothea van Zyl, dpvz@sun.ac.za, 021 808 2166



# Passie vir landbou

## dryfkrag van nuwe Dekaan van AgriWetenskappe

**As jong kosskoolganger op die trein tussen Johannesburg en Kaapstad, het prof Mohammad Karaan reeds sy hart op die eindelose landerye, oop grond en plantegroei wat deur die treinvenster verbygeflits het, verloor. Dít, en vele herinneringe aan sy grootouers se stories oor hulle plaaslewe in Oos-Griekwaland, het sy liefde vir landbou verder aangevuur.**

Prof Karaan 'n gebore Stellenboscher, wat ál sy grade aan die Universiteit Stellenbosch (US) behaal het, is reeds die afgelope elf jaar 'n dosent in die Departement Landbou-ekonomie – eers as lektor, en later as senior lektor. In 1992 begin hy werk as 'n ekonoom en beleidsontleder vir die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, waarna hy tussen 1994 en 1996 as die Hoof: Navorsing van die Landelike Stigting gedien het.

Prof Karaan het in 1987 die eerste keer as student by die US ingeskryf. Die Universiteit wat hy destyds as groentjie betree het, was egter 'n gans ander instelling as die een waar hy vandag werk. Swart studente is op sosiale sowel as akademiese gebied benadeel. Daardie ervaring, sê prof Karaan, is wat hom nou aanspoor om hom vir groter integrasie onder studente te beywer, en om personeel gevoelig te maak om kultuurverskille en die uitwerking van die institusionele omgewing op studenteprestasie te begryp en met wysheid te bestuur.

Sy passie vir landbou het tot noue bande met leiers op die gebied gelei, soos onder andere prof Eckard Kassier, voormalige Voorsitter van die Departement Landbou-ekonomie; prof Nick Vink, huidige Voorsitter van die Departement; en prof Ralph Christy, die eerste Afro-Amerikaanse President van die Amerikaanse Vereniging van Landbou-ekonome.

"Oor die afgelope agt jaar het prof Christy my mentor geword. Ek het Amerika toe gegaan om hom te ontmoet, en ons het goeie vriende en kollegas geword. Op 'n dag het hy my gevra: 'Hoekom gaan doen ons nie saam GOED in die wêreld nie?'" onthou prof Karaan.

Hierdie vraag het tot die totstandkoming van die Making Markets Matter-projek gelei, wat in samewerking met die Cornell-universiteit in Amerika bedryf word en opkomende agribesighede in Afrika oplei. Prof Karaan is die plaaslike koördineerder van die projek wat op sake- en bemarkingstrategieë op die gebied van landbousake konsentreer.

Prof Karaan is ook baie aktief in landbousakekringe, en dien in die raad van verskeie maatskappye, soos KaapAgri, Agricol Saad, die Melsetter-groep, Southern Oil Bpk, Bester Voer- en Graanbeurs, en Klein Karoo Internasionaal. Hy word ook dikwels genader om die regering, verskeie bedryfsliggame en maatskappye te adviseer. Sewe artikels in vaktydskrifte, vyf hoofstukke in boeke, en 20 verslae het reeds uit sy pen gevloei. Hy het ook 16 referate gelewer, waarvan vyf by internasionale kongresse. Hy is ook 'n gesogte spreker en kommentator op landbou ekonomiese gebied en het reeds meer as 'n honderd geleentheidslesings en seminare aangebied.

Hy is President van die Landbou-ekonomie Vereniging van Suider-Afrika en ook lid van die International Agribusiness Management Association. Hy was die voormalige voorsitter van die Nasionale Landbou Bemarkingsraad waar hy tans die Ondervoorsitter is. Hy was aan die stuur van die ministeriële komitee oor landboubemarking in Suid-Afrika, en het ook as adviseur vir die parlementêre portefeuljekomitee oor landbou gedien.

Hy glo die landbousektor word deur belangrike uitdagings met betrekking tot volhoubaarheid, transformasie en voedselsekuriteit in die gesig gestaar. "Die US is daartoe in staat om op eiesoortige wyse op hierdie uitdagings te reageer en in die proses vir hom 'n toekoms te skep," sê hy. m

Prof Mohammad Karaan, a senior lecturer in agricultural economics, has been appointed as the new Dean of the Faculty of AgriSciences. Prof Karaan obtained all his degrees at Stellenbosch University. Prof Karaan serves on the board of various companies and advises government, industry bodies and companies and comments regularly on economics and agricultural economics.

**Die dertiende kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), dr Frederik Van Zyl Slabbert, is op 1 Augustus vanjaar tydens 'n glansgeleentheid op Stellenbosch ingehuldig.**

In sy huldiging- en bekledingsrede het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US, gesê die inhuldiging van dr Slabbert is 'n teken dat die Universiteit 'n instelling is wat saam met die eise van die tyd beweeg as aktiewe en relevante rolspeler in die vorming en beslaggewing van die toekoms van ons land.

"Stellenbosch is bekend daarvoor dat hy leiers opgelewer het wat op uiteenlopende wyses 'n vormende invloed gehad het op die verloop van die geskiedenis van hierdie land," het hy gesê.

"Maar Stellenbosch is ook bekend vir die andersdenkendes of alternatiewe stemme wat hy opgelewer het – mense wat nie klakkeloos verwronge ideologieë nagevolg het nie, maar juis die stem van die verontregtes en die sosiale gewete onder neerdrukkende omstandighede verteenwoordig het.

"Die gees van hul vryheidsdenke en hul oortuiging van die waarde van die ewemens kon nooit tussen die vier mure van 'n tronksel opgesluit word nie. Dit is die gees van Stellenbosch wat gevier, vertroetel en verewig moet word," het hy gesê.

Prof Botman het dr Slabbert as een van die "ander stemme" van Stellenbosch uitgesonder en gesê dat hy tydens sy dae as student en later dosent sy "ongedurigheid en misnoeë te kenne gegee met 'n regering en politieke orde wat hy as onaanvaarbaar beleef het".

Hy het dr Slabbert geloof vir onder meer sy uitgesprokenheid in die aangesig van onreg en sy onverbiddelike geloof in dialoog en eerlike gesprek tussen outentieke gespreksgenote. Hier het prof Botman verwys na die Dakar-konferensie in 1987, gereël deur dr Slabbert en dr Alex Borraine, waar hoofsaaklik Afrikaanse politici, akademici en sakemense die "koersaanduidende en historiese" besoek aan Dakar, Senegal, gebring het om met die toe verbode ANC in gesprek te tree.







# US se *nuwe kanselier* word ingehuldig

*Die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, hang die nuwe Kanselier, dr Frederik van Zyl Slabbert, se toga om. Foto's onder: Links is dr Slabbert en sy vrou, me Jane Slabbert. Regs is die Kanselier en die Minister van Onderwys, me Naledi Pandor.*

Volgens prof Botman leef dr Slabbert die beginsel van kritiese burgerskap. In dié opsig verteenwoordig hy 'n hoeksteen van die Universiteit Stellenbosch se strewe na die lewering van studente wat ons groeiende demokrasie en die uitdagings van ons ekonomie ten beste kan dien.

In sy intreerede as kanselier het dr Slabbert gesê dit is 'n buitengewone voorreg om die Kanselier van sy *alma mater* te word en dat die Universiteit 'n belangrike deel van sy lewe as student en dosent gevorm het.

Hy het gesê die US, soos alle tersiêre instellings, staar enorme uitdagings in die gesig in 'n Suid-Afrika wat deur sy grondliggende oorgang gaan. "Hoe kan 'n tersiêre instelling soos Stellenbosch reflekteer op die basiese waardes van ons Grondwet en daardie waardes beskerm? Kan die Universiteit Stellenbosch die uitdaging van transformasie met die bewaring van akademiese uitnemendheid versoen? Hoe vermy die Universiteit die risiko van vasgevang word in die pretensieusheid en dogmatisering van vrugtelose kwessies? Soms dink ek die taaldebat loop die risiko om een hiervan te word. Natuurlik is daar baie ander uitdagings.

"Dit is op die gebied van burgerlike betrokkenheid waar 'n universiteit soos Stellenbosch deurbrake kan maak; nie net op die gebied van tersiêre onderrig nie, maar opleiding en onderrig in die algemeen. Natuurlik moet Stellenbosch nie wêreldkundigheid en mededinging inboet nie."

Op hierdie gebied, het dr Slabbert gesê, bied hy sy dienste aan en het hy in ander kontekste "proefondervindelik ervaar hoe mense vanuit die burgerlike samelewing die lewens van buitengewone behoeftige mense ingrypend kan verander". Niks kan Stellenbosch 'n groter sin van eie waarde en relevansie gee as om ook op hierdie gebied te presteer nie.

"Stellenbosch is, en bly 'n buitengewone universiteit. Vandag is vir my 'n besondere dag om vir u en my Universiteit te kan sê: In hierdie nuwe rol is en bly ek meer as u Dienswillige Dienaar."

Me Naledi Pandor, Minister van Onderwys, het gesê die Universiteit is bevoorreg om dr Slabbert as Kanselier te hê, aangesien hy nie bang is om dinge te verander nie. "Sy Kanselierskap sal 'n ver ent gaan om die Universiteit te help om die transformasie wat hy nog in die gesig staar, te oorkom." m

- **Lees 'n opsomming van dr Slabbert se toespraak by www.sun.ac/university/Management/Kanselier.html**

Dr Frederik van Zyl Slabbert, described as one of the "other voices" of Stellenbosch by the Rector, Prof Russel Botman, was installed as the thirteenth Chancellor of Stellenbosch University in August. "Stellenbosch is and will stay an extraordinary university," Dr Slabbert said. Read the complete article at www.matiesalumni.net.

# Prof Piet tree uit



Prof Piet Steyn, waarnemende Senior Direkteur: Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch (US), het onlangs uitgetree.

Prof Steyn, 'n MatieAlumnus en voormalige kategorie A-navorser van die Nasionale Navorsingstigting (NNS), het sy indrukwekkende navorsingsloopbaan hoofsaaklik aan die chemie van mikotoksiene, gifstowwe afkomstig van swamme, gewy. Aflatoksien, die bekende lewerkarsinogeen, kom in voedsel voor, en speel 'n belangrike rol in mense- en dieregesondheid. Hy het pas 'n omvattende oorsig oor mikotoksiene vir die naslaanwerk *General and Applied Toxicology* voltooi.

Ná 'n inspirerende loopbaan by die WNNR en die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (tans die Noordwes-Universiteit), het hy in 1999 as Direkteur: Navorsing by die US aangesluit en 'n groot aandeel aan die vestiging van die Universiteit as een van die top navorsingsgedrewe universiteite in die land gehad. Hy was behulpsaam met die totstandbrenging van drie van die toonaangewende Sentra van Uitnemendheid van die NNS en die Departement van Wetenskap en Tegnologie, sowel as die verkryging van 'n hele aantal navorsingsleerstoele en verskeie groot navorsingskontrakte.

Vanaf 1992 tot 1994 was prof Steyn President van die International Association for Cereal Science and Technology, en vanaf 2002 tot 2003 President van die International Union of Pure and Applied Chemistry (IUPAC) – die eerste persoon uit Afrika om aan die stuur van albei hierdie organisasies te staan. In sy termyn as IUPAC-president is die organisasie van 'n uitgediende komiteegerigte liggaam in 'n doeltreffende, moderne en projekgedrewe organisasie omskep.

Hy lewer talle referate oorsee, het tot dusver 193 wetenskaplike publikasies die lig laat sien, en is lid van onder meer die Royal Chemical Society (van die Verenigde Koninkryk), die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK), die Academy of Science of the Developing World (Triëste, Italië), die Royal Society of South Africa, en die Academy of Science of South Africa (ASSAf), waarvan hy 'n stigterslid is.

Sy bydrae tot wetenskapsbeoefening is al bekroon met onder andere die Goue Medalje van die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut, die Havenga Goue Medalje van die SAAWK, die South Africa Medal (Gold) van die Southern Africa Association for the Advancement of Science (een van die hoogste toekennings aan 'n wetenskaplike in Suid-Afrika) en ASSAf se Science for Society-goue medalje.

# MEDIESE BIOCHEMIKUS nuwe Senior Direkteur: Navorsing en Innovering

'n Mediese biochemikus, dr Therina Theron, is aangestel as die nuwe Senior Direkteur: Navorsing en Innovering aan die Universiteit Stellenbosch (US). Dr Theron (39) het reeds 'n lang verbintenis met die Universiteit en het haar voor- en nagraadse studies op Stellenbosch voltooi.

Gedurende haar tien jaar as 'n nagraadse student was dr Theron betrokke by akademiese navorsing aan die Mediese Navorsingsraad se Sentrum vir Molekulêre en Sellulêre Biologie en die Departement Bestralings-onkologie in die Fakulteit Gesondheids-wetenskappe (FGW) by Tygerberg. Hier was haar hooffokus DNS-beskadiging en -herstel en die invloed daarvan op die selsiklus. Hierdie werk het aanleiding gegee tot nege artikels in eweknie-geëvalueerde internasionale vaktydskrifte, asook aanbiedings by 'n aantal nasionale en internasionale konferensies.



Foto: Anton Jordaan, SSFD

In 2001 het haar navorsing haar na die Universiteit van Sussex in die Verenigde Koninkryk geneem waar sy drie jaar as 'n nádoktorale vennoot op die gebied van molekulêre genetika en DNS-beskadiging veroorsaak deur UV-uitstraling gewerk het.

In 2003 het sy na haar vaderland teruggekeer en 'n pos in die Departement Navorsing en Innovering by die Universiteit Kaapstad (UK) aanvaar. Haar hoofverantwoordelikheid as Koördineerder: Strategiese Navorsing was om nis-strategiese navorsingsfokusgebiede by die UK te skep. Daarbenewens was sy die tussentydse projekbestuurder vir die totstandkoming van 'n nasionale Centre for High Performance Computing.

'n Jaar later is sy as Groepbestuurder: Strategiese Navorsingsondersteuning aangestel.

In April vanjaar het sy na die US teruggekeer as die Hoof: Befondsingsgeleenthede en Kapasiteitsontwikkeling in die FGW. Hier het haar verantwoordelikhede ingesluit die bestuur van geleenthede vir navorsingsfinansiering en inligtingsvloei, en bystand met die implementering van die Fakulteit se strategiese navorsingsplan, asook die implementering en ondersteuning van inisiatiewe vir die ontwikkeling van navorsingskapasiteit in die Fakulteit.

Toe sy van haar aanstelling hoor, het dr Theron gesê dit is "ongetwyfeld 'n voorreg om in 'n stimulerende universiteitsomgewing te werk.

"Navorsing en innovering en die strategiese beplanning en fasilitering daarvan is my passie en belangstelling. Ek sien uit na 'n opwindende en uitdagende tydperk in my loopbaan, en om saam met 'n toegewyde en bevoegde span te werk vir die bevordering en ondersteuning van navorsingsuitmuntendheid by die US."

**A medical biochemist, Dr Therina Theron, has been appointed as the new Senior Director: Research and Innovation. "Research and innovation, the strategic planning and facilitation thereof is my passion and interest," she said.**



*Me Daphna Bitalo, 'n BSC-student, en mnr Willem Botes van die Planteteeltlaboratorium.*

# *US ontvang Navorsingskontrakte*
## van R9,3 miljoen

Die Universiteit Stellenbosch (US) het vanjaar twee unieke kontrakte op die gebied van elektriese en elektroniese ingenieurswese, en planteteelt gesluit. Dié navorsingskontrakte van onderskeidelik R4,8 en R4,5 miljoen sal verseker dat die projekte wat daardeur gefinansier word op die langer termyn volhoubaar is.

Volgens dr Gert-Jan van Rooyen, Direkteur van die pas gestigte Elektroniese Medialaboratorium in die Departement Elektriese en Elektroniese (E&E) Ingenieurswese, is 'n navorsingslaboratorium reeds met die eerste deel van die geld wat hulle van die media en finansiële dienste maatskappy, MIH Holdings Ltd, ontvang het, op die been gebring.

In hierdie laboratorium, 'n interdissiplinêre navorsingsarea waar E&E Ingenieurswese, Rekenaarwetenskap en Toegepaste Wiskunde reeds saamwerk, sal daar nou navorsing gedoen word om nuwe projekte met betrekking tot Internet-, web-, selfoon- en sagtewaretegnologie te ontwikkel. Die projek is reeds vanjaar met magisterstudente uit die verskillende akademiese dissiplines wat uit hierdie kontrak gefinansier word, van stapel gestuur om navorsing oor elektroniese mediatoepassings te doen.

Die doelwit is juis om 'n omgewing te skep waar studente navorsing kan doen wat nie net nuwe mediategnologie sal ontgin nie, maar ook vindingryke nuwe maniere sal skep om met behulp van bestaande tegnologie te kommunikeer.

Meer inligting oor navorsingsgeleenthede is beskikbaar by www.dsp.sun.ac.za/medialab.

### Bio-etanolproduksie in die Wes-Kaap ondersoek

Die afgelope paar jaar is die Universiteit Stellenbosch (US) die enigste instansie in sowel Suid-Afrika as op die vasteland om 'n korogteeltprogram te bedryf. Nou, met navorsingsgeld van PlantBio, 'n organisasie sonder winsbejag wat as 'n nasionale innovasiesentrum vir plantbiotegnologie dien, sal die US ook die ontwikkeling van lentekorog vir bio-etanolproduksie in die Wes-Kaap kan ondersoek.

Die R4,5 miljoen-navorsingskontrak strek oor 'n tydperk van vier jaar, en sal deur die planteteeltlaboratorium op Welgevallen-proefplaas bestuur word.

Die laboratorium wat onder die Departement Genetika val, is al die afgelope paar jaar met korogteling besig. Die afgelope twee seisoene is twee kommersiële kultivars weereens onder lisensieooreenkomste met bedryfsvennote ontwikkel en vrygestel.

PlantBio, sê mnr Willem Botes van die planteteeltlaboratorium, het veral in die korogteeltprogram belang gestel, wat uiteindelik tot die kontrak gelei het.

"Hierdie navorsing is net die begin," sê mnr Botes. "Indien daar 'n bio-etanolbedryf in die Wes-Kaap sou ontstaan, sou die korogteeltprogram via inkomste uit vrygestelde kultivars op lang termyn selfonderhoudend kon word – voorwaar 'n aanloklike vooruitsig vir enige navorsingsomgewing."



## US-akademikus wen eerste plek by dti-prysuitdeling

Prof Cornie Scheffer van die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese se THRIP (Technology and Human Resources for Industry Programme)-navorsingsprojek oor biomegatroniese instrumentasie is onlangs in Bloemfontein as wenner in die kategorie vir klein, medium en mikro-ontwikkelings van die Departement Handel en Nywerheid (dti) se tegnologiepryse aangewys.

Dié pryse beoog om mense bewus te maak dat tegnologie gebruik kan word om ondernemings se mededingendheid te verbeter.

Prof Scheffer se navorsing is daarop gemik om instrumente te ontwikkel wat sonder die teenwoordigheid van 'n dokter die nodige pasiënteinligting sowel digitaal as nie-indringend kan versamel. Hierdie inligting kan dan digitaal gestoor en aan 'n dokter gestuur word, wat op grond van die uitslae 'n diagnose kan maak sonder om die pasiënt fisies te sien. Hierdie tegnologie kan die verskaffing van primêre gesondheidsorg, veral in landelike gebiede waar daar 'n groot tekort aan dokters is, drasties verbeter.

"Die prys is 'n groot pluimpie. Ons sukses is aan die studente en medewerkers se uitstekende werk en toewyding aan die Biomediese Ingenieurswese-navorsingsgroep te danke. Ons hoop regtig dat ons werk vele mense se lewensgehalte in die toekoms kan verbeter – dít is wat ons inspireer," sê prof Scheffer.



## Kwantumfisikus lei nou NITheP

Die Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika (NITheP) het 'n nuwe stuurman: prof Frederik Scholtz. Hy was tot onlangs toe hoof van die Departement Fisika.

Die hoofsentrum van die NITheP, 'n geografies verspreide instituut met 'n fokus op opleiding in teoretiese fisika, is by STIAS. Streeksentra is ook by die universiteite van KwaZulu-Natal en die Witwatersrand gesetel. Dit word gefinansier deur die Departement Wetenskap en Tegnologie deur die struktuur van Nasionale Fasiliteite wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) bestuur word.

Prof Scholtz se aanstelling volg op die NITheP se inwyding in Mei by STIAS. By hierdie geleentheid het die wêreldbekende teoretiese fisikus Stephen Hawking die vestiging daarvan as "'n beduidende ontwikkeling vir die basiese wetenskappe in Suid-Afrika en op die vasteland van Afrika" beskryf.

Prof Scholtz is goed toegerus om die NITheP te lei: Sy uitgebreide bestuurservaring sluit 'n aantal termyne as Departementshoof van Fisika in, asook Voorsitter van die NNS se Fisika Evalueringspaneel.

Hierdie internasionaal gerekende kwantumveldteoretikus, wat werk op toepassings in gekondenseerde materie en kernfisika, het reeds talle oorspronklike bydraes gelewer tot wiskundige formalisme binne sy veld. Hy is tans deel van 'n suksesvolle bilaterale program saam met 'n aantal vooraanstaande Indiese navorsers.

# Is Stellenbosch een van die Top 500 universiteite in die wêreld?

Een van die redes waarom rangordes van universiteite soveel aandag begin trek, is die verskillende pogings wat aangewend word om te antwoord op vrae soos: Wat is 'n 'wêreldklas'-universiteit? Watter universiteite is die beste in die wêreld? Is die universiteit waar ek wil gaan studeer, of waarheen ek oorweeg om my kind te stuur, of waar ek self gestudeer het, of wat my genader het vir 'n skenking, een van die top universiteite in die wêreld? Die probleem is dat verskeie instansies rangordes van universiteite opstel en dat hulle werkswyses nogal baie van mekaar verskil. Daar is dus nie 'n finale lys van die voorste 200 of 500 universiteite asof dit 'n objektiewe gegewe is nie, skryf prof Jan Botha, Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning aan die Universiteit Stellenbosch

## Rangordelyste van media-organisasies

'n Hele aantal media-organisasies stel rangordes op en publiseer dit, byvoorbeeld die Australian Good Universities Guide (GUG), die US News and World Report en die weekblad Maclean's in Kanada.

In die Verenigde Koninkryk publiseer die dagblad *The Times* 'n bylae bekend as *The Times Higher Education Supplement* (THES) (wat onlangs herbenoem is tot Times Higher Education). Hierdie blad het in 2004 die eerste keer hulle "World University Rankings" gepubliseer wat berus op vyf aanwysers:

1. Die mening van meer as duisend akademici in byna negentig lande oor universiteite se reputasie (50%);
2. Persentasie buitelandse akademiese personeel (5%);
3. Persentasie buitelandse studente (5%);
4. Die dosent-studentverhouding (20%);
5. Die aantal kere wat 'n instelling se personeel se navorsingspublikasies deur ander navorsers aangehaal word (20%).

Daar is egter aanduidings dat, in die reputasie-opnames, universiteite wat 'n bekende stad se naam dra (byvoorbeeld die Universiteit van Melbourne of die Universiteit van Kaapstad) makliker 'n beter plek behaal as 'n ander universiteit in dieselfde metropolitaanse gebied wat ook baie goed is (byvoorbeeld Monash Universiteit of die Universiteit Stellenbosch).

## Rangordelyste van akademiese studiegroepe

Sulke lyste word ook opgestel deur akademiese studiegroepe, byvoorbeeld die Universiteit van Florida se The Top American Research Universities en die Switserse Sentrum vir Wetenskap en Tegnologie Studies se Champions League of Research Universities.

In Spanje publiseer die Cybermetrics Laboratory 'n Webometrics Ranking of World's Universities gebaseer op universiteite se teenwoordigheid op die web. Die Centrum voor Wetenschaps- en Technologie-Studies (CWTS) van die Universiteit van Leiden in Nederland stel 'n rangorde op gebaseer op publikasie-uitsette wat in die Web of Science-databasis opgeneem is. Meer as 30 miljoen publikasies (sedert 1980) en meer as 300 miljoen aanhalings ("citations") is opgeneem in die Web of Science-databasis. Dit is die mees volledige en betroubare databasis van hierdie aard in die wêreld.

As 'n mens dus fokus op navorsingsuitsette en die impak van navorsingsuitsette, is die US onder die top 500 universiteite in die wêreld.

Shanghai Jiao Tong Universiteit (SJTU) in China se Nagraadse School in Opvoedkunde publiseer sedert 2003 jaarliks 'n "Academic Ranking of World Universities" (ARWU). Hierdie rangorde het populêr bekend geword as dié lys van die "Top 500" universiteite. Daar is drie Suid-Afrikaanse universiteite daarop, maar nie Stellenbosch nie. Die ARWU baseer hulle rangorde op ses aanwysers:

1. Oudstudente wat 'n Nobel-prys of 'n Fields-medalje vir Wiskunde gewen het (10%);
2. Personeellede wat 'n Nobel-prys of 'n Fields-medalje vir Wiskunde gewen het (20%);
3. Navorsers wie se publikasies (in 21 vakrigtings) deur ander navorsers aangehaal is (20%);
4. Aantal artikels gepubliseer in die tydskrifte Nature en Science (20%);
5. Aantal artikels in die Science Citation Index-expanded asook in die Social Science Citation Index (20%);
6. Aanpassing vir die grootte van die instelling (10%).

## Rangordes in perspektief

Hierdie rangordes word baie ernstig gekritiseer op verskeie punte, soos die keuse van aanwysers, die lukrake wyse waarop gewigte toegeken word, die formules wat kort-kort aangepas word en dus enige afleidings oor tyd ongeldig maak, die groot gewig wat aan meningsopnames gegee word wat nie op harde data berus nie, probleme met statistiese betroubaarheid en inkonsekwenthede.

In baie gevalle is die data wat gebruik word onvolledig of onbetroubaar. Deskundiges in die studieveld bekend as Scientometrie is baie krities oor die problematiese werkswyses wat dikwels gebruik word. Baie van hierdie rangordes berus eintlik maar op pseudo-wetenskap. 'n "One size fits all"-benadering maak nie sin nie – universiteite en kontekste verskil heeltemal te veel.

Verder is die groot gewig wat die ARWU aan Nobelprys- en Fields-medaljewenners toeken omstrede. 'n Mens kan dit vergelyk met 'n provinsiale rugbyspan wat hulle posisie in die Curriebekerliga nie baseer op die aantal wedstryde wat hulle teen ander provinsies gewen het nie, maar op die aantal spelers wat in daardie seisoen vir die Springbokke gespeel het. Verder, om soveel gewig aan oudstudente te gee wat Nobelpryse ontvang, kan vergelyk word met 'n provinsiale rugbyspan wat hulle Curriebekerposisie baseer op hulle voormalige spelers wat vir die Springbokke speel in plaas van op die uitslae van die wedstryde wat die span speel.

Of universiteite nou daarvan hou of nie, rangordes het oor die laaste paar jaar baie prominent geword en heelwat mense steur hulle daaraan. 'n Universiteit wat nie tevrede is met hulle plek op 'n ranglys of wat dalk glad nie 'n bepaalde ranglys gehaal het nie, is natuurlik in die versoeking om die werkswyse van ranglyste aan te val. Dit is tipies menslik: as jy nie van die uitslag van 'n wedstryd hou nie, blameer jy die reëls of die skeidsregter. Of jy kies die rangorde waarin jou eie universiteit meer gunstig lyk!

## Hoe vaar Stellenbosch?

Volgens die CTWS in Leiden was die Universiteit van Stellenbosch in 2007 in terme van internasionale publikasie-uitsette in posisie 454 van die top 500 universiteite wêreldwyd en in posisie 415 in terme van impak van aanhalings uit US-wetenskaplikes se publikasies. Die CWTS se ranglys is van die mees betroubare ten opsigte van navorsing, maar hulle probeer (tereg) nie om universiteite in 'n omvattende sin in 'n rangorde te plaas nie. Hulle kyk dus nie tegelykertyd ook na universiteite se onderrig of gemeenskaps-interaksie of navorsingsbefondsing of populêre reputasie of enige van al die ander moontlike aanwysers nie. Dit is immers ook heel kompleks om iets soos onderrigkwaliteit in syfers uit te druk. As 'n mens dus fokus op navorsingsuitsette en die impak van navorsings-uitsette, is die US onder die top 500 universiteite in die wêreld.

## Knelpunte

Dit is belangrik om die volgende in gedagte te hou:

- Dit is eers in die afgelope twee dekades dat die US 'n sterk navorsingsgeoriënteerde universiteit geword het. Dit sal dus 'n tyd duur voordat die effek daarvan duideliker waarneembaar sal wees in die rangordes wat op navorsingsprestasie gebaseer word. Dat die US reeds so goed vaar, is 'n pluimpie vir die US se navorsers.
- Is dit sinvol vir die US om juis nou groot waarde aan rangordes te heg? Die Universiteit is tans besig met beplannings- en finansieringsprosesse om die Universiteit te herposisioneer. Watter oorwegings behoort meer gewig te dra: ekstern-gedikteerde oorwegings deur media- en ander instansies, of die Universiteit se eie doelwitstelling en prioritisering, gegewe die geskiedenis, konteks en ideale van die US?
- Is dit verder sinvol om mikpunte aktief na te streef wat dikwels lukraak gestel of op problematiese wyses gemeet word en wat in elk geval nie in die voorsienbare toekoms realisties haalbaar is nie? Daardie mikpunte is in ieder geval ook grootliks buite die beheer van die Universiteit.
- Die impak van die US se taalpraktyke op die posisie wat die Universiteit in sommige van die ranglyste sou kon behaal moet in gedagte gehou word. Byvoorbeeld, die persentasie internasionale studente (voorgraads en nagraads) en die persentasie internasionale dosente word in sommige rangordes as aanwyser gebruik. Omdat Afrikaans die onderrigtaal in baie voorgraadse programme is, kan die internasionale studente net in sommige voorgraadse programme aan die US studeer. Dit is ook moeiliker om top akademici van oral in die wêreld by die US aan te stel hieroor. Vanweë die posisie van Engels as wêreldtaal bevoordeel die rangordes Engelssprekende universiteite.
- Die Universiteit is besig om 'n aantal vlagskipprojekte te ontwikkel wat afgestem op is die Millennium-doelwitte van die Verenigde Nasies met die doel om die Universiteit "beduidend anders en beduidend beter" te maak, in die woorde van die Rektor, prof Russel Botman. Hierdie vlagskipprojekte word nie in die eerste plek gekies om beter resultate in van die rangordes te probeer bewerkstellig nie. Terselfdertyd is die Universiteit natuurlik wel bedag daarop dat die vlagskipprojekte ons nie moet laat wegdryf van beter posisies in die rangordes nie.
- Dit word al hoe duideliker dat daar 'n verband bestaan tussen die posisie van 'n universiteit in sommige van die rangordes en die finansiële belegging wat in daardie universiteit gemaak word. 'n Ekonomies welvarende land kan tot 'n groot mate vir sy universiteite 'n plek op sommige van die rangordes 'koop' deur top akademici met reuse-aanbiedings en toegang tot duur navorsingfasiliteite na hulle te lok, soos byvoorbeeld Singapoer en Saoedi-Arabië. Daar word wyd aanvaar dat 'n aantal Chinese universiteite in die 2008 AWRU beduidend beter gevaar het vanweë geweldige groot finansiële inspuitings. Dit is onrealisties om te dink dat universiteite in ontwikkelende en minder welvarende lande 'n realistiese kans het om daarmee te kompeteer.

## Hoe nou gemaak met rangordes?

Die Universiteit handhaaf 'n genuanseerde benadering tot die rangordes, gegewe die huidige realiteite van die Universiteit (ingeslote die taalbeleid), ons land en ons kontinent, asook gegewe die problematiese metodologie van die meeste van die rangordes. Ons moniteer die ranglyste wel deurlopend. Ons Afdeling Navorsingsontwikkeling en ons Sentrum vir Wetenskap en Tegnologiestudies (SENWET) beskik oor deskundiges op die gebied van Scientometrie. SENWET onderhou die enigste en mees gerespekteerde databasis van wetenskaplike uitsette in Suid-Afrika. Die Universiteit werk ook nou saam met voorste internasionale instansies soos die CTWS in Nederland.

Professor Lee Harvey van Brittanje, een van die mees gerespekteerde internasionale deskundiges in gehalteversekering in hoër onderwys, het in September 2008 in 'n referaat by die Annual Forum van die European Association for Institutional Research (EAIR) die volgende opmerking oor die rangordes gemaak: "What's good about them? They are easy to use. What's bad about them? Most everything else." m

**The article gives an account of Stellenbosch University's position on the number of international rankings of universities.**


2009

INVEST
GROW
SUCCEED

# Executive Development Programmes

**COMPREHENSIVE PROGRAMMES**

Executive Development Programme
Senior Management Development Programme
Management Development Programme
New Managers' Development Programme

**COACHING PROGRAMMES**

Certificate in Coaching Practice
Coaching for Performance

**FINANCIAL MANAGEMENT PROGRAMMES**

Financial Management for Non-Financial Managers
Programme in Wealth Management

**GENERAL PROGRAMMES**

Commercial Negotiation
Consensus-Building & Conflict Management in the Workplace
Entrepreneurial Business Management
Knowledge Management
Management Programme for NPO's
MBA Foundation Programme
Mediation Skills for Managers
Passport to China
Health Technology Assessment
Managing Labour Relations and Employment Related Risks
Supply Chain Management

**HUMAN RESOURCES MANAGEMENT PROGRAMMES**

Programme in Performance Management
Programme in Strategic Human Resources Leadership

**LEADERSHIP PROGRAMMES**

Authentic Leadership through the Gift of Horses
Development of Leadership & Team Skills (POLS)
Foundations of Leadership (International)
Leadership Development Programme (International)

**MARKETING MANAGEMENT PROGRAMMES**

Digital Marketing Strategy
Managing Customer Service Excellence
Managing Marketing Assets
Strategic Marketing Metrics

**PROJECT MANAGEMENT PROGRAMMES**

Various options available

**WORKSHOPS**

Conscious Career Strategies for Women

Contact us for more information
+27 (0)21 918 4488/4344
www.usb-ed.com

USB Executive Development Ltd
University of Stellenbosch Business School
The best business learning in the world is our business.

EFMD EQUIS ACCREDITED

# *International Office*
## celebrates 15 years of service to Stellenbosch University

From humble beginnings in 1993 and operating from a one room office, the International Office (IO), which offers all round support to foreign students as well as Stellenbosch students seeking study opportunities abroad, have grown to a noteworthy unit within Stellenbosch University (SU), writes Peni Dodo, a journalism student.

"From the first 14 or so exchange students in February 1994 and the always present students from Namibia we are now involved with some 2 500 degree and non-degree seeking students from more than 90 countries, contributing to diversity at our University," says Mr Robert Kotzé, Director of the International Office.

And to celebrate 15 years of stimulating linkages, encouraging academic and student mobility and providing all round support to internationalisation activities on the Stellenbosch University campuses, the International Office (IO) held a gala event in the Endler Hall of the Konservatorium in August.

A highlight was the announcement of this year's recipient of the Sampie Award for Internationalisation – an award that recognises the value that is placed on the contribution of individuals to the internationalisation process. "The award carries the name of well-known economist and Professor in Economics, Prof Sampie Terreblanche, for his invaluable contribution to the International Office and to internationalisation activities at Stellenbosch University, Ms Samantha Walbrugh-Parsadh, Assistant Director of the International Office, explained. "In celebrating its 15th anniversary, the International Office opted to present three awards, namely to an academic, a student and an organisation."

The recipient in the student category was Mike Leslie, an international student who came to the University in 2003 as part of a study abroad programme - but never left! Leslie continued his studies at the University and is now enrolled for a MPhil degree. According to Mr Ben Nel, manager for student life and services, Leslie received the award for his contribution towards community development.

"Mike did not waste time to explore. He got involved in the International Students Organisation Stellenbosch (ISOS) and soon became a driving force in the community project at Ikaya Primary School, a programme that was initiated a few years earlier by international students under the auspices of ISOS. In 2007 he became the first international student (besides students from Namibia) to be elected on the Students Representative Council of Stellenbosch University - a great achievement for an English speaking American student on a very Afrikaans speaking campus. The title of his portfolio was Community Interaction and Environmental Affairs," he said.



The organisation which received a "Sampie Award" was the American Institute for Foreign Study (AIFS) for their ten years of association with SU. Mr Mark Simpson, Senior Vice President of AIFS accepted the award on their behalf. Close to 700 students from a wide variety of American institutions have spent a Summer School or a semester (or longer) in Stellenbosch.

The award for an academic went to Prof Fritz Hahne, former Dean of the Faculty of Science and one of the founding directors of the African Institute for Mathematical and Sciences (AIMS). Ms Dorothy Stevens presented this award on behalf of the IO to Hahne for his role in establishing linkages, exchanges and drawing high quality international students from Africa to US.





*Top: Sampie awards! Here are Mr Robert Kotzé of the International Office and recipients Prof Fritz Hahne, Mr Mike Leslie, Mr Mark Simpson and Prof Sampie Terreblanche*

*Bottom: The International Office regularly hosts international delegations visiting the University to explore new academic collaboration or to nurture existing linkages. A delegation from Huazhong University of Science & Technology was one of several Chinese delegations visiting especially the Faculty of Engineering to explore the possible academic collaboration. Here in front of the International Office, Wilcocks Building are: Dr Xiangdong XIA, Director: Research and Development Office, Prof Shiqi LI, Deputy Director: Institute for Advanced Technology & Equipment, Prof Yong YANG, Vice-President of the University, Mr Robert Kotzé, Mr Ma XINQIANG, Board Chairman: Huagong Tech Company Ltd and Dr Quisheng CHEN, Deputy Director: International Exchange Centre.*

### Stellenbosch Family Meeting

The event was also attended by delegates to the IO's fifth annual Stellenbosch Family Meeting (SFM) in which the IO hosts delegates from some of the international institutions that University has a partnership with. This year visitors came from amongst others, the Universities of Arizona, Hong Kong, Copenhagen, Hamburg and Namibia.

### International development agenda

In toasting the International Office, Mr Kotzé said that through the Rector's vision of a Pedagogy of Hope "we as an institution would like to work towards making our University significantly better and significantly different in terms of the international development agenda. I believe that the International Office can make a meaningful contribution towards reaching the institution's objectives in this regard".

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH: 90 JAAR




# Wanneer vier 'n mens fees?

**Die Universiteit Stellenbosch (US) is vanjaar negentig jaar oud. Dr Matilda Burden, Senior Lektor in die Departement Geskiedenis en ook verbonde aan die Universiteitsmuseum, het vroeër vanjaar op die Woordfees 'n aanbieding oor die Universiteit se negentigjarige bestaan gedoen. Hier vertel sy meer oor hoekom die Universiteit soveel jonger blyk te wees as 'n paar ander universiteite in Suid-Afrika.**

In die mens se bestaan is dit 'n prestasie om negentig jaar oud te word en gaan dit met groot vieringe gepaard, aangesien dit vir min beskore is om die magiese honderd te haal. In die lewe van 'n instansie steur mense hulle egter gewoonlik min aan die negentigjaarbaken – almal dink reeds vooruit aan die eeufees.

Hoewel nie met groot fanfare nie, het die Universiteit tog vanjaar sy negentig jaar herdenk – by meer as een geleentheid.

In Maart is op die Woordfees 'n lesing aangebied wat staaltjies, meestal humoristies, oor die mense en gebeure van die afgelope nege dekades uitgelig het (hierdie lesing is reeds by 'n paar geleenthede herhaal). Vroeg in Mei is 'n uitstalling by die Universiteitsmuseum geopen oor die kanseliers, visekanseliers en rektore wat die Universiteit in die negentig jaar gedien het. Met skilderye, foto's en tekste word die bydraes van die twaalf kanseliers, vier visekanseliers en elf rektore uitgebeeld (die uitstalling is geopen voor die verkiesing van die dertiende kanselier, dr Frederik Van Zyl Slabbert).

## Is Stellenbosch dan nie veel ouer nie?

Die meeste instansies wil graag hul ontstaan herdenk, maar dit is nie altyd maklik om vas te stel wanneer dit gevier moet word nie. Universiteite, skole, departemente en organisasies het dikwels voorlopers gehad met 'n ander naam en status. Daar kan dus tereg gevra word hoe oud die US is – veral omdat onderwys op Stellenbosch lank voor 1918 begin het.

Die US is amptelik op 2 April 1918 deur wetgewing as universiteit verklaar – interessant genoeg saam met twee ander: die Universiteit van Kaapstad (UK) en die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa).

Dit was egter nie net 'n formaliteit om as universiteit verklaar te word nie. Jare se onderhandelings, reeds vanaf 1901, en die promulgering van die Wet op die Universiteit van Stellenbosch (Wet 13 van 1916) het dit voorafgegaan. Die wet het onder meer bepaal dat Stellenbosch die eerste Afrikaanse universiteit in Suid-Afrika sou wees. Op 2 en 3 April 1918 was daar groot feesvieringe in die vorm van 'n feesdiens, feesredes en verskeie onthale om die werklike geboorte van die US te vier.

Die US het gegroei uit die Victoria Kollege, wat gegroei het uit die Stellenbosch College, wat weer uit die Stellenbosch Gimnasium ontstaan het.

## Verskeie feesdatums

Die Universiteit sou dus in 1966 reeds 'n eeufees kon vier, omdat die Stellenbosch Gimnasium in 1866 gestig is. Trouens, daar wás so 'n fees, waartydens die Universiteit selfs gelukgewens is met sy honderdjarige bestaan (in onder meer *Matieland*), maar dit is natuurlik nie korrek nie – dit was hoër onderwys op Stellenbosch wat daardie jaar honderd jaar oud was.

Vervolgens sou daar in 1981 'n eeufees kon plaasvind, aangesien die Stellenbosch College in 1881 uit die gimnasium ontwikkel het, terwyl die gimnasium as hoërskool bly voortbestaan het. In 1887, die jubileumjaar van Koningin Victoria, het die College 'n naamsverandering ondergaan en die Victoria Kollege geword. Dit is egter 'n feit dat die Universiteit eers in 1918 universiteitstatus verkry het en dus eers in 2018 as die US eeufees kan vier.

Ander universiteite neem egter die voorlopers se datums as geboortejare en daarom het die Universiteit van die Vrystaat (UV) in 2004, en die Universiteit van Pretoria (UP) in 2008 reeds eeufees gevier, terwyl hulle eers in 1950 en 1930 onderskeidelik universiteitstatus gekry het. Gemeet aan die definisie van amptelike universiteitstatus is die US dus net so oud soos die UK en ouer as die UV en UP.

Die uitstalling in die Universiteitsmuseum sal nog 'n geruime tyd te sien wees en die lesing oor die staaltjies kan op aanvraag aangebied word.

Stellenbosch University is 90 years old this year. The article explains why the perception is created that the University is so much younger than a number of other universities, while it is in fact just as old as and in many cases older than most universities in South Africa.

**Het jy 'n ander mening oor die ouderdom van die US? Laat ons weet!**

# WAT KOESTER Afrikaans

"Taal is soos water – dit loop waar dit wil." Só sê dr Willem Botha, Hoofredakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT). As taal soos water is, dan moet die WAT 'n dam wees – 'n dam wat tydsaam elke druppeltjie Afrikaans koesterend opgaar en met sorg beskerm vir toekomstige generasies van Afrikaanssprekendes, skryf Anri van der Spuy.






***BO:*** *By die WAT is dit vroue wat voor vat! Geskiedenis is vanjaar by die WAT gemaak toe vroue vir die eerste maal as voorsitter van die direksie van die Buro van die WAT, sowel as van die WAT Trust gekies is. Prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig van die Universiteit Stellenbosch, is die nuwe Voorsitter van die direksie en me Erna Meaker is die nuwe Voorsitter van die WAT Trust. Hier is prof Magda Fourie, dr Willem Botha, Hoofredakteur en Uitvoerende Direkteur van die WAT; en me Erna Meaker.*

***ONDER:*** *Die WAT hou elke drie maande 'n Woordpret waartydens 'n Afrikaanse skrywer, sanger of verteller optree. Vanjaar het Deon Meyer, Dana Snyman, Daniel Hugo en Carina Diedericks-Hugo en Nico Nel die gaste kom vermaak. Hier verskyn Dana Snyman (middel), Afrikaanse skrywer en reisredakteur van die buitelugtydskrif Weg!, saam met sy vrou Naomi en prof Jerzy Koch van Pole wie Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wroclaw en die Adam Mickiewicz Universiteit in Pole doseer.*

Dié dam word al dieper geskraap in Banhoekweg 115, 'n gebou wat deur die Universiteit Stellenbosch (US) aan die WAT verhuur word. Danksy 'n samewerkingsooreenkoms met die US in 1926, toe die poging om 'n omvattende woordeboek te skryf van stapel gestuur is, bestaan daar steeds 'n noue band tussen dié twee instansies. Die WAT deel vandag teen billike tariewe in die infrastruktuur van die US, en die voorsitter van die WAT se direksie word ook deur die US benoem. Dié posisie word tans deur prof Magda Fourie, Viserektor (Onderrig), beklee.

> Ondanks voortdurende veranderings in die samelewing sorg dié merkwaardige woordeboek dat g'n jota of tittel van die Afrikaanse taal verlore gaan nie.

Omdat dit 'n omvattende woordeboek is, bestaan die WAT met die doel om die Afrikaanse woordeskat in sy wydste moontlike omvang vas te lê. "Dit sluit in die optekening en verwerking in woordeboekformaat van nie alleen standaardafrikaans nie," verduidelik dr Botha, "maar ook streektaal, geselstaal, die ryke skat van Afrikaanse uitdrukkings en die verskillende variëteite soos Namakwalands, Kaaps en Griekwa-Afrikaans." Soos die WAT Trust ook inderdaad op sy webtuiste beaam: "Ondanks voortdurende veranderings in die samelewing sorg dié merkwaardige woordeboek dat g'n jota of tittel van die Afrikaanse taal verlore gaan nie."

Die taak behels dus 'n langdurige proses wat toesien dat die woorde wat aan elke letter van die alfabet behoort, opgeneem, gedefinieer, van voorbeeldmateriaal uit die gesproke en geskrewe taal voorsien en dan in sowel gedrukte as elektroniese formaat gepubliseer word. Die WAT-span het onlangs dié prosedure met die letter R voltooi – en sal in Februarie 2009 met die letter S begin.

Daar word gehoop dat die woordeboek uiteindelik oor 21 jaar voltooi sal wees, maar dit sal afhang van finansiering. Soos ander moderne en ontwikkelde (én ontwikkelende) tale, is dit noodsaaklik dat dié omvattende woordeboek in sy geheel die lig sal sien sodat ons 'n besef kan kry van die volle seggingskrag en omvangrykheid van Afrikaans. "Die vraag is egter of Afrikaans daardie geleentheid gegun gaan word," waarsku dr Botha.

Met staatsubsidies wat die laaste paar jaar al minder word, bestaan die gevaar voortdurend dat die WAT-dam sal opdroog. Hoewel die vrygewigheid van donateurs tans toesien dat die poging kan voortgaan, is die WAT volgens dr Botha nog lank nie finansieel uit die diep kant nie. Sy hoop is om deur verdere skenkings 'n kapitaalfonds van R30 miljoen op te bou sodat verseker kan word dat die WAT tot by Z voltooi word en daarna gereeld bygewerk kan word.

Die WAT staan egter slegs 'n kans "solank mense nog Afrikaans praat", sê dr Botha. Daarom wil hy graag verseker dat die status en gehalte van Afrikaans as 'n vak by skole, veral voorheen-benadeelde skole, gehandhaaf en selfs verhoog word. Werksessies waarin die Elektroniese WAT gebruik word en wat by die Afrikaans-kurrikulum aansluit, word gereeld by skole gehou en onderwysers word ook van lesplanne voorsien. Om dié rede soek die WAT-span tans 'n borg wat, in samewerking met die Khanya-projek van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, die installering van die Elektroniese WAT by meer as duisend skole sal finansier.

Dit is immers vandag se leerders wat die toekoms van, onder meer, die taal gaan bepaal. Dié generasie Afrikaanssprekendes bewys ook ál meer dat Afrikaans koel is – soos gesien met die ontwikkeling van die Afrikaanse rock-beweging en die Afrikaanse musiekkanaal MK (kanaal 324 op die betaaltelevisie DStv). "Die mense op straat wen die stryd en gee die pas aan," sê dr Botha.

Soos water volg taal egter die pad van die minste weerstand, wat die taak vir die WAT-span moeiliker maak weens voortdurende vernuwings en veranderings. Om te verseker dat Afrikaans bewaar word, moet die taal volledig opgeteken en bestudeer word. Soos die ou uitdrukking lui: As die dam vol is, loop die fontein. ■

## Waar kry 'n mens die WAT?

Die WAT is teen 'n intekenfooi van R150 per jaar by www.woordeboek.co.za beskikbaar. Die Elektroniese WAT (op CD) kan teen R399 aangekoop word. Ook die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* (EWA) is op CD beskikbaar. Besoek www.wat.co.za vir meer inligting.


## Maak die dam vol

Die WAT is afhanklik van die finansiële ondersteuning van sy donateurs. MatiesAlumni wat 'n bydrae tot die bewaring van Afrikaans wil maak, kan 'n donasie aan die WAT maak. Besoek die webtuiste van die WAT by www.wat.co.za en kliek deur na die WAT Trust of kontak dr Botha by 021 887 3113.

## Kom in rat!

Om te verseker dat Afrikaans relevant bly, is die ideaal om voortdurend nuwe woorde by te voeg. Só is die woord "palwisselratkas" opgeteken as die Afrikaanse vorm van Engels "constant velocity transmission". Stuur jóú nuwe woorde aan dr Botha by wfb@sun.ac.za.

**The WAT, or Dictionary of the Afrikaans Language, is more than 80 years old. The article gives a brief overview of this dynamic organisation and its relationship with Stellenbosch University.**



**Early-morning roll-calls at 07:30 before classes start, compulsory physical training and intensive military courses, attending classes in uniform, participation in the University's RAG, the Trans Enduro rubber-duck and cycling fundraising and community project, and the Maziza community outreach programme.**

# Saldanha students

## IN SERVICE OF SOUTH AFRICA



*Lieutenants Tinyiko Maluleke and Alma van der Merwe received the Rector's Award for Excellent Achievement.*

These are all part of student life for the 300 residential undergraduate students enrolled with the Faculty of Military Science at the Military Academy of the South African National Defence Force (SANDF) in Saldanha.

"The dual responsibility to study and to become militarily proficient equips our young military professionals with the necessary skills to become an asset to the SANDF and to the broader labour market in years to come," believes secundus dean Mr Sam Tshehla of the Faculty.

This unique institution provides military training and, more importantly, tertiary military education to young SANDF officers. The Faculty is headed by Dean Prof Edna van Harte, while Rear Admiral (Junior Grade) Derek Christian is the Commandant of the Military Academy.

Looking back on the activities of 2008, Mr Tshehla says that it has been a busy year for the students and the staff alike at Saldanha. The Faculty hosted two international conferences that focused on maritime security and on the strategic challenges that armed forces in Africa will face in the next decade, respectively. Both conferences were widely attended by academics, staff from the Department of Defence (DOD) and representatives from defence-related industries.

"The Military Academy strives to lead the way for professional military education in Africa and empowers members of the Department of Defence and the African security community through professional military education to manage current and future security challenges effectively," Mr Tshehla says.

After winning the Stellenbosch University round of the Sanlam Creativity for Progress competition, a group of Military Academy students represented the University at this annual community-development competition held among South Africa's foremost academic institutions. This year's theme – "A better life for people in informal settlements" – gave the students the opportunity to create their own innovative concept to improve the lives of people in informal settlements.

Postgraduate students in the Industrial Psychology Department also made their mark. Captain Charles Kgosana was selected as the best master's student out of all the South African universities, attending the Society for Industrial and Organisational Psychology Conference in San Francisco. Captain Thamsanqa Dhladla represented masters' students from South African universities at the International Testing Commission Conference in Liverpool.

Students such as Lieutenants Tinyiko Maluleke and Alma van der Merwe held the Faculty's name high by receiving awards for excellent academic achievements at Stellenbosch University. Lieutenant Maluleke spread his wings all the way to Russia, where he attended the Physics Winter Practice Programme hosted by the Russian Joint Institute for Nuclear Research. He was joined by fellow physics postgraduate student Lieutenant Alfred Sehone and 19 other students from other South African universities and research institutions. Dr Noel Jacobs, Chair of the Faculty's School of Science and Technology, accompanied them as facilitator and the South African representative to Dubna.

"The involvement and participation of these two postgraduates form part of our vision to grow and provide the DOD and SANDF with a pool of highly skilled and competent officers who will apply their knowledge and skills in a military technological context and therefore help to maintain the competitive edge of the broader SANDF in a highly competitive global technological environment," Dr Jacobs says.

According to Prof Edna van Harte, the Faculty is making a unique contribution to tertiary education in South Africa and the security needs of South Africa. Her current focus on developing the research capacity of both the faculty and that of postgraduate students is inspired by the future research needs of South Africa. "I am delighted by some of the unique opportunities that came the way of the Faculty through, for instance, our participation as protocol personnel during the recent International Parliamentary Union."

Prof Van Harte, along with ten other top South African women, was honoured for their contribution or work in the country at the 12th *Rapport/ City Press* Prestige Women's Day at a function in Midrand recently.

- **Alumni of the Military Academy are invited to contact Prof Van Harte for information on how they can help in repositioning the Military Academy as a national asset. Call her on 022 702 3019 or via e-mail at lvanharte@ma2.sun.ac.za.**



Prof Tommie Victor (right) receives his award at a ceremony held during the conference of the International Society for Infectious Diseases.

# International honours for SU researcher

Prof Tommie Victor recently received the international Sanofi Pasteur award for outstanding research on multi-drug resistant tuberculosis.

Outstanding research on both multi- drug resistant tuberculosis and extremely drug-resistant tuberculosis – a disease that has claimed the lives of a large number of South Africans in recent years – has earned Prof Tommie Victor of the Faculty of Health Sciences special recognition from the International Society for Infectious Diseases.

Prof Victor was recently invited to deliver a paper at the Society's international conference in Kuala Lumpur, Malaysia. During the conference, he was awarded the Society's Sanofi Pasteur award, specifically for his outstanding research on multi-drug resistant tuberculosis and on extremely drug-resistant tuberculosis. Prof Victor had already received the Stellenbosch University (SU) Rector's award for research excellence in 2005.

Prof Victor is one of the senior research scientists in the Molecular Biology and Human Genetics Division of the SU Department of Biomedical Sciences on the Tygerberg Campus who has played a pivotal role in establishing SU as one of the foremost institutions worldwide in the field of tuberculosis research. As a result of the work done by the Division, it has also been recognised by the South African government as a TB Centre of Excellence.

# Urologists first AMONG PEERS



Drs Amir Zarrabi and André van der Merwe

For the past 24 years, Stellenbosch University's Urology Division has been 'first' amongst its academic peers - and 2008 was no exception. At the recent biennial congress of the SA Urological Association, the organisation's two top prizes were once again awarded to members of the Stellenbosch Division.

Although there are Urology departments at seven of the South Africa's eight medical schools, 21 of the 27 prizes awarded by the Association over the past 24 years were won by registrars and consultants attached to Stellenbosch University and Tygerberg Hospital.

The Storz prize for the most outstanding young Urologist in South Africa was awarded to **Dr André van der Merwe**, senior lecturer in the Urology Division of SU/Tygerberg Hospital, while the Bard prize for the best paper presented at the congress went to **Dr Amir Zarrabi**, also of SU/Tygerberg. It was awarded to Zarrabi for his paper entitled, Computer directed robotic gantry system for gaining precisely targeted needle access to the renal collecting system during percutaneous nephrol i thotomy (PCNL).

The project was done in collaboration with Mr Jean-Pierre Conradie, a MSc-Ing student in the Department of Mechanical and Mechatronic Engineering at Stellenbosch, who wrote the computer programme and designed the robotic gantry.

Menslike Voeding






Prof Marietjie de Villiers

# UNIEKE DIENS VIR DIEETKUNDIGES BEKEND GESTEL

Die Afdeling Menslike Voeding in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe het onlangs 'n unieke diens bekend gestel wat dit vir dieetkundiges landwyd moontlik sal maak om vinnig en doeltreffend 'n dieet vir nierlyers saam te stel.

Die *RenalSmart Nutritional Information System* is 'n webwerf waar geregistreerde dieetkundiges 'n dieet kan uitwerk wat aan die spesiale behoeftes van nierpasiënte voldoen. Ander mense, soos gesondheidspersoneel en pasiënte self, het ook beperkte toegang tot die program.



"Renal Smart bestaan uit twee komponente," verduidelik prof Marietjie Herselman, Waarnemende Hoof van die Afdeling Menslike Voeding, wat die dryfkrag was agter die ontwikkeling van die webwerf. "Die eerste komponent is 'n blog waar interaksie tussen gebruikers plaasvind en waar onder meer gratis toegang verleen word tot opvoedkundige materiaal vir pasiëntvoorligting. Daarna meld jy aan op die RenalSmart-toepassingsprogram, wat gegrond is op nierruillyste - voedselsoorte wat saam gegroepeer is volgens voedingswaarde, en wat met mekaar uitgeruil kan word solank dit in dieselfde groepering val. Die pasiënt se mediese en kliniese inligting word op die program ingevul en na aanleiding daarvan werk die program die regte dieetvoorskrif, maaltydplan en spyskaart uit."

Sy sê ook dit is ingewikkeld en tydrowend vir dieetkundiges om 'n nierdieet uit te werk, veral vir diegene wat nie gereeld nierpasiënte sien nie. Waar so 'n proses tot 'n uur kan duur, doen die RenalSmart-program dit in 'n ommesientjie.

- **Besoek gerus die webwerf by www.renalsmart.co.za.**







*Photo far left: Dr Corena de Beer*
*(Photo: SSFD)*

*Photo left: At the recent opening were Prof Arnold van Zyl (SU), Dr José Esparza (Gates Foundation), Dr Hagen von Briesen (Fraunhofer Institute, Germany), Prof Edward Karmanov (Ivanovsky Institute, Russia), Prof Jean Nachega and Prof Wolfgang Preiser (SU)*

# Groundbreaking HIV-vaccine development

**Researchers at the Faculty of Health Sciences are playing a pivotal role in one of the latest and largest efforts by an international consortium of research institutions to design safe and effective vaccines to combat the HIV epidemic.**

Breaking new ground in the field of vaccine development, the Virology Division of Stellenbosch University (SU) – as part of a global HIV-vaccine research effort – recently became the first institution in South Africa and in Africa to start collecting samples of recently transmitted HIV strains from locations in the Western and Eastern Cape for storage in a state-of-the-art research cryorepository at the Tygerberg campus. This collection will eventually form part of a global collection of HIV specimens. It will be shared worldwide by collaborating laboratories in a renewed effort to develop HIV vaccines through the application of new technologies, concepts and approaches.

The Faculty is one of 13 partners in the Collaboration for Aids Vaccine Discovery (CAVD) group, established in 2006. The CAVD is coordinated by the Fraunhofer Institute for Biomedical Engineering in Germany and funded by the Bill and Melinda Gates Foundation.

As one of five central service facilities within the consortium, a new cutting-edge laboratory – one of the most modern cryorepositories in the world – was recently established at the Tygerberg campus. The official opening of this facility was attended by renowned international scientists from the consortium and by representatives from the Gates Foundation.

According to the head of the Virology Division, Prof Wolfgang Preiser, the Faculty is the consortium's only prime site in Africa. The Division was asked to participate in the project because it engages in both routine and scientific research on HIV/Aids and it boasts a large component of skilled staff, modern equipment and a busy diagnostic section.

Prof Preiser and Dr Corena de Beer, who heads the Stellenbosch CAVD project, explain that the new facility comprises a highly sophisticated Chameleon laboratory equipped with electronic equipment for standardised optimal procedures and specialised software for the entering of cell counts and the storing, electronic labelling and tracking of HIV samples. "For instance, when a sample is stored in the cryorepository, all the details, generated in the lab, are stored on an electronic chip that goes into the tank with the sample," says Dr De Beer. She further points out that HIV is a recombinant virus that is made up of genetic information from different strains of HIV. Since the virus mutates rapidly, it is important to preserve as many samples of the different strains as possible.

The partners of the CAVD project include the University of Washington in the United States and the University of Lund in Sweden as well as other institutions in the US, Italy and Switzerland

The CAVD now has access to 18 grants totalling $327 million over five years, with additional co-funding provided by the Fraunhofer Society and the Ministry of Economic Affairs of Saarland in Germany, and the Swiss State Secretariat of Education and Research.

# Polymer pioneer retires (almost)

*by Engela Duvenage*

"Do you prefer curtains in front of your windows or not? Wearing clothes or not? Using cosmetics or not? Do you need ink to read this article?"

This is the simplistic answer that Prof Ron Sanderson, who retires as director of the UNESCO Associated Centre for Macromolecules and Materials in the Department of Chemistry and Polymer Science gives when asked what impact polymer scientists have on everyday life.

People often use the term 'polymer' only for plastics but it actually refers to a large class of natural and synthetic materials made up of large molecules – or macromolecules – with various properties and purposes. "About 65% of everything on earth – both man-made and natural – is made from polymers," Prof Sanderson says.

Polymers are tiny repeating structural units that typically connect through chemical bonds to form anything from rubber and wood to paints, paper, sealant and silly putty. The imagination, it seems, is the only limitation to their possible use.

Prof Sanderson is passionate about his discipline. It is, after all, what this internationally recognised scientist has dedicated the past four decades to.

When Prof Sanderson joined Stellenbosch University (SU) in the early 1970s, he was tasked with initiating polymer-science training courses. At the time, it was a virtually non-existent academic field at Stellenbosch – and in Africa, for that matter. Today, however, SU is the only South African academic institution to provide in-depth training in polymer science. Our postgraduate programmes attract students from around Africa and Europe alike and are endorsed by UNESCO. Graduates have risen through the ranks of local and international research institutions and companies or head up their own entrepreneurial concerns.

Prof Sanderson was promoter and co-promoter to 84 MSc and 47 PhD graduates and is still guiding another 13 MSc and 16 PhD students. His efforts to train and mentor black researchers and students successfully were recognised this year with a National Science and Technology Forum Award.

Human capacity building is not Prof Sanderson's only forte: he leaves a legacy of almost 200 publications, international ties in Europe, the USA and Far East, a significant funding base between SU and industry, advanced South African manufacturing techniques and 40-odd local and international patents.

Early research successes include the preparation of glass-fibre materials and rocket propellants for defence purposes. Stellenbosch polymer scientists have since developed thin films or membrane coatings that the paint and paper industries use for 'green' paper and packaging and mosquito-repellent paints. They have worked extensively in the polyolefin field to boost the petrochemical industry. Ground-breaking textile-fibre research has recently led to the SU licensing yarn production to a Czech producer.

Ongoing water-treatment research focuses on low fouling membranes, infrasonic back-pulsing and novel capillary membranes for conventional water treatment and desalination.

Prof Sanderson has recently received the prestigious 2008 Outstanding Alumni Award from his *alma mater*, the Polymer Science and Polymer Engineering Department of the University of Akron in the USA. Its programmes are ranked among those of the top American universities and its high-tech polymer-science building housing 400 students is the stuff of architectural dreams.

When comparing Akron with SU polymer research, Prof Sanderson starts pacing around his crowded office. "A resource-driven economy such as ours needs as many polymer scientists as possible. The SU doesn't have sufficient space to support a similar tremendous growth in student numbers but we do have world-class expertise and equipment to ensure top-quality training."

Prof Sanderson has no doubt that the discipline will continue to grow. Succession plans include the appointment of world-class colleagues, such as A-rated scientist Prof Bert Klumperman, holder of the SARChI Research Chair in Advanced Macromolecular Architectures, and Prof Harold Pasch, holder of the Sasol Chair in Polymer Characterisation.

Retirement does not mean lazy days playing golf, however. As emeritus professor in the Department of Chemistry and Polymer Science, Prof Sanderson will help with a new flagship research programme using nanotechnology in water treatment and will drive a national initiative to recruit more women and black polymer scientists.

The recent 2008 International Union of Pure and Applied Chemistry Conference on Macromolecules and Materials in part honoured Prof Sanderson on the occasion of his 65th birthday. Plans are also underway to establish the Ronald Sanderson bursary for Polymer Science with industry support.

This is an appropriate acknowledgement by colleagues of a scientific life – sometimes unorthodox but always productive – well lived. m



# Kurper
## nou SA se eie biowaarskuwer

Suider-Afrikaanse waterkundiges kan nou 'n plaaslike kurperspesie – pleks van 'n uitheemse vissoort – gebruik om te toets of waterbronne met hormoonversteurende chemiese stowwe besoedel is.

Sulke stowwe kan subtiel die vroulike hormoon estrogeen naboots, die manlike hormoon testosteroon onderdruk en skildklierhormoonwerking versteur.

Dr Marna Esterhuyse, navorser van die Departement Plant- en Dierkunde, beveel die gebruik van die geharde kurper of Mosambiekse tilapia aan. Dit is sensitief vir waterbesoedeling. Die uitheemse sebravis word tans as biomonitor gebruik.

"Dit bring Suid-Afrika een stap nader aan 'n eie vismodel, soortgelyk aan dié van die meeste ontwikkelde lande, om chemiese stowwe in waterbronne vir hormoonversteurders te monitor," glo haar promotor prof Hannes van Wyk.

Wetenskaplikes ontleed die weefsel, bestudeer die fisiologie en kyk na genetiese veranderings van die visspesies wat aan besoedelde water blootgestel word.

"Akwatiese diere is goeie biomonitors omdat hul kiewe maklik endokriene versteurende chemiese stowwe opneem, wat dan in hul liggame opgaar," vertel dr Esterhuyse.

Haar toksikogenomiese studie fokus veral op die interaksie tussen besoedelingstowwe en die spesifieke gene wat met die liggaam se endokriene stelsels verbind word.

Danksy haar genetiese toetsmetode kan visse ná slegs 'n paar uur blootstelling aan 'n watermonster ondersoek word.

"Navorsing op paddas, krokodille en party visspesies wys dat endokriene versteuring onder meer afwykings in die voortplantingstelsel en die wanfunksionering van die skildklier kan veroorsaak," sê sy.

Gifstowwe soos DDT, huishoudelike produkte, neweprodukte van plastiese materiaal en voorbehoedmiddels is enkele hormoonnabootsers.

Dr Esterhuyse doen nou nádoktorale werk oor die gene wat deur skildklierhormone beïnvloed word.

*Attending the IAVS symposium were organisers Prof Valdon Smith (left) and Prof Laco Mucina (second from right) of the SU Department of Botany and Zoology, with Prof Bastow Wilson (University of Otago, New Zeeland) and IAVS president Prof Robert Peet (University of North Carolina).* (Photo: Engela Duvenage)



# FIRST MEETING IN AFRICA FOR *vegetation scientists*

Evolution was hotly debated when leading international and national plant scientists met at Stellenbosch University in September for the first-ever annual symposium of the International Association for Vegetation Science (IAVS) held on the African continent.

The symposium was the 51st of its kind. The IAVS is one of the oldest ecological societies in the world and supports research in the core ecological discipline of vegetation science.

"The various guided field trips to discover South Africa's exceptionally rich floral diversity was a drawcard," IAVS secretary-general Prof Ladislav Mucina of the SU Department of Botany and Zoology says.

The theme of the meeting was "Frontiers of vegetation science: An evolutionary angle" and aimed to extend the interface and deepen the cooperation between evolutionary biology and vegetation science.

"Technologically driven progress in evolutionary research is changing the face of many traditional biological sciences," Prof Mucina, the first representative from Africa to be appointed secretary-general of the IAVS, says. "To some extent, vegetation science does already react to this new phase by reaching out to ecological disciplines traditionally closer to evolutionary biology – such as population biology and palaeoecology – and by using evolutionary research tool."



# Postgraduate course boosts biomaths

The Department of Mathematical Sciences has joined forces with the African Institute for Mathematical Sciences (AIMS) to develop a new postgraduate focus in biomathematics.

The course – the first of its kind in South Africa - will involve both local and international specialists.

It significantly expands the Department's existing honours programme to new postgraduate target groups. Its interdisciplinary undergraduate stream was introduced this year and has already attracted students interested in fusing their solid mathematical skills with a sound knowledge about molecular biology, ecology, biomedical science and systems biology.

"We want to train mathematicians who can formulate and analyse precise models for experimental data arising from real-life biological and medical research problems – from predicting the influence of HIV, Aids, malaria and tuberculosis to the effects of climate change on South Africa," Prof Ingrid Rewitzky of the Department explains.

The National Research Foundation, the SU Strategic Fund, AIMS and the South African Centre for Epidemiological Modelling and Analysis (SACEMA) support ten full honours bursaries.

Careers in fundamental scientific research and/or diverse applications – including drug design, immunology and medical applications, forensics, molecular evolution and population biology, and sustainable environment – await graduates.

- **Contact Prof Rewitzky at 021 808 3289 or rewitzky@sun.ac.za, or visit http://math.sun.ac.za.**



# Ma, ek wil Bosbou swot

Party wil die planeet red, ander sien moontlikhede in 'n ingenieurs- en ontwerpersbenadering tot houtprodukte, 'n derde klomp wil groen energie opwek, die vierde groep wil groot ondernemings bestuur, nog ander is natuurbewaarders in murg en been. Maar daar is een gemene deler onder al hierdie studente: 'n passie vir bome en hout. Dit is hierdie passie wat bosboustudente by Stellenbosch saamsnoer. Dr Ben du Toit, senior lektor in die Departement Bos- en Houtkunde, vertel hoekom Bosbou tans 'n gewilde program is om te volg. "Ma, ek wil..." is 'n reeks artikels in *Matieland* oor interessante studierigtings."

Die Departement Bos- en Houtkunde ondervind op die oomblik 'n bloeitydperk met fantastiese geleenthede vir voor- en nagraadse studente. Die toenemende wêreldwye en plaaslike vraag na hout en houtprodukte verskaf heelwat van die stukrag vir hierdie tendens. Tekorte aan gegradueerde bosboukundiges het veroorsaak dat verskeie rolspelers in die bedryf toenemend beurse vir voorgraadse studente beskikbaar stel. Soveel so dat meer as 70% van ons voorgraadse studente tans beurse ontvang.

> Meer as 70% voorgraadse studente ontvang tans beurse

'n Interessante verskeidenheid van loopbane word aangebied deur internasionale bosbou- en houtmaatskappye, bewaringsinstellings, navorsingsentra, konsultasieagentskappe, regeringsdepartemente en houtkoöperasies, om net 'n paar te noem. Die voorgraadse program plaas heelwat klem op bestuursvaardighede, want in baie gevalle word ons graduandi bestuurders: bestuurders van 'n plantasiestreek, 'n bewaringsgebied, 'n saagmeul of meubelaanleg. 'n Loopbaan in bosbou of houtprodukkunde is een van slegs 'n paar beroepe waar 'n mens ná jou BSc-graad van vier jaar só gou as bestuurder van groot sake-eenhede aangestel kan word.

Bestuur steun egter op die resultate van gespesialiseerde navorsing, en dit is hier waar ons nagraadse programme 'n waardevolle bydrae lewer. Van ons nagraadse studente wat hierdie passie vir bome en hout deel, is bevoorreg om nou met nywerheidsvennote saam te werk.

'n Mens verkry toegang tot die MSc Bosbouprogram met 'n BSc Bosbougraad. Hierdie studente het by uitstek die geleentheid om te spesialiseer omdat hulle reeds 'n goeie fondasie in bosbouwetenskappe het. Hulle is wetenskaplikes in wording wat toekomstige grense in ons kennis en denke moet verskuif.

Tog is daar deesdae die besef dat groot uitdagings (op die skaal van landskappe) verkieslik deur multidissiplinêre spanne getakel moet word. Dit is om hierdie rede dat die Departement Bos- en Houtkunde tans ook 'n nagraadse kwalifikasie aanbied vir studente wat 'n ander graad as die vierjarige BSc Bosbou op voorgraadse vlak behaal het. Hierdie Magisterprogram in Ontwikkelingsbosbou (MFor) word onderverdeel in drie areas van spesialisasie: Bio-energiestelsels, Deelnemende Bosbestuur en Kommersiële Plantasiebestuur.





### Bio-energiestelsels

In teenstelling met die negatiewe persepsie dat plantasies bloot natuurlike hulpbronne, soos water, opslurp, is die werklikheid dat bome een van die mees effektiewe gebruikers van water en voedingstowwe is (en dat plantasies natuurlik by uitstek 'n hernubare en volhoubare vorm van landgebruik is). Dit is juis om hierdie rede dat boomaanplantings vir bio-energie lankal reeds wydverspreid in Europa geïmplementeer word. In Suid-Afrika is meer onlangs begin eksperimenteer met hernubare boomgebaseerde bio-energiestelsels.

Een groep nagraadse studente werk tans aan bio-energieprojekte vir verskeie Wes-Kaaplandse grondeienaars. Party van hierdie studente ondersoek geskikte boomspesies en -hibriede wat goed aangepas is vir aanplanting as energieplantasies oor 'n wye reeks groeipleksoorte in die studiegebied. Hulle eksperimenteer ook met kombinasies van opstandsdigtheid (oftewel die aantal stamme per hektaar) en rotasielengte (tyd van aanplanting tot kaalkap) om spesifieke dimensies van hout vir maksimum doeltreffendheid tydens inoesting en verwerking te kan lewer. 'n Ander navorsingfokus is die inoesting en verwerking van die hout as biobrandstof waar kundighede soos bosingenieurstegnieke, konvensionele ingenieurswese en logistiek benodig word.

### Deelnemende bosbestuur en agrobosbou

Suid-Afrikaanse bosbouers is wêreldbekend vir hul bedrewenheid in plantasiebosbou, maar min mense is bewus van die navorsingswerk wat gedoen word in streke met bosveld- en savannaplantegroei. Dít terwyl daar meer as 21 miljoen hektaar van hierdie stelsels in Suid-Afrika voorkom teenoor die plantasies van 1,35 miljoen hektaar. In ander Suider-Afrikaanse lande speel hierdie plantegroeisoorte 'n kardinale rol om in menslike behoeftes te voorsien.

'n Span nagraadse studente fokus derhalwe op agrobosboustelsels (oftwel die kombinasie van bosbestuur met landboupraktyke) in verskeie lande regoor Suider-Afrika. Van die projekte ondersoek byvoorbeeld bestuurspraktyke om vrugproduksie van inheemse boomspesies te verbeter, terwyl die klem in ander projekte op die kommersialisering van produkte uit die veld val.

Studente in hierdie groep skenk ook aandag aan die monitering van die hoeveelheid hout van sekere spesies wat volhoubaar in savanna-ekostelsels benut kan word . Daar is ook studies wat fokus op voedingstofdinamika in agrobosboustelsels en die natuurlike herstelprosesse in miombo-veld met veranderende grondgebruikspatrone. Gemeenskapsinteraksie is 'n belangrike komponent van bestuur in hierdie stelsels, veral waar grondeienaarskap nie altyd in die individu gesetel is nie.

### Volhoubare produktiwiteit in plantasies

Vir Suid-Afrika word op medium termyn 'n nypende tekort aan dennesaaghout voorspel, veral in die Wes-Kaap. 'n Groep studente ondersoek eko-fisiologiese responsmeganismes in hierdie opstande om maniere te vind om produksie te verhoog. Die gronde waar plantasies in die Wes-Kaap voorkom, is meestal arm. 'n Mens kan dus die groeitempo potensieel verhoog met bemesting, maar betekenisvolle verbeterings is onwaarskynlik waar bome stres ervaar weens 'n gebrek aan water. Dié studiegroep het lede wat navorsing doen oor die verhouding van isotoopspesies $^{13}C$ en $^{12}C$ in die hout, 'n syfer wat goed korreleer met droogtestres. Ander studente ondersoek weer die hoeveelheid lig wat die kroondak absorbeer en hoe doeltreffend hierdie stralingsenergie in gefikseerde koolstof omgesit word deur fotosintese.

'n Loopbaan in bosbou bied nie net die geleentheid om in 'n bedryf te werk wat 'n mens na aan die natuur bring nie, maar dit fokus ook op die volhoubare benutting van hernubare hulpbronne wat (ekologies gespreke) 'n sagte voetspoor nalaat! m

- **Kontak dr Ben du Toit by 021 808 3305 of per e-pos by ben@sun.c.za vir meer inligting.**

The Department of Forestry is experiencing a real growth in student numbers, for reasons including the availability of a good number of bursaries. The article deals with what the programme entails as well as the fact that it is possible to enrol for a postgraduate degree without doing the undergraduate programme.

## Prof Wally word lid van Amerikaanse Akademie vir Wetenskap



*Prof Wally Marasas (regs) onderteken die Groot Boek wat vir die eerste keer in 1863 deur Abraham Lincoln onderteken is terwyl dr MT Clegg, Sekretaris van die Raad van Buitelandse Assosiate van die Amerikaanse Akademie vir Wetenskap, toekyk.*

Prof Wally Marasas, buitengewone professor in die Departement Plantpatologie, is op 26 April vanjaar in Washington DC ingehuldig as buitelandse assosiaat van die Amerikaanse Nasionale Akademie vir Wetenskap.

Hy is slegs die tweede Suid-Afrikaner wat hierdie eer te beurt val – prof Philip Tobias van die Universiteit van die Witwatersrand is in 1987 tot die Akademie verkies. Buite die Verenigde State van Amerika word daar jaarliks slegs sowat 18 wetenskaplikes as lede gekies.

Prof Marasas word internasionaal beskou as 'n wêreldleier op die gebiede van Fusarium-taksonomie en mikotoksikologie. Hy het in sy loopbaan wyd gepubliseer en word as een van die honderd mees aangehaalde wetenskaplikes in sowel die landbou- en plant- as die dierwetenskappe beskou. Hy het 34 nuwe taksa beskryf, terwyl 2 taksa deur ander mense na hom vernoem is.

Het hy ook drie boeke oor Fusarium en mikotoksiene, vyftig hoofstukke in boeke en meer as driehonderd wetenskaplike artikels op sy kerfstok.

Prof Marasas het verskeie nasionale en internasionale toekennings verwerf, waaronder eregrade van die universiteite van die Vrystaat en Pretoria.

As 'n mens na sy CV kyk, is die lys van toekennings wat prof Marasas al ontvang het ellelank. Hierdie een span egter die kroon op sy akademiese loopbaan. "Dit is die toppunt van verering om aan hierdie elite Akademie te behoort. Die Akademie word wêreldwyd hoog geag en die Amerikaanse regering raadpleeg dit gereeld," sê hy.

Wat is prof Marasas se raad aan jong opkomende wetenskaplikes wat daarvan droom om ook eendag so 'n eer te beurt te val? "Baie, baie harde werk en algehele toewyding aan die wetenskap is al wat jou bo gaan uitbring. Die wetenskap is vandag so 'n kompeterende veld dat daar eenvoudig geen plek is vir tweedeklas-middelmatigheid nie. Soos prof Philip Tobias gesê het, dit verg eersteklas-wetenskap om derdewêreldse probleme op te los," meen hy.




Foto: Hennie Rudman (SSFD)

Klas van 1978: Roeline van Zyl, Tim du Plessis en Lizette Rabe, huidige Hoof van die Departement

# Departement Joernalistiek

## VIER 30 JAAR

***Stellenbosch se Departement Joernalistiek het vanjaar haar dertigste bestaansjaar gevier. Lizette Rabe, huidige departementshoof en lid van die heel eerste klas in 1978, kyk terug.***

Gestig in 1978, geskoei op die nagraadse joernalistiekskool-benadering van die befaamde Graduate School of Journalism aan die Columbia Universiteit in New York (besoek deur die stigterprofessor Piet Cillié om die Yanks die kuns af te vra), het die "huis" aan Crozierstraat oor dertig jaar benewens 'n aansienlike aantal joernaliste en ander mediapraktisyns, 'n beduidende rol in die ontwikkeling van die joernalistiek as professie in Suid-Afrika gespeel.

Met sy drie nagraadse vlakke is elke jaar sowat twee dosyn beginnerjoernaliste op honneursvlak afgelewer, met sowat 120 magisterstudente tot op datum, 'n paar D-graduandi en 'n goeie oes huidige D-kandidate.

Maar buiten gesonde statistieke, ook op navorsingsgebied – die Departement is die afgelope paar jaar van die US se toppresteerders volgens navorsingsekwivalente-uitsette – watter bydrae het die Departement op ander terreine gemaak?

Kyk jy verby die aansienlike aantal redakteurs wat die Departement opgelewer het (van die eerste jaar se Tim du Plessis, van *Rapport*, tot een van die jongeres, Ainsley Moos, van *Landbouweekblad*), dink 'n mens ook aan skrywers, soos Marita van der Vyver wat 'n nuwe fase in die Afrikaanse letterkunde oopgeskryf het met haar onverskrokke beskrywing van die moderne Afrikaanse vrou se leef- en ervaringswêreld; tot by Nieman-genote: die jongste, vir die jaar 2007-2008, die *Cape Times* se assistent-redakteur Melanie Gosling.

Maar watter bydrae het die Departement aan Crozierstraat gelewer tot die "Stellenbosch-diskoers" – die plek en rol van "Stellenbosch" in Suid-Afrika?

Hoe het dit gehelp om krities te besin oor Suid-Afrika se "storie van die dag"? As die woord joernalistiek afgelei is van die Latynse diurna, letterlik die verhaal van die dag, hoe het Stellenbosch se Joernalistiekskool bygedra om Suid-Afrika se "storie" te vertel?

Slegs gemeet aan die velkleur van Crozierstraat se studente oor die jare, het dit die storie van Suid-Afrika se transformasie van 'n bevoorregte wit (veral Afrikaanse) studentekorps tot intensiewe pogings tot 'n meer diverse groep, vertel. Vandag bied die Departement etlike beurse vir voorheen benadeelde Afrikaanse (bruin) studente, en die Departement is die trotse stigter van die Percy Qoboza- en Aggrey Klaaste-beurse. Natuurlik is dit steeds nie genoeg nie, en word elke jaar geprobeer om die diversiteitsprofiel te verbeter, ondanks gebrekkige fondse.

Net so is die kurrikulum steeds "work in progress". Gemeet aan die mog-het-troffe-benadering van die eerste jaar (met permissie gesê, maar almal uit die "oerklas" sal saamstem), is die honneursvlak-kursus vandag uitgebou tot 'n intensiewe beroepskursus waar multimedia-praktyk en teorie daagliks swaelstert. Die magisterkursus bied 'n uitdaging vir beide die praktiese joernalis en die meer teoretiese mediastudie-student. En natuurlik die DPhil, in 'n liga van sy eie wat betref die navorsingseise wat aan die student gestel word.

Maar hoe beantwoord die Departement vandag aan die eise van 'n nuwe Suid-Afrika?

As 'n mens kyk na die nou-verweefde geskiedenis tussen daardie voormalige "Onheilige Drie-eenheid", naamlik die ou US, die ou Nasionale Pers en die Nasionale Party, het die twee oorlewendes, die US en Naspers, sigself sekerlik geheel en al nuut geposisioneer om aan die eise van 'n nuwe demokratiese bestel te voldoen.

Net so kan 'n mens konstateer het die Joernalistiekdepartement getransformeer tot waar voortdurend gevra word: voldoen ons in ons honneurskursus aan die eise wat in 'n komplekse samelewing aan 'n beginner-joernalis gestel word? Wat ons magister betref: Bevraagteken ons genoeg die realiteite van die media en samelewing? Inderdaad, op doktorale vlak is daar selfs 'n student wat presies dít navors, naamlik hoe het kurrikula van Suid-Afrikaanse joernalistiekskole verander om aan die eise van 'n transformerende samelewing te voldoen.

Immers, as die Departement nie self krities-analities ingestel is nie, hoe kan ons krities-analitiese produkte aflewer? m

The Department of Journalism celebrated its 30th anniversary in 2008. The article gives an overview of the Department's history as well as future challenges.

# Taalsentrum dien gemeenskap met slypskole

Dertig inhuis-slypskole en tien pasgemaakte slypskole bygewoon deur bykans 650 individue net in 2008. Dit is die omvang van een van die belangrike aktiwiteite van die Taalsentrum se Eenheid vir Dokumentontwerp.

Hierdie eenheid bied slypskole aan vir die sogenaamde buitemark oor 'n verskeidenheid onderwerpe wat as professionele of korporatiewe kommunikasie geklassifiseer kan word. Die fokus val dus op verskeie dokumenttipes soos verslae, voorleggings, notules, webtekste, mediaverklarings, brosjures, en korrespondensie, asook op die opskerp van algemene skryfvaardighede in 'n besigheidsomgewing.

Die slypskoolaktiwiteit lewer nie net 'n diens aan die breër gemeenskap nie, maar verseker ook 'n derdestroominkomste vir die Taalsentrum - 'n beraamde R700 000 in 2008. Hierdie fondse kan dan weer aangewend word vir die befondsing van die Taalsentrum se aktiwiteite op kampus.

Met die slypskoolprogram het die Taalsentrum reeds sterk bande met verskeie organisasies en maatskappye gevorm. Onder ons buite-kliënte tel maatskappye soos Shoprite, Johnson & Johnson, SANLAM, en MediClinic, asook regeringsorganisasies soos die Wes-Kaapse Provinsiale Regering, verskillende staatsdepartemente, en verskeie plaaslike en streeksmunisipaliteite.

Die terugvoer van persone wat die slypskole bygewoon het, is uitstekend. 'n Oudstudent, me Liezl van Rensburg, wat nou by 'n reklamemaatskappy werk, vertel dat, nadat sy 'n slypskool oor mediaskryfwerk bygewoon het, haar skryfwerk baie meer gefokus is en dat sy nou tien keer meer nuusspasie in koerante kry as voorheen. 'n Onderwyseres wat die slypskoolreeks, Webtekste en webwerwe wat werk, bygewoon het, laat weet trots dat sy haar skool se webwerf heeltemal kon oordoen met uitstekende resultate.

Die Taalsentrum se betrokkenheid by die gemeenskap strek ook verder deur middel van verskeie kontraknavorsingsprojekte. Een van ons huidige projekte is vir die NG Kerk wat 'n omvattende ondersoek laat doen oor die beeld wat die kerk van haarself projekteer deur die kommunikasie met haar lidmate. 'n Bonus met hierdie tipe projekte is dat die kennisbasis en kundigheid van die Taalsentrum ook hierdeur verbreed en uitgebou word en dat dit ook navorsingsgeleenthede vir nagraadse studente bied.

Die Taalsentrum bly 'n uitstekende voorbeeld van waar teorie en praktyk mekaar ontmoet. Terwyl die breër gemeenskap dus gedien word, is daar ook besliste voordele vir die Universiteit op finansiële en akademiese gebied.

- **Kontak Erina Basson by tel 021 808 3627 of per e-pos by bassoncs@sun.ac.za of sien www.sun.ac.za/Taalsentrum vir meer inligting.**



*Aanbieder Lorinda Nel aan die werk saam met deelnemers aan die slypskool "Effektiewe notules vir geslaagde vergaderings."* *(Foto: SSFD)*



# TEOLOGIE
## SE GEDENKBOEK KAN NOU AL BESTEL WORD

*Die Gedenkboek Teologie Stellenbosch 150+* om die 150-jarige bestaan van die Kweekskool en die latere Fakulteit Teologie te gedenk, verskyn einde Januarie 2009.

Die boek sal amptelik oorhandig word tydens die konferensie *Die Geskiedenis van die Kweekskool en Teologie op Stellenbosch* wat van 16 tot 20 Maart 2009 by die Fakulteit gehou word. Die boek bestaan uit nege hoofstukke wat verskillende tydperke en rolspelers in die geskiedenis van die Kweekskool bespreek.

Hoofstuk 4 vertel die interessante verhaal van vier Drostdye en vier gedaantes van die Kweekskool/Fakulteit Teologie tot vandag toe - oftewel "Een kleijn Eilantje rontsom met versch water omstroomt en uijt [de natuur] met schooner hooge boomen beplant", soos verwoord in die dagboek van die Kommandeur, Simon van der Stel.

Hoofstuk 8: Die Kweekskool deur die oë van ander – is die samespel van verhale en menings oor die Kweekskool "soms uiteenlopend, soms teenstrydig, soms baie persoonlik, soms meer amptelik en institusioneel, maar altyd interessant - soos vertel deur die 'ander'", sê prof Johann Mouton. Die hoofstuk is geskryf na aanleiding van opnames deur prof Mouton en Nelius Boshoff van die Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie aan die Universiteit Stellenbosch.

- **Belangstellendes kan nou al die Gedenkboek bestel by Bybel Media Handel by 021 873 0822/ 082 226 3342. Na verwagting sal die boek nie meer as R200 kos nie, BTW en versendingkoste ingesluit.**

# USB and USB-ED rated highly both locally and abroad





Kagisho Mahura



*Welcoming Archbishop Emeritus Desmond Tutu as patron of the USB's Africa Centre for Dispute Settlement are Ms Wahida Parker, Equillore CEO; Prof Barney Jordaan, Head of the Centre, and Prof Eon Smit, Director of the University of Stellenbosch Business School.*

**The local leadership and international standing of the University of Stellenbosch Business School (USB) and USB Executive Development Ltd (USB-ED) – the executive education arm of the USB – has again been recognised this year through rankings and ratings by leading bodies worldwide.**

The USB has been named the No 1 business school in South Africa by the *Professional Management Review* (PMR.africa). The business school has also been rated as one of only two African business schools with an A-rating for "universal business schools with major international influence" in the French EDUNIVERSAL Official Selection.

This comes as USB-ED has been ranked 45th among the world's top executive education providers in the *Financial Times* executive-education rankings for 2008.

It is not only the USB and USB-ED that are receiving international recognition, however. An MBA student of the USB – Kagisho Mahura – was chosen as one of the four finalists for the international *Independent* MBA Student of the Year Award 2008 hosted by the Association of MBAs (AMBA) in London.

At the end of 2006, Kagisho was a member of the trio of USB students who won the National Black MBA Association Case Competition sponsored by the DaimlerChrysler Corporation in the USA by beating teams from 28 other leading business schools.

Prof Eon Smit, director of the USB, commenting on the USB's rankings, says, "It's particularly gratifying to observe that a scientific study reflects favourable market perceptions of the USB's sustained efforts to accommodate the needs of the business world and to ensure top-quality business education."

Frik Landman, CEO of USB-ED, says that the ranking by the *Financial Times* places USB-ED among the very best of American and European executive-education providers. "It's the result of years of hard work to make sure that, although we operate in Africa, our offering in terms of quality remains comparable on a global level."

The quality of the USB is monitored and regularly evaluated by a team of independent analysts from international accreditation agencies.

The USB remains the only business school of a South African university with two international accreditations: EQUIS from the European Foundation for Management Development and from AMBA.

The USB is furthermore the only school outside Europe that is a member of the European Doctoral Programmes Association in Management and Business Administration, based on the quality of its PhD. The USB is also ranked in the New York-based Beyond Grey Pinstripes Top 100 Schools list for promoting social and environmental sustainability.

## Africa Centre for Dispute Settlement at the USB

Archbishop Emeritus Desmond Tutu has become the patron of the Africa Centre for Dispute Settlement (ACDS) at the USB.

According to Prof. Barney Jordaan, Head of the ACDS, "it is an honour for the ACDS" to have Archbishop Tutu as its patron. "What makes this Centre unique is that it's the first time that such an initiative focusing on dispute settlement as an alternative means to expensive litigation will be researched at a South African business school," explains Prof. Jordaan.

The ACDS at the USB is an African hub for dispute-settlement theory and practice. It addresses the increasing need to settle disputes of all forms at an early stage using alternative forms of dispute resolution (such as dialogue and mediation).

The Centre, which houses a panel of specialist mediators across a spectrum of disciplines, focuses on research, programme development, teaching and training, as well as consultation regarding dispute system design.

Visit www.usb.ac.za/disputesettlement for more information.

# GESOGTE

## SAIBW-erelidmaatskap aan Matie-professor toegeken

**Die gesogte lewenslange erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bestuurswetenskaplikes (SAIBW) is in September by 'n spoggeleentheid in Johannesburg aan prof Nic Terblanche van die Departement Ondernemingsbestuur toegeken.**

Prof Ronél Rensburg, President van die SAIBW, het die toekenningsplakket aan prof Terblanche oorhandig.

Die toekenning is ter erkenning van prof Terblanche se wesenlike bydrae oor 'n lang tydperk tot die verbetering en uitbou van die bestuurswetenskappe in Suid-Afrika.

Prof Terblanche is die vyfde ontvanger van dié toekenning. Vorige ontvangers sluit in dr Anton Rupert en dr Johan van Zyl, President en Hoof- Uitvoerende Beampte van Toyota Suid-Afrika.

Die doel van die SAIBW is om die ontwikkeling van bestuur as wetenskap uit te bou en is ook 'n belangrike forum vir gesprekvoering oor toepaslike bestuursopleiding en navorsing.

Die organisasie dien deur middel van konferensies en 'n geakkrediteerde tydskrif, Bestuursdinamika: Kontemporêre navorsing, as forum vir die uitruil van navorsingskundigheid in die bestuurswetenskappe op nasionale en internasionale vlak. Inligting oor die studieveld van bestuur word ook deur middel van publikasies aan belanghebbendes beskikbaar gestel.

Prof Terblanche se bydrae sluit verskeie navorsingsprojekte en artikels in gesogte publikasies, onder meer in die Harvard Business Review, en ander gerekende wetenskaplike publikasies in.

Prof Terblanche het reeds meer as honderd referate op plaaslike en internasionale konferensies gelewer. m



*Prof Nic Terblanche met die plakket van sy SAIBW-erelidmaatskap.*


UNIEK
AFRIKAANS
GEAKKREDITEER

Doen jou
MBA
in Afrikaans

Kry daardie top MBA wat jy nog altyd wou hê. Kom spandeer 4 weke per jaar op kampus vir 3 jaar en verwerf 'n kwalifikasie waarop jy kan staatmaak om jou loopbaan 'n hupstoot te gee.

Skryf nou in vir die **Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB)** se unieke MBA Modulêre program waar jy die keuse het om Afrikaans te praat en te skryf. (Natuurlik moet jy soms Engels praat wanneer dosente van oorsee hier kom klasgee!)

Het jy geweet die USB is die enigste bestuurskool van 'n Suid-Afrikaanse universiteit met **twee internasionale akkreditasies** – EQUIS en AMBA?

Skakel ons sommer vandag nog by 0860 USBMBA of 021 918 4243. Of stuur 'n e-pos aan usbcom@usb.ac.za. Besoek ons by www.usb.ac.za/mba

USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Die wêreld se opsies. Een keuse.

EFMD EQUIS ACCREDITED

Accredited by Association of MBAs




Hello. I’m Stephan and I’m an addict. Admittedly, my drug of choice isn’t unusual. There are thousands of others like me, many of them Maties students and staff alike.

# Facebook anonymous

Confession time: I’m utterly addicted to Facebook. I wake up in a cold sweat at three in the morning and feel the need to update my status. I find myself ‘poking’ people that I meet in real-life situations. I’m ashamed to say that there are people on my list of friends whom I haven’t even met face-to-face.

I came late to Facebook. Yes, I was one of the rearguard naysayers, protesting feebly about ‘real’ communication and face-to-face interaction. And then I tried it.

I was hooked when I realised how easy it would be to communicate en masse to all my friends and family living abroad. And so it innocently began. The unstoppable behemoth that swallowed my life was launched.

Facebook has been part of many Maties’ lives since it began expanding on campus in 2006. Nowadays, you struggle to meet a single student who isn’t ‘booking’. Step into any of the University’s computer-user areas and, by an overwhelming majority, Facebook is running on most of the machines.

The more cosmopolitan net-wise browsers are linked in far further: Flickr for their photos, Twitter for micro-blogging. There are, however, still a few oddballs clinging desperately to MySpace. Talk about rats on a sinking ship.

The majority of Maties, however, seem quite content to stick to what they know: the comfort of friends, photos and applications on Facebook.

Another self-confessed tech addict is SU’s head of e-Communication Development, Lize Esterhuizen. “There’s a good and a bad side to online social networking,” she says. “People don’t have much extra time in their busy lives, and by using these tools they can stay in touch with people.”

> I was one of the rearguard naysayers, protesting feebly about ‘real’ communication and face-to-face interaction. And then I tried it.

Precisely the self-justification that I chanted to myself as I first created my ‘FB’ account.

Lize does make an interesting point, however: social networking is simply an online extension of day-to-day communication. It’s used for precisely what people in groups do: gossip, flirt, campaign for causes and make small talk.

In keeping with the University’s quest to keep up with evolving technology, Lize & Co. are looking to create a Facebook-style intranet for Maties that will allow for better communication with commuter and Private Students’ Organisation students: an overarching communications network to make use of how wired-in students are, so to speak.

As you might expect from the 2006 winners of the Department of Science and Technology’s award for the most innovative university in South Africa, our technocrats are thinking ahead. The massive Facebook group ‘Maties’ represents a resource as yet unplundered – all those students, milling around like wild horses just waiting to be harnessed! Might as well get something useful out of all that time and energy spent online...

Because that’s what Facebook is – no one even pretends anymore that it’s useful. We use it for no purpose other than having fun and engaging in an electronic popularity contest; which I appear to be losing, by the way.

Oh, and let’s clear up a misconception: Facebook does hold some real-world social value. It’s used to communicate details of parties, braais and, very occasionally, study sessions. It’s not a substitute for a real social life; it’s a tool, albeit one that takes all your time and energy, leaving you with neither for your real life.

Perhaps I’m being a trifle pessimistic. My addiction must come from some flaw within me. I should be strong enough to resist it. All I need do is develop some real-world ‘character’. The way that I understand it, this means a soul-crushing abhorrence of all things fun and entertaining. Then I can look forward to a life of drudgery and depression, freed from the shackles of entertainment and technology.

Let me check my profile just one last time before I go...

- **Stephan Matthee is a BPhil Journalism student and plans to work as an independent journalist next year.**

# Lank leef Victoria!




*Foto: Anton Jordaan, SSFD*

**Sy was al menige Matie se gróót liefde, en haar skoonheid is, wel, immergroen. Marco Botha, 'n Joernalistiekstudent, is een van die halsoorkop-verliefdes.**

Daar is iets koninkliks aan haar teenwoordigheid. Dit is seker deels te danke aan haar naam, geërf van die ou Victoria-Kollege wat in 1887 vernoem is na die tante in Engeland wat die septer in daardie tyd geswaai het.

Sy het al gesien hoe grotes groter word, hoe seuns mans word, hoe jong vroue hoed dra, net om dit weer diep agter in die kas te bêre. Hoe rokkies korter, langer, en weer korter raak. En motors vinniger.

Sy het dalk gesien en gehoor hoe apartheid gevorm word in ideologiese gesprekke tussen jong Hendrik Verwoerd en vrinne as hulle klas toe stap. Sy het dalk stilweg gehoor hoe Frederik Van Zyl Slabbert sy Dakar-planne maak sodat hulle daar apartheid se skoenveters aan mekaar kon vasbind. Sy het die ontsag gevoel in elke tree wat Dok Craven gee as hy Coetzenburg toe stap, en die gevolge gedra as Bliksem besluit het dit is tyd vir verligting.

Haar naam is Victoria.

Haar van?

"Ag, noem my sommer Straat."

Dit is vroegoggend as ons oor die relings van Dagbreek se prim-balkon na mekaar kyk. Sy maak haar gereed vir nuwe idees, nuwe voete, nuwe verhoudingsprobleme en suiwer studente-pittighede.

"Party studente kom net voor klas begin van die watergate af, terwyl ander dan al agter die boeke sit. Dit is maar hoe studente is," sê sy - soos 'n dosent wat klasgee omdat sy van studente hou.

Soos 'n stylvolle model weet Victoria hoe om haarself goed te laat lyk.

Herfs is die tyd vir warm, knus kleure en klere, en daarom drapeer sy bruin, rooi en geel plataanblare om haar. Sy is immers dié Victoriastraat. "Vir baie mense is dit hul gunstelingtyd van die jaar. Manskoshuise begin die rugbyseisoen aanvoel; in vrouekoshuise gaan die opwinding oor 'n nuwe klerekas."

Winter is 'n tyd vir laat slaap, en hoewel Victoria die streng gesig van 'n akademiese reus het met Admin B wat so oor haar skouer loer, weet sy studente kan mos nie elke dag nat klere droogmaak nie. Reën laat in elk geval alle klasse soveel verder van die koshuis af voel. Sambrele, koshuisbaadjies en gumboots was nog altyd die standaarddrag vir mans in dié seisoen. "Vroue doen dit deesdae ook, sien ek," sê die elegante dame effe verontwaardig.

Victoria het nie 'n gunstelingseisoen nie, maar daar is iets aan lente en somer wat haar wortels laat krul van die lekker. "Dit is vars, dit is nuut, dit is 'n nuwe jaar en studente is dan op hul gelukkigste. Ek ervaar dit nou al vir meer as honderd jaar presies dieselfde."

Sy trek dan groen, en eers bietjies-bietjies daarvan, aan. Dan volg die versierings: sonbesies, wat die goeie nuus van somer, son en saffier uitsing, terwyl hulle sonder om asem te skep sis-sis-sis.

Dit begin weer reën en die agtuur klas het al begin. Victoria raak ook stiller, en vir 'n wyle raak haar kyk dieper, ernstig, en amper hartseer.

"Liefde is só 'n mooi proses wat begin met verliefdheid. Dit raak meesleurend, en verliefdes raak geliefdes, en daardie warm herfsgevoel kom lê hier in jou hart, en vou jou toe in welgeluksaligheid. Jy voel onsterflik. Maar 'vir ewig saam' raak 'n kort, kort tyd."

Victoria raak nostalgies oor haar vorige liefdes, maar teleurstelling maak haar storie 'n hartseer een. Sy het ook al liefgehad, ja, en saam met haar sielsgenote gegroei deur rooi hakskene, gespeel in bruin blare, in waterstrome geplas en 'n lewe saam bepeins. Dan, skielik, ontdek sy haar teenwoordigheid raak vanselfsprekend, en die verhouding raak 'n roetine van klas toe loop en terug. Sy word vergeet, maar wanneer daardie geliefdes járe later met hul gesinne verby haar ry, besef hulle eers hoe sterk die liefde is.

Só het sy al baie liefgehad, én baie seergekry. Maar dit het haar sterker gemaak. Jaar ná jaar lyk sy mooier, meer formidabel en meer onweerstaanbaar.

Sy raak vir baie 'n lover's lane, en in haar immergroen wysheid deel sy lieflike oomblikke met groentjies op die gebied van liefde.

Haar stil roem lê in wat sy gesien het, in wat sy beleef het, wie sy al gedra het, maar ook in die lirieke wat deur die jare aan haar opgedra is.

Victoria vertel hoe jong troebadoers oor jare op en af stap met kitaar en trompet om by dames se vensters te gaan serenade.

Love me tender van Elvis was 'n gunsteling, vertel sy. En as dié liefdesverklarings nóg 'n vrouehart kon wen, het die sangers langs Victoria gehardloop met glimlagte op hul gesigte en oë wat straal. Sy wat Victoria is, sou net stil word voor nog 'n nuwe liefde.

Só is in 2005 weer gesing, en Dagbreek wen die serenade met Meisie van Victoriastraat: "Haar oë was sag en haar hare was lank, meisie van my hart. Haar lyfie mooi, soos haar lippies rooi, meisie van Victoriastraat."

Ai, Vicci! Hoe sal ek jou ooit vergeet? m

**Marco Botha, a journalism student, is in love with Victoria. Street that is. Read about his love affair on www.matiesalumni.net.**

**Het jy 'n Victoriastraat-storie? Laat ons weet!**

# Konvokasie hou jaarvergadering

**Die Konvokasie het sy jaarlikse vergadering vroeg in November gehad. Prof Pieter Kapp, President van die Konvokasie, vertel hier meer.**



*Die Konvokasie het sy jaarvergadering op 6 November in die HB Thom-teater op Stellenbosch gehou. Hier is prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing en gasspreker by die geleentheid; prof Christo Viljoen, Visepresident van die Konvokasie, me Sanette Nowers, lid van die Bestuur van die Konvokasie; prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier en prof Pieter Kapp, President van die Konvokasie*

Die band tussen die mistiekheid van Stellenbosch en die meesterskap van die wetenskap is op vanjaar se Konvokasievergadering op 'n besondere wyse geïllustreer. Vanjaar se groot aantal reünies het die besef tuisgebring dat dit meer as boeke en kennis is wat studente aan Matieland bind.

Terselfdertyd het die aanbieding van die nuwe Viserektor (Navorsing), prof Arnold van Zyl, oor die plek wat navorsing in die US se werksaamhede inneem, die gehoor trots gemaak op die wyse waarop die US akademiese uitnemendheid nastreef.

Die verskeidenheid terreine waarop groot projekte op die gebied van toegepaste en basiese navorsing bedryf word, plaas die US, volgens die Leidense lys, tweede van die Suid-Afrikaanse universiteite en een van die twee plaaslike universiteite wat onder die wêreld se top 500 tel.

In terme van befondsing is Stellenbosch eerste in Suid-Afrika. Suid-Afrika is inderdaad op soveel terreine 'n laboratorium wat wag op navorsers om te ontgin, dat dit begryplik is dat die Universiteit se internasionale aansien groei en steeds meer navorsers en nagraadse studente gretig is om die geleenthede te benut.

Met 'n besteding van 0,95 persent van sy bruto binnelandse produk op navorsing, is Suid-Afrika nog ver agter by die mikpunt van 1.5 persent vir ontwikkelende lande, het prof Christo Viljoen, Visepresident van die Konvokasie, aangetoon.

Een van die terreine wat prof Van Zyl uitgewys het as 'n navorsingsveld vir geesteswetenskappe is die kulturele en maatskaplike diversiteit van Suid-Afrika.

In my mededelings kon ek hierby 'n aansluiting vind deur 'n vergelyking te tref tussen die sleutelrol wat die US met sy stigting in 1918 in die ontwikkeling van die Eerste Afrikaanse Renaissance gespeel het en die huidige uitdaging om ook in die Tweede Afrikaanse Renaissance 'n leidende rol te neem. Op dié manier kan Stellenbosch help om bestendigheid en wedersydse verstaan en begrip te skep. Dit kan net gebeur as die US sy taalbeleid ook rig op die voorsiening in sowel die behoefte aan inklusiwiteit as die behoefte aan geborgenheid.

- **By die geleentheid is prof Kapp herkies tot President van die Konvokasie, prof Christo Viljoen as Visepresident en mnr Johan Aspeling as Sekretaris.**





*Links: Studenteraadsvoorsitters wat die geleentheid bygewoon het.*

*Regs: Hier is Ernst van Dyk (middel) saam met die gasspreker, prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, en dr Le Roux van der Westhuizen, Voorsitter van die Klub vir Studenteraadsvoorsitters. (Foto: Hennie Rudman, SSFD)*

# Klub vir Studenteraadsvoorsitters vier 25ste bestaansjaar

Die Klub vir Studenteraadsvoorsitters, in 1984 gestig om as ambassadeurs vir die Universiteit Stellenbosch op te tree, het hul 25ste bestaansjaar in Oktober gevier. Vanjaar het oud-voorsitters van 1954 tot 2008 die dinee na afloop van die Jaarvergadering van die Klub by die Wallenberg Navorsingsentrum by STIAS bygewoon.

Volgens dr Le Roux van der Westhuizen, Voorsitter van die Klub, is die hoogtepunt van elke jaar se geleentheid die oorhandiging van die Klub se erepenning vir uitstaande diens. Die toekenning word gemaak aan 'n oud-student wat 'n wesenlike bydrae gemaak het tot die Suid-Afrikaanse gemeenskap en steeds sy of haar bande met die Universiteit belangrik ag.

Vanjaar is die toekenning gemaak aan die veelvuldige rolstoel wedren kampioen, Ernst van Dyk.

"Ernst van Dyk is wêreldwyd 'n ambassadeur vir Suid-Afrika en vir persone met gestremdhede oor die algemeen. Hy dien oor verskillende grense heen vir ander as 'n inspirasie en 'n toonbeeld van onblusbare menslike durf," het mnr Van der Westhuizen gesê.

Vorige ontvangers van die erepenning sluit in proff JG Meiring, Danie Craven, Mike de Vries, Gawie Cillie, Evert Groenewald, Bun Booyens, Willie Esterhuyse, Elize Botha, Theo Pauw en drr Jan van der Horst, Willem de Klerk, Audrey Blignaut, Beyers Naude, Dawid de Villiers, Elsa Joubert, Frederik van Zyl Slabbert en mnr Riaan Cruywagen.

By die geleentheid het prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, as gasspreker opgetree en die byeenkoms toegespreek oor hoe om die Pedagogie van Hoop vir die Universiteit Stellenbosch te realiseer.

Prof Yusef Waghid, Dean of the Faculty of Education, was the speaker at an alumni-function in Durban recently. The article is a shortened version of his speech themed "Alumni of the Knowledge Society - A perspective"

# Universities as agents of the public sphere



Alumni of our University are empowered individuals embedded in the knowledge society distinguished by the extraordinary degree to which the University is linked to society. There is a mutual link between the University and the modern society which I refer to as the knowledge society.

Political, economic and cultural forces are ever increasingly becoming incorporated into university life. Problems, demands and resources associated with every institution in our society now appear on university agendas, calling for relevant research and teaching.

In this country, our University is called upon to help with enormous social problems – improving business organisations, capital investments, protecting the natural environment, preserving human rights and cultural diversity, resolving crises of governance, and promoting democratic citizenship.

Thus, the emerging knowledge society is in fact driving the University's expansion. I now offer a brief account of how we respond:

Our Vice-Chancellor, Prof Russel Botman, articulates the mission of this University as an Afrocentric one – a university which can potentially equip its graduates with universalistic forms of knowledge, embodying abstract and general truths (rationalisation and scientisation) and at the same time respond 'consciously' to societal development, particularly against the backdrop of globalisation and Africa's underdevelopment both scientifically, technologically and culturally.

Clearly an Afrocentric University would be one where its academics and students work to present the conscience of this society because they not only shape the conditions under which future generations learn about themselves and their relations to others and the world, but also because they engage in pedagogical spaces that are by their very nature moral and political, rather than simply profit-maximising and technical.

> For the University to enact its civic role, it commits itself to produce graduates who can engage in critical reasoning.

An Afrocentric University does not abandon academic inquiry for its own sake and should not tolerate reducing scientific research always to a being mere instrument for something else – that is, to what civil society alone demands. This is so, because research always has an educative value whether ethical, aesthetic or political, which helps to shape the autonomy of the person doing research.

It is this kind of personal autonomy that would enable alumni to engage in autonomous activities of benefit to society. In this way the cultivation of 'pure' academic inquiry would invariably have useful, applied and practical qualities.

In other words, this would mean that our Afrocentric University would still produce highly skilled professionals and researchers as a necessary workforce that can simultaneously attend to the demands of the knowledge society without necessarily being dictated by it – instead the University is shaped by the requirements of the knowledge society.

Integrally bound to the University's Afrocentric commitment surrounding higher education in this country is the possibility of achieving a Pedagogy of Hope – our critical consciousness and social justice agenda.

For the University to practice critical reasoning is to recognise that there are multiple readings of the world with which people ought to engage carefully and critically. To have a single reading of the world is tantamount to advancing an education with answers as if ready-made and prepackaged truth claims are constantly available for different understandings of the world.

One absolute and hegemonic (dominant) reading of the world often results in marginalising the voices of the oppressed. Our Pedagogy of Hope (of enabling the marginalised to develop their language or 'form of life') is in fact a move towards respecting cultural differences. Only then will liberation for all communities be forthcoming and critical reasoning be practised.

Thus, for the University to enact its civic role, it commits itself to produce graduates who can engage in critical reasoning – who can reflect on and engage critically with multiple issues and not perform as technicists executing decisions they have acquired expertly at the University.

In this way, the idea of the university as a producer of 'enlightened citizens' not disconnected from wider social and political concerns would not necessarily be sacrificed. The University that instils into its graduates a capacity for critical judgement and an appreciation of the good life from the vantage position of the many would prepare them for participation as informed citizens in democratic societies. If this happens, universities would become important agents of the public sphere, initiating social change for the many rather than just uncritically responding to it.

We would like to believe that our alumni would further connect with the University at the aforementioned two fronts: in the cultivation of our Afrocentricism and Pedagogy of Hope. ■

# *Alumni moet uitnemendheid ondersteun sê Rektor*



By top universiteite wêreldwyd word uitnemendheid gerugsteun deur die bydraes en betrokkenheid van hul alumni en donateurs – nie net finansieel nie, maar ook deur hulle voorspraak en netwerke.

Dit is die Rektor van die Universiteit Stellenbosch, prof Russel Botman, se gevolgtrekking na 'n jaar van intensiewe interaksie met alumni, donateurs, belanghebbendes, asook top ontwikkelingskantore by hoër onderwysinstellings in die Verenigde Koninkryk en die VSA.

In sy verslag aan die Jaarvergadering van die Konvokasie op 6 November op Stellenbosch het prof Botman aangedui dat hy dikwels by interaksie-geleenthede indringende vrae kry oor die rol wat die US speel in die ontwikkeling van ons samelewing.

"Daar is bepaalde verwagtinge - gegrond op die US se uitnemendheid en kundigheid - dat hierdie rol uitgebrei behoort te word."

Die rektor het verslag gedoen oor sy onderneming om persepsies oor die US te swaai, alumniverhoudinge te versterk en uit te bou en om akademiese uitnemendheid te fokus.

"Die feit dat die Minister van Onderwys vir ons aangedui het dat sy tevrede is met die US se taalbesluit van 2007, is 'n goeie voorbeeld van politieke opinies wat in ons guns begin swaai." Hy het ook verwys na nie-tradisionele voederskole wat toenemend positief oor die Universiteit is sowel as die groeiende getal internasionale deure wat vir Universiteit oopswaai.

Wat betref alumni-verhoudinge het prof Botman sy wens uitgespreek vir 'n groter opkoms by Konvokasievergaderings en aangedui dat hy in 2009 in gesprek sal tree met die Konvokasiebestuur oor voorstelle wat dit vir meer alumni moontlik sal maak om vergaderings by te woon. "Die Universiteit kyk tans na die formaat van ons gradeplegtighede en die moontlikheid om 'n alumni-geleentheid met die gradeweek te laat saamval en die belyning van die Konvokasievergadering met 'n moontlike Alumnidag," het prof Botman gesê.

"Die kwaliteit van ons alumni weerspieël ons internasionale reputasie. Saam kan ons bou om die US se bydrae tot ontwikkeling te vergroot en sy uitnemendheid in die toekoms te verseker."

Oor akademiese uitnemendheid het prof Botman gesê dat die Universiteit 'n positiewe beeld oor baie jare opgebou het. "Wat studentegetalle betref, beland ons gewildheid ons bietjie in die moeilikheid omdat ons voorgraads meer groei as die toelaatbare perk, maar ons sal die proses vorentoe moet bestuur.

Verder het die Universiteit ook 'n verbintenis tot 'n Pedagogie van Hoop gemaak. Hierbinne is daar vyf temas geïdentifiseer, naamlik:

- uitwissing van pandemiese armoede
- bevordering van fisiese en psigiese menswaardigheid
- bevordering van vrede en sekuriteit
- bevordering van demokrasie
- omgewingsvolhoubaarheid.

Hieroor, het prof Botman gesê, was daar wye konsultasie en is daar altesaam 27 voorstelle vir oorweging as moontlike OSP-projekte (die Oorhoofse Strategiese Plan, oftewel OSP, is 'n bestuursinstrument om akademiese uitnemendheid 'n meer spesifieke fokus te gee), is vanuit die onderskeie universiteitsomgewings ontvang. "Wat belangrik is, is dat die voorstelle op die akademiese kundigheid en vermoë van die universiteit gegrond is. Verder moet dit nie net volhoubaar in die begroting inbestuur kan word nie, dit moet ook die ruimte in die begroting vergroot."

Volgens prof Botman vorm Gemeenskapsinteraksie (GI) 'n belangrike komponent van die Universiteit se kernaktiwiteite. "Dit is dan ook verblydend om te kan rapporteer dat die onderskeie universiteitsomgewings GI-aktiwiteite op entoesiastiese en dialektiese wyse met hulle ander hoofstroomaktiwiteite integreer." GI-vlagskipstatus is aan tien projekte toegestaan (sien artikel op bl 14).

Prof Botman het ook verwys na donasies wat die Universiteit ontvang en gesê dat "'n besliste aanduiding van die waarde wat geheg word aan die Universiteit Stellenbosch se navorsingsuitsette, is die bestendige groei in buitefondse vir navorsing wat ons jaarliks ontvang." m

## NEW MATIESALUMNI NETWORK COORDINATORS

### Lydia-Marie and Pierre Joubert: The Bay area (California)



Lydia (BSc, MPhil, PhD) is a former resident of Harmonie. In 1984 she continued her research in Electron Microscopy at Tuks and Indiana University (USA). After moving back to Stellenbosch, Lydia obtained an MPhil in Higher Education and then continued her academic career at the Department of Microbiology. During her involvement in Innovation Fund and BioPAD projects they moved to California. In 2006 she started as Electron Microscopist at Stanford University Medical School, where she is now in charge of the Scanning EM core.

Pierre (Hons B Eng, B Hons Journalism, MEng) is a former resident of Helshoogte. After working at the CSIR in Pretoria he took up a position in Stellenbosch, started his MBA, and accepted a faculty position at the US Business School where he lectured in Management of Technology. He started his own company and became involved with Silicon Graphics in Mountain View, California. In 2004 he accepted a position at a Silicon Valley company. Pierre is enjoying the challenge of being involved in start-up companies, new business ventures and global incentives.

- **Contact Lydia and Pierre on tel 650.823.1293 or via e-mail at lydiajoubert@gmail.com**

### Adv Michelle Posemann: Durban (BA, LLB)



Michelle completed a BA (Law) at Stellenbosch in 1993 and LLB at the University of KZN in 1995. She commenced pupilage at the Durban Bar. Subsequently she began practice as an advocate of the High Court of South Africa in December 1997 and still practices as such in Durban. She has also completed a post graduate diploma in Maritime Law. She currently serves as mediator and arbitrator with the Africa Centre for Dispute Settlement.

She is a past president of the South African Society of Labour Lawyers (SASLAW) (KZN) (2003 – 2005) and lectures in High Court Practice and Appropriate Dispute Resolution at the UKZN based School for Legal Practice.

She is a founding member of the Society of Advocates of KZN and South African Association of Mediators (SAAM), founding member of the Mediation Institute of Southern Africa and member of SASLAW.

- **Contact Michelle on tel 031 305 2783, 082 659 5329 or via e-mail at michelle@trancentral.co.za**

### Steven Rosendorff: Calgary (Alberta), Canada (BComm)



Steven spent two years in the UK, as a Marketing Executive in Human Resources and then returned to South Africa, to a general management position in the Western Cape. Thereafter he spent some eight years in the motor industry and a further three years in the life assurance sector and in 1997 he was approached by a South African affiliate of a UK based global search practice to start a practice in Cape Town.

Steven is a Fellow of the Institute of Directors in Southern Africa and was elected the Chairman of the IoDSA, Western Cape Branch in 2002 to 2004. Apart from his past involvement with the Institute of Director's Educational Trust Fund he more recently held the position of Executive Director. Steven was the Managing Director of Platinum Executive Alliance as well as a Director of Prime Resource Management. During 2008 Steven joined Investors Group Financial Services Inc. in Calgary, Alberta, Canada as Business Development Coordinator.

- **Contact Steven at tel 403 973 4942 or via e-mail at capiecanuck@shaw.ca**

**A complete list of the network coordinators is available at www.matiesalumni.net**

# **komende**reünies



### 1979 LLB-KLAS GAAN REÜNIE HOU

Die 1979 LLB-klas beplan 'n reünie vir die naweek van 8-9 Augustus 2009 op Stellenbosch.

**Kontak Adv Billy Downer by tel 021 487 7228, per sel by 082 650 7743 of per e-pos by bwjdowner@npa.gov.za vir meer inligting.**

### NEMESIA HOU REÜNIE

Alle Oud-Nemesianers word hartlik uitgenooi om Nemesia se 33ste bestaansjaar saam te vier. "Die gebeurtenis vind plaas op die 10 Oktober 2009 en beloof om vol pret en plesier te wees. Ons hoop om al die Oud-blomme volgende jaar te sien!" sê Elzanne de Waal, die organiseerder.

**Maak asb seker jou kontakbesonderhede is reg deur Elzanne te kontak by tel 082 793 6621 of per e-pos by 15114538@sun.ac.za. Sien ook www.sun.ac.za/nemesia vir meer inligting.**

### HEEMSTEDE GAAN 45 JAAR VIER

Heemstede hou volgende jaar 'n reünie om hul 45-jarige bestaan te vier. Jessica Prinsloo, HK-lid vir die Oud Heemsteder Bond, vertel dat "alle ditte, datte, seniors, HK's, prims en onderprims, asook ou inwonende hoofde hartlik uitgenooi word na die reünie van 17- 19 Julie 2009. Verblyf gaan beskikbaar wees in die koshuis en beloof om 'n naweek vol onvergeetlike pret wees met onder meer huiskerk, 'n wyntoer en formele dinee. Dit gaan 'n goeie geleentheid wees om weer jou hk te sien, en ou vriendskappe te hernu. Moet dit nie misloop nie.

**As jy nog nie 'n informasiestuk teen Kersfees gekry het nie, kontak asb Jessica Prinsloo by tel 072 478 4172 of per e-pos by hkheemst@sun.ac.za of Grethe Mattheus (Primaria) by tel 072 462 1615.**

### HUIS FRANCIE BEPLAN 40JAAR REÜNIE

Huis Francie van Zijl op die Tygerberg-kampus vier hul 40ste bestaansjaar in 2009 en beplan 'n reünie. Briewe en e-posse met meer inligting sal binnekort gestuur word. "Kom geniet 'n onvergeetlike naweek en herleef Huis Francie en student-wees!" sê die organiseerders.

**Kontak Melissa van Rensburg by tel 082 448 8755 of per e-pos by 14812347@sun.ac.za vir meer inligting.**

### HUIS VISSER GAAN REÜNIE HOU IN 2009

Huis Visser beplan 'n reünie vir 2009 en vra dat oud-Vishuismanne van hulle laat hoor.


**Kontak die koshuis by tel 021 886 5954 of stuur 'n e-pos na hkhuisv@sun.ac.za.**


**Reël jy 'n reunie? Weet die Alumni-kantoor. Skakel 021 808 4843 of e-pos alumni@sun.ac.za vir inligting oor ondersteuning.**

### VAKANSIE AKKOMMODASIE BESKIKBAAR

**Die Universiteit Stellenbosch stel elke jaar van vroeg Desember tot vroeg Januarie 'n wye verskeidenheid van bekostigbare studentebehuising as vakansie akkommodasie beskikbaar. Alle besoekers, vakansiegangers, toergroepe, klein & groot gesinne is welkom.**

**Kontak Mathilda Bekaardt by 021 808 2895 of per e-pos by mbekaardt@sun.ac.za vir meer inligting.**



alumni

# MATIESALUMNI HOU REÜNIES IN SUID-KAAP EN KWAZULU-NATAL

**MatiesAlumni in die Suid-Kaap en KwaZulu-Natal het onlangs byeengekom om hul netwerke met alumni in hul streek te verstewig. Prof Julian Smith (Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel) was die geleentheidspreker by Fancourt in George en prof Yusef Waghid (Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde) was die geleentheidspreker by die Hilton Hotel in Durban.**

Die Alumni-kantoor het ook die nuwe SR Voorsitter, mnr Retief Swart, na die geleentheid by Fancourt genooi en die SR-Ondervoorsitter, me Anke Stoman, na die geleentheid in Durban. Die Studenteraadslede het 'n interessante dimensie tot die geleenthede verleen en kon talle vrae van alumni wat ouers van voornemende studente is, beantwoord.



GEORGE

*__GEORGE:__ Agter is Danie de Villiers, Pieter Strydom, Allan Robertson en Retief Swart (SR Voorsitter). Voor is Martie de Villiers, Carina Strydom, prof Julian Smith (Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel), me Heidi October (Koördineerder: Alumni-verhoudingsbou) en Abrie de Swardt*





DURBAN

*__DURBAN (foto bo):__ Gebashe Etheldah, Vuyo Bangani, Donald Makhubedu en Sfiso Mbonambi*

*__DURBAN (foto onder):__ Agter is Du Toit Schabort, Stephan Blom, Willem Bester, Erald Smith en voor is Christelle Blom, Philip van Dyk, Simone Theron en Arend Theron*



*Dagbrekers skenk groot! Hier is, agter, mnr Paul Bosman, Voorsitter van die Raad van Trustees en prof Stan du Plessis, Voorsitter van die Oud-Dagbreker Bond. Voor is die 2007 beurshouer, mnr Fidel Rolse en regs is vanjaar se beurshouer, mnr Willem Titus.*

# Oud-Dagbrekers samel R60 000 in vir ODB-Beursfonds

Oud-Dagbrekers het in Julie vanjaar 'n volle R60 000 ten bate van die Oud-Dagbreker Bond (ODB) Beursfonds tydens hul jaarlikse Wynveiling ingesamel. Die ODB Beurs is vanjaar aan die tweede huidige Dagbreker toegeken. Die ODB Beursfonds staan reeds op meer as R190 000.

Volgens prof Stan du Plessis, Voorsitter van die ODB, is die Beursfonds 'n "voorbeeld is van hoe Dagbrekers van alle geslagte hande kan vat om geleenthede vir die volgende geslag te ontsluit, veral vir jongmense wat sonder ons hulp nie daardie geleenthede sou kry nie. Die wynveiling het ook gewys dat sulke werk nie dweperig hoef te wees nie, maar ook dat die saamkuier van 'n aand 'n leeftyd van geleenthede vir ander kan beteken."

Paul Bosman, Voorsitter van die Raad van Trustees, vertel dat kandidate op grond van behoeftigheid en meriete oorweeg word, maar dat dit oor meer as net finansiële ondersteuning gaan. "Ons gesels deurlopend met die beurshouers en moedig hulle aan om op ons nommer te druk indien hulle leiding van enige aard verlang."

- **Oud-Dagbrekers wat graag 'n maandelikse bydrae wil maak, kan Paul Bosman by tel 084 240 1098 kontak. Sien ook www.dagbreek.com vir meer inligting. Debietorders kan hier afgelaai word en 'n skakel na aanlyn-skenkings is ook hier beskikbaar.**

# IRENE VIER 45STE BESTAANSJAAR



*Ireners hou reünie*

Ireners, oud en jonk, het in September saamgekom vir 'n stylvolle ontbyt om Irene se 45ste bestaansjaar te herdenk. Reeds met die intrapslag het die jare weggeval en het almal heerlik saam gesels oor toeka tot nou, oor kosbare herinneringe, huismaats, tradisies, familie, loopbane, die geboue, snaakse insidente…"onthou jy?".

Met heimwee is gesels oor hoe die koshuislewe etlike jare gelede daar uitgesien het; hoe sekere dinge tog in 'n mate dieselfde gebly het maar hoe baie deur die jare verander het ten opsigte van positiewe vooruitgang en groei.

Dit is net weer bevestig dat die slagspreuk wat in Irene gebruik word, "Eenmaal 'n Irener, altyd 'n Irener", werklik gewig dra en hoe almal hulself net weer kon tuis maak in die Huis wat vir soveel studente deur die jare 'n tuiste was.



*Mooimeisiesfontein en hoede is nog sinoniem. 'n Paar Oud-Lydianers van die reüniedag bygewoon het.*

# Lydia word 55

*Om Mooimeisiesfontein se 55ste bestaansjaar te vier het Lydia op 14 September Oud-Lydianers terug verwelkom by ons huis vol van "liefde en deug". Mari Beukes vertel meer van die geleentheid.*

Die dag se verrigtinge het begin met 'n Tuinparty in die 'kwod' en te danke aan die sonnige weer moes Oud-Lydianers gou koelte soek onder sambrele en ons geliefde jakaranda. Die meeste dames was egter goed voorberei met pragtige hoede - 'n tradisie wat steeds vandag Lydia se kenmerkendste eienskap op Stellenbosch is. Dit is egter die ou bekende gesigte onder die hoede wat meeste Oud-Lydianers opgewonde gemaak het.

Daar is nostalgies geluister na die herinneringe van Oud-Lydianers uit verskillende eras en Saretha Malan, Lydia se prim van 2007/8 het ook vertel wat deesdae in Lydia aangaan. Dalena Burger, wat in 1983 die 30 jaar reünie gereël het, het tydens haar toespraak 'n baie spesiale suikerpot te voorskyn gebring. Dié suikerpot is reeds in die jare vyftig deur 'n Oud-Lydianer as aandenking uit die koshuis geneem. Sy het dit egter in 1983, by die 30 jaar reünie aan Dalena terug gegee en nou, na nog 25 jaar, is dit uiteindelik terug in Lydia met 'n plekkie in die argief.

Vroeg-aand het 'n baie kleiner groepie Oud-Lydianers byeengekom vir Huisvergadering waarna die Reünie Dinee gevolg het. Oud-Lydianers wat slegs kort gelede uit die koshuis is het hierdie funksie veral geniet en tot in die vroeë oggend-ure gelag en gesels.



*Van die oud-Sonop dames by die 70jaar reünie. Heel regs Elria Steinberg (née du Toit), Primaria van 1978).*

# SON SKYN NOG HELDER VIR SONOPPERS

*deur Jean-Mare Theron*

Bondelsport, Debat, Toneel, Netbal is maar net 'n paar van die dinge wat ons met trots en groot vreugde aan ons oud-Sonoppers kon opnoem as hul vra "Wat gaan aan in Sonop?". Reeds maande voor dit is daar rond gebel, reëlings getref en stories geluister van tannies wat hul jong dae hier in Sonop herleef, alles ter voorbereiding van die huis se 70ste reünie op 12 en 13 September.

Op 12 September het die oud-Sonoppers al vroeg-vroeg begin aankom en 'n plekkie gevind in hul ou kamers of ou vriendinne en kamermaats opgespoor. Toe die son sak het dit alles egter begin en is daar ure lank gekuier oor 'n glasie wyn en stories oorvertel asof almal mekaar al jare ken.

Saterdagoggend is almal verwelkom met vonkelwyn waarna daar 'n heerlike "brunch" geniet is in die eetsaal. Oud-Prims en HK's het gesorg vir vermaak met die vertel van staaltjies uit hul jare hier in Sonop, onder meer dié wat vir die heel eerste keer die Anker geverf het of ampertjies deur Wilgenhof gestort is.

Die naweek was 'n groot sukses en het gesorg vir 'n geleentheid vir almal om op te vang met ou vriendinne. Dit was duidelik uit beide funksies dat ongeag ouderdom: eens 'n Sonopper, altyd 'n Sonopper.

## HELSHOOGTE
## 35 jaar Reünie

*Helshoogte het op 8 en 9 Augustus sy 35ste bestaansjaar gevier met twee dae vol staaltjies, goeie vriende en lekker samesyn. Johan Cronjé, Huiskomiteelid vir "Oldboys" vertel meer.*



Op Vrydag kon die "Old Boys" registreer en 'n wyntoer geniet saam met hulle spesifieke jaargroep. Na die rugby teen Huis Visser, wat Helshoogte gemaklik gewen het, is Klub '95, die kuierplek op die vierde vloer, oopgemaak en die manne het stories uitgeruil en mekaar weer beter leer ken. Die aand was daar 'n formele ete in die stadsaal gehou vir die Old Boys en hul metgeselle.

Saterdag was daar 'n tent op die Tokkie, die grasperk agter Helshoogte, opgerig en 'n wyn- en bierproe is aangebied. Die huidige inwoners het ook op die Saterdag hul jaarlikse potjiekosdag tussen die tennisbane gehad en die Old Boys het met gemak hier ingeval en lekker saam met die jonger geslag hoenders gekuier. Die aand het een van die hoenderhok se eie sterre, Jakkie Louw, die mense vermaak in die tent. Daarna is 'n veiling gehou en 'n paar items is opgeveil om fondse vir die Huis in te samel.

Dit was 'n hoogs suksesvolle naweek met menigte hegte bande wat hernu en gemaak is. Helshoogte sien uit na die 40 jaar reünie in 2013.

## Ingenieurs van 1948 hou laaste reünie

*deur Liesel Koch*

'n Groep Matie-ingenieurs - die eerstes om hul grade in 1948 te ontvang - het onlangs byeengekom om 'n ongeëwenaarde 60ste reünie te vier. Dié groep het die afgelope sestig jaar sowat twintig keer bymekaar gekom.

En hulle kom nie om dowe neute saam nie! "Al is ons afgetree, het ons nog 'n verpligting om ander te inspireer," het mnr Piet Meiring by die geleentheid gesê.

Altesame 11 van die oorspronklike groep van 29 het vroeg in November 'n ete in die Botaniese Tuin op Stellenbosch bygewoon. Hier het die Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese prof Arnold Schoonwinkel hulle toegespreek oor hoe die Fakulteit nou daar uitsien.

Ook teenwoordig was een van die groep se dosente, mnr Willem (Stoney) Steenkamp, wat 94 jaar oud is.

Me Heidi October, Koördineerder: Alumniverhoudingsbou, het gesê die groep is "uniek en ongelooflik". Sy het hulle gelukgewens met die spesiale band wat hulle oor ses dekades gekoester het. "Dis deur mense soos julle wat ons as universiteit kan groei en uitnemend bly," het sy gesê.



*Voor is Charl Bredell, prof Raimund Loubser en Tollie Pretorius. In die middel is Eugene Pretorius, Jan de Wet, Willem Steenkamp (ouddosent van die groep), Piet Meiring, Hannes Louw, Edwin du Toit, Danie Steyn en Phillip Conradie. Agter staan prof Christo Viljoen ('n voormalige dekaan van Ingenieurswese), Daneel Smuts en prof Arnold Schoonwinkel.*



## NERINA VIER 40 JAAR-REÜNIE IN JAPANNESE STYL

*Deur Amelia-May Woudstra*

Nerina, een van die Universiteit Stellenbosch se voorste dameskoshuise, het in September haar 40ste bestaansjaar gevier. Sowat 400 oud- en huidige Nerinas het dié geleentheid bygewoon.

Die hoofborg van die reünie, Freeworld Coatings, moedermaatskappy van onder meer Plascon, Midas en Earthcote, het ook 'n verf, die Nerina Memoir, na die koshuis genoem.

Vrydagaand is met skemerkelkies en soesji voor die koshuis afgeskop, waarna 'n gesellige huisvergadering gehou is. Die manne van die bekende a cappella-sanggroep Adamsappel het die dames vermaak.

Saterdagoggend se teeparty is in swierige Japannese styl met sprekers uit die dekor- en koswêreld aangebied. Van die eregaste en sprekers was Sumien Brink, redakteur van die tydskrifte Visi, Taste en Plascon Colour; Johan de Villiers, samesteller van 'n boek oor verftegnieke; Lauren Shantall, kurator van Design Indaba Expo, en kunstenaar Tracy Lynch. Maranda Engelbrecht, kosredakteur van Taste, het vir heerlike happies gesorg wat met styl en passie voorgesit is.

Die naweek het ook 'n wyntoer en dinee ingesluit, en is met koek en tee by die Stellenbosch Moederkerk ná afloop van die Sondagoggend-kerkdiens afgesluit.

Met 40 jaar agter die blad, is Nerina in die fleur van haar lewe, en haar gewildheid ken geen einde nie.

# Minerva word 50!

*Oud-Minervianers van regoor die land, Namibië en selfs oor die water het in September 'n drie-dae lange verjaardagmakietie gehou ter ere van Minerva Dameskoshuis se 50-jarige bestaan. Een van die organiseerders, Lise-Marie Greeff-Villet, vertel meer.*

Daar was ongekende vreugde toe vriende en kamermaats mekaar na dekades voor die bekende houtdeure van hul studentetuiste omhels en stories van troues, kinders, kleinkinders en die draaie en kronkels van elkeen se lewenspad tot laatnag gedeel het.

Saterdagoggend vroeg is die vroue getrakteer op 'n egte koshuis-ontbyt met skons en vetkoek – met kaas en stroop natuurlik! – voordat hulle op 'n nostalgiese wandeling deur die strate van hul alma mater begelei is. Hier kon ieder en elk nog 'n gebou, straat of kampushoekie vind wat warme herinneringe van daardie "goeie ou dae" in die hart oproep.

Die tema vir Saterdagaand was die letter M – en die kreatiwiteit was oorvloedig met enigiets van 'n Mielie, "Meisie Lekke", 'n Mosselbaaier, Meksikaan, Mengel en Moes, tot "Mary" Christmas en selfs Mr Bean wat vir die hennedinee opgedaag het. En later op die dansbaan het Minervianers van elke dekade – ja, van 1959 tot 2008 – sowaar saam op die maat van Elvis se musiek ge"boogie".

Stiptelik om 22:00 is Huisvergadering aangekondig en moes huislede hulself in tradisionele Minerva-togas klee. Almal het 'n kers aangesteek as simbool van die vlam van studentejeug wat steeds in elkeen brand, en hul name is in die reünieboek verewig voordat oorgegaan is na die ernstige saak van huismosies. Lewendige debat op die oop vloer is eers twee uur later ferm deur die vergaderingsvoorsitter gesluit.

Sondagoggend is Huiskerk gevolg deur 'n heerlike laat ontbyt, en die eetsaal was 'n miernes van bedrywighede toe kontakbesonderhede uitgeruil, laaste foto's geneem, en warm omhelsings van "tot weersiens" gedeel is.

Besoek die Minerva-webwerf (klik op OMB-webwerf) vir meer inligting (www.sun.ac.za/minerva).



*By Dalene Gaybba, Oud-Minerva Bond Voorsitter (tweede van links) is Rosie Schoeman, Johanna Durand, Petro Bezuidenhout en Isebeau Balt wat almal in 1959 eerstejaars in Minerva was.*

# 1957-1961 Veldloopklub hou reünie

*In Maart vanjaar het 'n besondere reünie op Stellenbosch plaasgevind. Die US Veldwedloopklub se atlete van 1957-1961 het mekaar na dekades weer ontmoet. Die geleentheid is georganiseer deur mnre Eben Theron, Chris du Plessis en Danie van den Berg. Mnr Theron, kaptein van Veldwedloopklub tussen 1959-1961, vertel meer.*

'n Volle 21 atlete van daardie jare is opgespoor van wie ses nie die funksie kon bywoon nie. Die vyftien wie wel daar was, het oor die jare almal hul plek in die samelewing goed volgestaan.

Gedurende 1960 en 1961 het die klub elke kompetisie waaraan hulle en die WP deelgeneem het, gewen asook die inter-universitêre landloopbyeenkoms van 1961.

Ons krag het nie in getalle gelê nie, maar in toewyding en lojaliteit teenoor ons Alma Mater en veral teenoor ons medespanmaats – of ek no 1 of no 20 was, ek was 'n rat in ons masjien.

Atlete soos De Villiers Lamprecht (eerste SA atleet wat die myl onder 4 minute gehardloop het), Mike Walters en Wilf Thring het tot diep in die sestigerjare die Universiteit met onderskeiding verteenwoordig. Francois du Toit, Willa van der Merwe en Wilf Thring het as veteraan-atlete ook uitstekend gevaar.

Dr Alex Heyns, 'n oud-kaptein van die klub, was ons eregas by die reünie op Stellenbosch. Ons het stilgeword by die aflees van ons mede-atlete se name wat reeds oorlede is.



# SPOGJAAR vir matiessport

Maties het vanjaar weer uitstekend op die sportveld presteer. 76 Maties het as nasionale verteenwoordigers diens gedoen terwyl 'n volle 304 Maties op provinsiale vlak deelgeneem het. Verder was daar agtien deelnemers op Universiteitsport Suid-Afrika (USSA)-vlak. Hierbenewens het die US se sportlui ook uitmuntend op internasionale terrein presteer. Maties het vyftien verteenwoordigers by die Olimpiese Spele gehad wat insluit tien hokkiespelers (nege vroue en een man), een atleet, een driekamp-atleet, een swemmer. Twee afrigters, vir hokkie, het die ook die span vergesel. Vir die Paralimpiese Spele (sien artikel op bl 10) was daar sewe mans en drie vroue wat deelgeneem het, onder andere as verteenwoordigers van die Maties-Helderberg Klub vir Persone met Gestremdhede. Suzanne Ferreira, 'n afrigter van die Universiteit Stellenbosch Sport Prestasie-instituut (Suspi) het die span as afrigter van die naellopers vergesel.

Die **Maties-rugbyklub** het vanjaar ál die bekers en skilde vir die Westelike Provinsie-(WP-)ligas waarin 'n Maties-manspan gespeel het, verower, sowel as die toekenning vir die klub wat die meeste spelers vir WP-spanne opgelewer het. Dit was ook die twaalfde agtereenvolgende jaar wat die FNB Maties as die WP se klubkampioene aangewys is. Rugbygeesdrigtes word genooi om in 2009 te kom kyk hoe die Maties hul titel as kampioene van die FNB Varsity Cup, wat vir die eerste keer in 2008 plaasgevind, verdedig. Maties speel op die volgende datums in die Danie Cravenstadion, 9 Februarie teen die Universiteit van Johannesburg, 23 Februarie teen NWU-Pukke en 9 Maart teen NMMU. Steinhoff Majuba is vanjaar se wenners van die gesogte Sauer-trofee nadat hulle Simonsberg in die finaal 13-12 geklop het.

Die **Steinhoff Maties-hokkieklub** se eerste vrouespan het weereens die WP Groot Uitdaag-liga gewen. Die vroue het ook vir die derde agtereenvolgende jaar as wenners uit die USSA-byeenkoms getree, met die mans wat derde geëindig het.

**Maties Atletiek** se sterre het in die 2008-seisoen weer behoorlik geskitter. Robert Oosthuizen het 'n goue medalje in spiesgooi by die Suid-Afrikaanse Kampioenskapsbyeenkoms gewen, en Suid-Afrika by die Olimpiese Spele verteenwoordig. Janice Josephs het goue medaljes in verspring by die SA én Afrika Kampioenskapsbyeenkomste gewen. Die junior atleet Wilhelm van der Vyver het by die Junior Wêreldkampioenskapsbyeenkoms in Pole 'n silwer medalje in die 100 m-wedloop in 'n tyd van 10,42 sekondes ingepalm. Sy tyd in die semifinaal was 10,38 sekondes. Hy het Suid-Afrika ook gehelp om die brons medalje te wen en 'n nuwe nasionale rekord (39,70 sekondes) in die 4x100 m-aflos op te stel.

Maties se mans- en vroue**tennisspanne** het vanjaar die Universiteite Liga gewen sowel as die WP Gemengde Liga.

Die **pluimbalklub** wen vanjaar die Boland Superliga vir die 22ste keer uit die afgelope 23 jaar, die Boland Eersteliga vir die 19de keer in 'n ry en die Boland Eerste Mansliga vir die vierde keer die afgelope vyf jaar.

Die Universiteit Stellenbosch se eerste **netbalspan** het vir die tweede agtereenvolgende jaar Boland Netbal se superliga gewen, en met vyf Maties en hulle hoofafrigter, Mariana van Zyl, die Boland-netbalspan gehelp om die Suid-Afrikaanse kampioenskap te wen.

Maties se **mansbasketbalspan** het in Oktober die eerste keer in die geskiedenis die Wes-Kaap se Mans Eerste-afdeling gewen.

Die **Maties-fietsryklub** het in die 2008-seisoen bewys dat hulle taai genoeg is om in enige bergfietswedren mee te ding. Ervare fietsryers soos Johnny Kritzinger, Erik Kleinhans en Arno Viljoen het podiumplekke in verskeie wedrenne behaal, met jong Maties soos CM Muller, Christo Swartz en Chris Wolhuter wat gereeld onder die eerste vyf in verskeie nasionale bergfietswedrenne geëindig het.

Die US se span **gimnaste** het vanjaar by die jaarlikse USSA-kompetisie in KwaZulu-Natal skoonskip gemaak deur die wennerstrofee vir die vyfde agtereenvolgende jaar te verower, sowel as die trofee vir die beste vrouespan, die beste manspan, die beste spanitem en die victrix ludorum.

Soos gewoonlik het Maties se **judokas** hulle as waarskynlik die sterkste judoklub in Suid-Afrika bewys deur die USSA-kampioenskap vir die sewende agtereenvolgende jaar te wen. Hulle het ook drie van die vyf judokas waaruit die nasionale studentespan bestaan opgelewer, met Maties-afrigter Jan Olivier wat weer as afrigter aangewys is. Paul Young, 'n doktorale student aan die US, het Suid-Afrika vanjaar by twee toernooie verteenwoordig, naamlik die VII Afrika Senior Kursh-toernooi in Agadir, Morokko, waar hy 'n silwer medalje gewen het, en die V Internasionale Amir Temur Kurash-toernooi in Tashkent, Oesbekistan.

Die **Maties-roeiers** Donnie Malherbe (derde), Heinrich Schloms (vierde) en Ernest van Riet (agtste) was vanjaar deel van die span wat die gedugte Bergrivier-kanomarathon se spankompetisie gewen het. Heinrich en Ernest het ook tweede geëindig as die Suid-Afrikaanse K2-riviermarathonkampioene. Pierre-André Rabie, 'n o.21 roeier, eindig sewende in die Bergrivier en verower saam met 'n roeier van Kwazulu-Natal die SA o.21 titel by die USSA byeenkoms wat op die Visrivier gehou is.

Die **Paralimpiese atlete**, Ilse Hayes en Hilton Langenhoven is aangewys as vanjaar se Sportman en -vrou van die Jaar. Sien ook bladsy 10.












***Heel bo:*** *Johnny Kritzinger* *(Foto: www.oakpics.com)*


***Tweede van bo:*** *Majuba wen die Sauertrofee*

***Derde van bo:*** *Die seëvierende Maties Basketbalspan*

***Vierde van bo:*** *Me Jackie Wiese, Direkteur van die Sportburo, Hilton Langenhoven, Sportman van die Jaar, Ilse Hayes, Sportvrou van die Jaar en mnr Ernst van Dyk, gasspreker tydens die jaarlikse Sportprestasie-aand*

***Heel links:*** *Die Matie driekamp-atleet, Mari Rabie, was deel van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Span.* *(Foto: Hennie Rudman, SSFD)*

# in memoriam



**Mnr WJ (Limpie) Basson** van Stellenbosch (78). Verwerf die graad BA (1957). Is 'n veteraan radio-omroeper, rolprent-en verhoogakteur en kunstenaar. Woon dertig jaar in Tamboerskloof en word in 1997 weer 'n Stellenbosser. Was beskryf as 'n waardevolle toevoeging tot 'n teaterproduksie en het self al sy hand gewaag aan stelontwerp. Was 'n goeie klavierspeler en komponeer liedjies. Ook 'n ervare radioman en bekend vir sy werk in radioteater, oorklanking vir die Afrikaanse en Engelse diens en kommersiële radiostasies. Hy speel in talle rolprente en word ook bekend vir sy televisie-rolle in onder meer Arende, Konings en Manakwalanners.

**Mnr LB (Leslie) Bergstedt** van Stellenbosch (67). Verwerf die graad BA (1990). Oud-onderwyser van die Hoërskool Lückhoff.

**Mnr BA Beukes** van Riversdal (79). Verwerf die graad BSc in Landbou (1954).

**Dr HHC (Herman) Borchardt** van Springbok (62). Verwerf die graad MB ChB (1979).

**Dr JJP (Jerry) Bosman** van Kokstad (59). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die grade BSc (1973) en MB ChB (1977).

**Mev CL (Louina) Botha (née Meyer)** van Adelaide (53). Oud-inwoner van Nerina. Verwerf die graad HOD (1976).

**Mnr JC (Jon) Breetzke** van Oos-Londen (45). Verwerf die grade BSc (1991).

**Mev S (Susanne) Briedenhann (née Kempen)** van Stellenbosch (59). Verwerf die grade BA (1970) en SOD (1971). Oud-onderwyser van Hoërskool Bloemhof.

**Mnr AA (Abraham) Brink** van Kent-on-Sea (62). Oud-inwoner van Eendrag. Verwerf die graad BA (1968). As professionele Diplomaat verbonde aan die Departement Buitelandse Sake, het hy vanaf 1971-1998 Suid Afrika verteenwoordig in Munchen, Ottawa, New York, Bern, Bonn, Harare en Madagaskar - die laaste vier jaar as Ambassadeur. Op sportgebied het hy vir die Victoriane as heelagter gespeel tot 1967.

**Mnr ABJ (Albert) Brink** van Strand (87). Verwerf die graad BA (MW) (1944).

**Mev EM (Elizabeth) Broers (née Beukes)** van Randburg (54). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die grade BA (1975), HonsBA (1976) en HOD (1977).

**Mnr SH (Schalk) Burger** van Montagu (74). Verwerf die graad BComm (1956).

**Mnr SC (Steve) Carstens** van Capital Park (87). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc (1942), MSc (1944) en SOD (1947).

**Mnr CE (Ernest) Chapman** van Pretoria-Wes (47). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die graad BIng (1984).

**Mnr RAM (Ryk) Cloete** van Newcastle (55). Oud-inwoner van Eendrag. Verwerf die graad BIng (1977).

**Mev EM (Elizabeth) Conradie (née Loubser)** van die Strand (91). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die graad BA (MW) (1936).

**Dr CPR (Carel) Cronje** van George (78). Verwerf die graad MB ChB (1961).

**Mnr HJ (Hendrik) de Jager** van Heuwelsig (83). Was verbonde aan die Fakulteit Ingenieurswese.

**Mev EMC (Elma) de Jong (née Gerdener)** van Lynnwoodrif (83). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die graad BEdPh (1946).

**Mnr JH (Hannes) de Jongh** van Stellenbosch (63). Verwerf die grade BSc in Landbou (1967), Hons BScAgric (1970) en MScAgric (1972). Was as Bestuurder: Kommunikasie en Skakeling verbonde aan die Universiteit vanaf 1 Maart 1984 tot 31 Mei 2000 toe hy uit diens getree het. Hy was daarna as kontrakteur betrokke by die Stellenbosch Stigting tot met sy afsterwe vroeër vanjaar.



**Mev AB (Audrey) de Villiers (née Swart)** van Tuine (92). Verwerf die grade BA (1936), MA (1938), Ond Sert (1938) en SOD (Nagr) (1939). Audrey Blignault was 'n bekende Afrikaanse skrywer. Sy was die redakteur van *Die Huisvrou*, doen radiowerk vanaf 1946 met veral twee programme "Wat kan ek lees?" en "Boeke vir ons kinders" en was 'n rubriekskrywer vir *Sarie Marais* vanaf 1950. Sy verwerf die Eugéne Marais-prys in 1961 vir haar eerste boeke, die WA Hofmeyer-prys in 1965 vir "*Met ligter tred*" en ander prosa, die Italiaanse Adelaid Roistor-prys in 1980 vir haar waardevolle bydraes tot die kultuur, en die Staatspresidentstoekenning in 1982 vir uitmuntende diens. Sy word die eerste vrou om tot die bestuur van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verkies te word, in 1973, en word 'n erelid daarvan in 1994.Sy ontvang ook 'n eredoktorsgraad van die Universiteit Stellenbosch in 1991.



**Dr HM (Hennie) de Vos** van Stellenbosch (59). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BA (1969), HonsBA (1971), HonsBA (1979), MA (1993) en SOD (1973). Was senior lektor verbonde aan die Departement Sielkunde aan die US vanaf 1978 tot met sy afsterwe. Sal onthou word as 'n bekwame, toegewyde en lojale personeellid. Hy was ook 'n baie goeie rugbyspeler wat in sy dae uitgedraf het as vleuel vir die Maties en Westelike Provinsie. Hy was bekend vir sy vaart en vernuftige swenk waarmee hy talle opponente geklop het.

**Mnr JP (Jan) de Wit** van Somerset-Wes (84). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc (1944).

**Mnr W (Wessel) du Preez** van Himeville (69). Oud-inwoner van Helderberg. Was 39 jaar werksaam by die WNNR in Pretoria en in beheer van die Elektronika-afdeling van Padnavorsing waar instrumente ontwerp is wat gebruik word in navorsing oor padkonstruksie.

**Mnr W (Will) du Toit** van Ficksburg (84). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc (1945) en SOD (1947).

**Mnr WH (Walter) Ernst** van Sloane Park (78). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc (1951). Werksaam by De Beers Somerset-Wes vanaf 1952-1955. Daarna by Sasol, eers Sasolburg vanaf 1956-1977 en toe by die Hoofkantoor in Rosebank.

**Dr TE (Doors) Fonternel** van Bloemfontein (78). Verwerf die graad MMed (1962). Was 'n ortopediese chirurg in Bloemfontein.

**Mnr S (Sarinus) Fourie** van Stellenbosch (86). Verwerf die grade BSc in Landbou (1942) en MScAgric (1955).

**Mnr LM (Les) Francis** van Seepunt (83). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die graad BScBosB (1949).

**Mev MM (Mariana) Frick (née Brand)** van Rochester, VSA (65). Verwerf die grade BSc (1964), HonsBSc (1964) en MSc (1966).

**Lt JF (Johan) Grobbelaar** van Kroonstad (51). V erwerf die graad BMil (1980). Was 'n bevelvoerder in die weermag.

**Mnr J (Jan) Ham** van Somerset-Wes (64). Verwerf die grade BSc (1966), BEd (1970), MEd (1974) en LSOD (1966).

**Mnr DC (Nil) Hauptfleisch** van Stellenbosch (82). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1946) en MA (1953).

**Mnr DC (Daniel) Heese** van Somerset-Wes (84). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BComm (1944).

**Mnr JJ (Kobus) Hoffman** van Gansbaai (62). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die graad B.Sc BIng (1969).

**Prof LC (Lucas) Holtzhausen** van Nelspruit (68). Verwerf die graad MScAgric (1965).

**Mev CP (Cornelia) Human (née Van der Nest)** van Bredasdorp (69). Oud-inwoner van Huis ten Bosch. Verwerf die diploma DH (1960) en ODHN (1960).

**Mev AE (Aletta) Joubert** van Mosselbaai (87). Verwerf die diploma HPOD (1940) en LDIPL in BIBL (1977). Dien op die PSO Hoofbestuur, lid van Jan Pierewiet geselskap sedert totstandkoming. Lid van die Musiekvereniging van studentedae en ook later lid van die Stellenbosch Blaasorkes (klarinet) vanaf ontstaan en toer saam na Europa en Israel in 1982. Werksaam as bibliotekaresse by die Kweekskool vanaf Januarie 1979 tot Januarie 1988.

**Mnr AP (Alewyn) Joubert** van Heidelberg (76). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die graad BSc (1953).

**Prof E (Elize) Kotze (née Grundlingh)** van Saldanha (64). Verwerf die graad PhD (1998). Was vir 18 jaar aan die Departement Bedryfsielkunde (Mil), Fakulteit Krygskunde Saldanha verbonde.

**Ds JAJ (Jacobus) Kriek** van Saldanha (84). Oud-inwoner van Eendrag. Verwerf die graad BA (1946). Dien die gemeentes Melsetter (Zimbabwe), Ogies, Hopefield en as SANW-kapelaan op Saldanha.

**Mnr JC (Lampies) Lamprecht** van Namibië (66). Verwerf die diploma DOSK (1976).

**Mev FM (Frieda) Lategan (née Le Roux)** van Stellenbosch (48). Oud-inwoner van Monica. Personeellid van *Eikestadnuus*. Haar loopbaan sluit jare by Caxton in waar sy produksiebestuurder was. Het haarself in 2007 op Stellenbosch gevestig waar sy tot kort voor haar heengaan bladontwerper by *Eikestadsnuus* was.

**Mnr JCJ (Johannes) Laubscher** van Moorreesburg (91). Verwerf die diploma HPOD (1941) en DOSK (1949).

**Dr RD (Ruben) Levenstein** van Uitenhage (48). Verwerf die graad MB ChB (1987). Tydens sy studiejare het hy in vakansietye in die Cradock Hospitaal gewerk. Hy het sy hospitaaljaar by die hospitaal op Uitenhage voltooi en daarna sy praktyk daar geopen.

**Mnr C (Chris) Lombard** van Boesmanriviermond (89). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BA (1941) en SOD (1942).

**Mev EC (Betta) Lombard (née Strydom)** van Boesmanriviermond (87). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die graad BA (1943).



**Prof JG (Johan) Lourens** van Stellenbosch (52). Verwerf die grade Hons BIng (1978), MIng (1983) en PhD (1996). Was 'n geliefde kollega, oorlede in Holland terwyl hy met navorsingverlof was. Was hoof van die Seinverwerking en Telekommunikasiegroep in die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese. Hy was baie lief vir die buitelug en 'n kranige fietsryer en 4x4 entoesias. Hy het ook in die Stellenbosch Mannekoor gesing.

**Dr AL (Algernon) Loxton** van Somerset-Wes (84). Verwerf die graad MMed (1974).

**Prof HP (Herman) Malan** van Somerset-Wes (92). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc (1936), MSc (1937), DSc (1965), MEd (1939), DEd (1950) en SOD (1938).

**Mnr SP (Stephanus) Malherbe** van Montana Park (86). Verwerf die grade BSc (1942) en MSc (1944).

**Mev R (Renee) Malherbe (née Eybers)** van Voëlklip (63). Verwerf Diploma in Arbeidsterapie (1965).

**Dr AF (Andries) Marais** van Bloemfontein (56). Oud-inwoner van Helderberg.

**Mnr PL (Dolf) Mare** van Somerset-Wes (76). Oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf die grade LLB (1953) en BComm (1952).

**Mev H (Helena) Marincowitz (née Stemmet)** van Prins Albert (77). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die graad BScHuish (Voedsel) (1952). Was 'n bekende skrywer van vele boeke en artikels in Afrikaans en Engels. Sy het die grootste deel van haar lewe in Prins Albert en distrik deurgebring en was 'n geesdriftige navorser oor die kulturele lewe van Prins Albert en sy argitektoniese nalatenskap. Die groei en sukses van die Fransie Pienaar-museum is hoofsaaklik aan haar deelname te danke.

**Mnr D (Deon) Mocke** van Gonubie (56). Verwerf die grade BA (1974) HOD (1975).

**Prof AT (Andre) Moller** van Stellenbosch (64). Verwerf die grade BA (1965), HonsBA (1967), MA (1968) en DPhil (1972).

**Mnr CH (Christoffel) Moller** van Paarl (48). Oud-inwoner van Helderberg.

**Mnr PE (Pat) Montini** van Somerset-Wes (79). Studeer op Stellenbosch en speel elf wedstryde vir die Springbokke.

**Mev T (Tanya) Mouton** (née Colyn) van Lyttelton (36). Oud-inwoner van Heemstede. Verwerf die graad BArb (1995).



**Prof WL (Wynand) Mouton** van die Strand (79). Prof Mouton was professor in Kernfisika, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe en Viserektor van die Universiteit Stellenbosch. Hy was later Rektor van die Universiteit van die Vrystaat en voorsitter van die SAUK Raad. Hy het in 1987 die orde vir voortreflike diens van die staatspresident ontvang.

**Mev ML (Daleen) Mouton** (née du Toit) van die Strand (86). Mev Mouton was betrokke by die donsentevroue-vereniging van die Universiteit Stellenbosch. Eggenoot van prof Wynand Mouton.

**Mnr LM (Lieberman)** Mqala van Oos-Londen (64). Verwerf die grade BPhil (1999) MPhil (2003).

**Mnr JG (Jan) Muller** van Riviersonderend (61). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die graad BComm (1968). Na voltooiing van sy studies boer hy op hul familieplaas Soetemelksvlei, Riviersonderend.

**Mnr NB (Nol) Murray** van Rondebosch (76). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die graad MA (1958).

**Mnr NT (Neil) Norton** van Durbanville (49). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc (1983).

**Mej VK (Victoria) Petzer** van Fourways (28). Verwerf die graad BA (2002).

**Dr SW (Schalk) Pienaar** van Brandhof (90). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc in Landbou (1939).

**Dr HS (Derik) Pienaar** van Stellenbosch (62). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die grade BSc (1968), HonsBSc (1969), MSc (1971) en PhD (1977).

**Mnr S (Solomon) Press** van Yeoville (71). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die graad BA (1961).

**Mnr JH (John) Reynolds** van Grootbrakrivier (67). Verwerf die graad BScBIng (1965).

**Mnr D (Daniel) Rode** van Graaff-Reinet (65). Verwerf die graad BSc (1967).

**Dr TH (Tielman) Roos** van Hermanus (76). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1953), HonsBA (1958), MA (1960), DPhil (1967) en SOD (1954).

**Dr GG (Gabril) Rousseau** van Gouritsmond (69). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die grade BSc (1958), HonsBSc (1958) en MSc (1963). Hy het afgetree as bestuurder van die destydse Piesangraad.

**Mnr WB (Walter) Roux** van Plettenbergbaai (82). Verwerf die grade BSc (1946) en BSc Ing (1947). Het in Pretoria gepraktiseer en was ook Assistent-stads-ingenieur van Vanderbijlpark. Hy was ook 'n bekende op die verhoog as sanger.

**Mnr JJN (Jacobus) Sadie** van Koringberg (79). Verwerf die graad BSc (1950).

**Mnr WAT (William) Schulze** van Craddock (69). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BA (1960) en LLB (1961).

**Mnr MHD (Thinus) Smith** van Wellington (66). Verwerf die grade BEd (1986) en SOD (1967). Onderwyser vanaf 1976-1996 aan die Hugenote Hoërskool, Wellington.

**Mej D (Dalene) Strydom** van Nelspruit (37). Oud-inwoner van Irene. Verwerf die graad BPrimEd (1995).

**Mnr RB (Robert) Swanepoel** van Pietermaritzburg (77). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BA (1952).

**Prof AA (Adriaan) Theron** van Stellenbosch (79). Verwerf die grade BSc (1950) en MSc (1951).

**Mnr FE (Friedrich) Tworeck** van Namibië (82). Oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf die graad BScIng. (1951).

**Mnr JP (Hansa) Underhay** van Jongensfontein (60). Oud-inwoner van Eendrag. Verwerf die grade BSc (1970), BEd (1975) en SOD (1971).

**Mev AD (Anna) Uys (née de Kock)** van Stellenbosch (92). Verwerf die graad BA (1937).

**Mev ECDW (Elsie) van den Heever (née du Plessis)** van De Aar (86). Verwerf die graad BA (1943) en ODMS (1943). Aanvaar onderwyspos in De Aar in 1944 en trou in 1947 met 'n bekende boer en teler van Merino skape, mnr Toy Van den Heever.

**Mnr DH (Daniel) van der Merwe** van Port Elizabeth (71). Verwerf die Diploma ODLO (1967).

**Mev AM (Maretha) van der Merwe (née O'Neill)** van Winklespruit (60). Oud-inwoner van Huis ten Bosch en Minerva. Verwerf die grade BA (1968) en SOD (1969). Was bekende beroepsvoorligter in Natal.

**Prof PDR (Philippus) van Heerden** van Hermanus (78). Verwerf die grade MMed (1962) en MD (1968). Was oud-president van die Mediese Navorsingsraad (MNR) en hoogleraar aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van die US. Was 'n spesialis in sowel interne as kern-geneeskunde en het in die jare sestig die Departement Kerngeneeskunde aan US tot stand gebring. Hy is in 1969 na die Raad op Atoomkrag gesekondeer en het nege maande as raadgewer van die Iranse regering opgetree om kerngeneeskunde in Teheran te vestig. In 1970 is hy as hoofspesialis by die Tygerberg-hospitaal aangestel. Hy het as hoof van kerngeneeskunde gewerk totdat hy in 1979 as Visepresident van die MNR aangestel is. Op 1 Januarie 1989 neem hy die leisels oor as MNR president.

**Mev ES (Elsa) van Schalkwyk (née Poggenpoel)** van Strand (65). Oud-inwoner van Huis de Villiers en Minerva.

**Mnr DC (David) van Velden** van Stellenbosch (87).



**Mev T (Tanya) van Wyk (née Bester)** van Tableview (27). Verwerf die graad BCur (2002) NDVK (2004). In 1999 behaal sy haar graad in verpleegkunde en werk grotendeels vir Medi-Nurse by die Panorama se harteenheid.

**Adv JJM (Bacchus) van Zijl** van Kaapstad (65). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BA (1965) en LLB (1967).

**Mnr DJ (David) Venter** van Howick (78). Verwerf die graad BComm (1952).

**Mnr JG (Jacobus) Visser** van Witrivier (53). Verwerf die graad HOD (1979).

**Mev ST (Susanna) Vlok** van Randparkrif (96).



**Mnr AH (Andries) Wasserman** van Bethlehem (79). Verwerf die Diploma SOD (1956). Dirigent van die vroeëre Vrystaatse Jeugkoor en voormalige vakinspekteur in musiek aan die Vrystaatse Departement van Onderwys. Wassermann se koorloopbaan strek oor meer as 50 jaar. Hy het sy hele lewe aan koorwerk gewy as dirigent, liedverwerker en komponis en vertaler van liedtekste. Was orrelis in verskeie kerke en aktief op talle ander terreine in die musiekwêreld. Na sy teologiese opleiding (1952) was hy hulpprediker eers op Bethlehem en later op Graaff-Reinet. In die jare vyftig het hy 'n bloeitydperk vir koormusiek op Bethlehem begin wat wyd en positief sou uitkring na die res van Suid-Afrika.

**Ds HR (Harry) Witthuhn** van Strand (83). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BA (1946).


**Mev L (Linda) Zulch (née Erasmus)** van Namibië (51). Oud-inwoner van Sonop, Huis Serruria. Verwerf die graad BPrimEd (1979).

**NOTA: *Matieland* huldig graag oudstudente wat oorlede is, maar benodig volledige inligting. Dit sluit in volle name, noemnaam, van (en nooiensvan indien van toepassing), geboortedatum, datum waarop persoon oorlede is, grade behaal aan die US (of ander verbintenis, bv.ontvangers van eregrade wat nie hier studente was nie) en 'n kort beskrywing van die persoon se beroepslewe. Foto's is ook welkom, maar plasing hiervan hang af van die hoeveelheid spasie wat beskikbaar is.**

**Stuur asb die inligting na me Malena Fourie van die Alumni-kantoor by tel (021) 808 4843, faks (021) 808 3026 of per e-pos by alumni@sun.ac.za.**



*Ek bely dit. Ek is mal oor hardewarewinkels. Veral daardie lekker grotes met sy eie restaurant waar jy op 'n Saterdag aan 'n ordentlike plaasbrekfis kan smul. En dis maklik om 'n verskoning te kry om 'n draai daar te maak. Soos 'n pakkie skroewe vir 'n projekkie tuis. 'n Boer maak 'n mos 'n plan en vir daai planne is daar hardewarewinkels, of soos my broer sê, 'n hardebaardwinkel (jy moet lyk of jy die hout met jou baard kan skuur, reken hy, want dan word jy vinniger gehelp).*




# HARDEWAREWINKELS – 'n man se wêreld

Nee, ek is nie veel van 'n nutsman nie, maar vir my is daar iets wonderlik daaraan as die deure oopswaai en jy begroet word met elke denkbare stuk gereedskap, plank, skroef, houer, gadget, plant - en afslag - wat daar is. En mens kry daai reuk van olie, yster, verf, 'n lus vir Coke en Kenny G speel oor die luidsprekers.

In 'n hardewarewinkel droom jy oor alles wat jy sélf gaan bou of regmaak - 'n boomhuis vir die kinders, 'n vuilgoeddrommetjie wat met 'n swaaimeganisme uit een van die kombuiskaste draai en daai mobiele braai wat jy nou al maande lank in jou kop sit en beplan.

Ja, by hardewarewinkels kraai mans nog koning - behalwe wat betref die afdelings vir kampeer, teël, verf, badkamer, kombuis, plante, gordyne, beligting, tuinmeubels, handwerk en skoonmaakmiddels, maar verder is dit 'n man se wêreld.

Een van die groot voordele van die hardewarewinkel - in teenstelling met die *mall* - is dat niemand regtig omgee hoe jy lyk nie. Inteendeel, hoe vuiler jou klere, hoe groter is die respek. Want dan dink almal mos jy is 'n bobaas nutsman.

Ek bewonder die manne met die gholf-hemde, jeanskortbroeke, kort sokkies, *boots* en gewapen met 'n knipmes, selfoonsakkie en maatband (alles aan die belt geknip) wat by die hardewarewinkel instap en presies weet waar alles is. Dis die tipe ouens wat die winkelassistente op die voornaam ken en iets sal sê soos "jis jis ou Stevie, ek vat net gou vir my 'n Q20 en 'n pop-rivet, myne het gekalf." (By hardewarewinkels help dit nie om te vra vir 'n verstelmoersleutel, knyptang en industriële tipe silwer kleefband nie, dis 'n *shifting spanner*, *vice-grip* en *duct tape*.)

Maar as jy 'n naweek handyman soos ek is, en jou nutsmanplanne vrye teuels wil gee moet jy sorg dat jy die hele winkel dek. Van blou *overalls* aanpas tot 'n tuinskêr knip-knip, grein van 'n plank bevoel en die Oosterse Engels op 'n ingevoerde sekuriteitslig probeer ontsyfer. Hamers se gewig toets en 'n deurslot agt keer oop en toesluit.

Verf-afdelings is egter gevaarlik. Dis *oraait* as jy 'n blik vernis of *turps* moet koop, maar vir enige skakering buiten wit en swart soek jy moeilikheid om nie jou vrou by jou te hê as daar verf gekoop moet word nie. (My broer sê ek moet volgende keer kyk, mens kan die kleur wat die vrou kies sommer op die man se gesig sien - pofadder pers, rissie rooi, geilsiekskaap geel - om nie eers van die Engelse name te praat nie.)

En natuurlik daai magiese oomblik as jy jou hand neerlê op 'n nuwe stuk kraggereedskap en jy soos 'n cowboy met 'n nuwe *gun* voel. Jy sien sommer al hoe 'n stuk hout onder jou hand tot oorgawe gedwing word of takke van die buurman se guavaboom wat oor die heining mors, met een veeg van jou kragsaag vernietig word. Man en masjien in perfekte simbiose.

"Kan ek help, Meneer?" bring 'n winkelassistent jou terug aarde toe. "Uh, ek is eintlik hier vir 'n pakkie skroewe, maar ek toets net dié outjie," sê jy dan terwyl jy die kragsaag neersit en die kersversierings probeer terugsit.

Jy word begelei na die rakke met 'n paar duisend verskillende soorte skroewe. Hier is die groot geheim om te maak of jy eintlik alles van skroewe weet. (Amper soos wat mens moet maak of jy alles verstaan wat die *mechanic* sê fout is met jou kar net sodat hy nie dink hy kan jou om die bos lei nie.)

Terwyl jy nog wik en weeg oor watter tipe skroef jy moet vat, val jou oog dan op die rye en rye skroewedraaiers. Hier moet jy elke skroewedraaier vashou om te voel of dit 'n lekker stewige greep het. Maar dan, uit die hoek van jou oog sien jy dit - elektriese skroewedraaiers...

Nou's daar moeilikheid. En jy begin jouself oortuig dat dit eintlik 'n slim kopie is - jy gaan tyd en die velle op jou hand spaar met een van hierdie menere...

"My neef het nou die dag een van daais gekoop," sê die winkelassistent, "en hy's baie happy - soos 'n warm mes deur botter, Meneer."

Jip, jy stem saam. 'n Man kan nie sonder so 'n elektriese skroewedraaier nie. 'n Boor het jy klaar. Eintlik moet jy nou net maak dat jy by die *till* kom, maar nie voor jy een of ander kruieplantjie as soenoffer vir jou vrou gekoop het nie. Dalk help dit met die tuiskomslag. Want daar wag die moeilikste deel van hardewarewinkel toe gaan.

"My skat, ek het vir jou 'n plantjie gekoop en vir óns 'n stukkie gereedskap... Ja, natuurlik was dit noodsaaklik, jy sal dit ook kan gebruik... Die skroewe? O maggies, ek wou sê ek het iets vergeet!"

Tot volgende keer!

**Martin**

## Iets op die hart?

Skryf gerus aan my by media@sun.ac.za of by Die Redakteur: Matieland, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602. Die faksnommer is (021) 808 3800.

*Illustrasie: Robert Schultheiss (Out of the Blue)*